

DIE SOSIO-EKONOMIESE OPNAME AS INSTRUMENT VIR DIE
INISIËRING VAN 'N ONTWIKKELINGSPROSES IN 'N LANDELIKE
GEMEENSKAP MET SPESIFIEKE VERWYSING NA WARTBURG

deur

ANTHONIE MICHAEL MÜLLER ROSSOUW

Ingedien ter vervulling van die vereistes vir die graad
M. Soc. Sc. aan die Rhodes Universiteit.

Januarie 1992

Supervisor: Prof W.A. Mitchell.

INHOUD

| | Bladsy |
|--|-----------|
| LYS VAN INHOUD..... | (i) |
| LYS VAN TABELLE..... | (v) |
| LYS VAN DIAGRAMME EN GRAFIEKE..... | (ix) |
| DANKBETUIGINGS..... | (x) |
| UITTREKSEL..... | (xii) |
| ABSTRACT..... | (xvi) |
| | |
| A. INLEIDING EN TEORETIESE ONDERBOU..... | 1 |
| | |
| 1. Inleiding..... | 1 |
| 1.1 Die doel van die studie..... | 5 |
| 1.2 Metode van opname..... | 6 |
| 1.3 Prosedure..... | 8 |
| 1.4 Tegnieke..... | 9 |
| 1.5 Opname gebied..... | 9 |
| 1.6 Die Verslag..... | 10 |
| 1.7 Probleme ondervind tydens die ondersoek..... | 10 |
| | |
| 2. 'n Holistiese beskouing van ontwikkeling..... | 12 |
| 2.1 Die ekosistemiese perspektief..... | 13 |
| 2.2 Die algemene sisteme teorie..... | 19 |
| | |
| 3. Gemeenskapsontwikkeling as 'n proses om ontwikkeling in 'n gemeenskap te inisieer..... | 20 |
| 3.1 Elemente van gemeenskapsontwikkeling..... | 23 |
| 3.2 Velde van gemeenskapsontwikkeling..... | 25 |
| 3.3 Toepassing van gemeenskapsontwikkeling in die praktyk..... | 25 |
| 3.4 Insameling van inligting in gemeenskapsontwikkeling... | 29 |
| 3.5 Gemeenskapsontwikkeling in die landelike opset..... | 40 |
| 3.6 Opvoeding as deel van ontwikkeling..... | 44 |
| | |
| 4. Die rol van maatskaplike werk in ontwikkeling..... | 47 |
| 4.1 Agtergrond..... | 47 |
| 4.2 Historiese oorsig..... | 48 |
| 4.3 Maatskaplikewerk praktyk..... | 54 |
| 4.4 Beginsels en waardes in maatskaplike werk..... | 62 |
| | |
| 5. Inhoud van 'n navorsingsontwerp vir die inisiering van ontwikkeling..... | 65 |

| | | |
|------|--|------------|
| 5.1 | "Basic human needs"..... | 66 |
| 5.2 | Bevolkingsontwikkeling..... | 70 |
| 6. | Gevolgtrekkings..... | 72 |
| | | |
| B. | EMPIRIESE DATA SOOS VERKRY DEUR DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS, BEGRIPPE EN AFLEIDINGS VANUIT AFDELING A..... | 75 |
| | | |
| 7. | Samestelling van die steekproewe..... | 75 |
| 8. | Biografiese inligting..... | 78 |
| 8.1 | Geslagsverdeling..... | 78 |
| 8.2 | Herkoms..... | 78 |
| 8.3 | Huistaal..... | 79 |
| 8.4 | Kerkverband..... | 79 |
| 8.5 | Huwelikstatus..... | 80 |
| 8.6 | Huwelikstipes..... | 81 |
| 8.7 | Lobola..... | 81 |
| 8.8 | Hoofde van huishoudings..... | 82 |
| 8.9 | Fertiliteitsyfer..... | 83 |
| 8.10 | Opvolging..... | 83 |
| 8.11 | Gesinsoriëntasie..... | 83 |
| 8.12 | Afhanklikheidslas..... | 84 |
| 8.13 | Geletterdheid..... | 84 |
| 9. | Opvoeding en skoling..... | 86 |
| 10. | Beroep en inkomste..... | 95 |
| 11. | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 99 |
| 11.1 | Geslagsverdeling..... | 99 |
| 11.2 | Kerkverband..... | 99 |
| 11.3 | Huwelike en huwelikstatus..... | 99 |
| 11.4 | Hoofde van huishoudings..... | 100 |
| 11.5 | Fertiliteitsyfer..... | 100 |
| 11.6 | Gesinsoriëntasie..... | 100 |
| 11.7 | Afhanklikheidslas..... | 100 |
| 12. | Behuising en kamerdigtheid..... | 101 |
| 12.1 | Behuising..... | 101 |
| 12.2 | Kamerdigtheid..... | 104 |
| 12.3 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 105 |
| 13. | Dienste aan huishoudings..... | 106 |
| 13.1 | Watervoorsiening..... | 106 |
| 13.2 | Brandstof en kragvoorsiening..... | 108 |
| 13.3 | Sanitasie en vullisverwydering..... | 110 |
| 13.4 | Persoonlike gesondheid en gesondheidsfasiliteite..... | 114 |

| | | |
|------|--|------------|
| 13.5 | Vervoer..... | 118 |
| 13.6 | Sport en ontspanning..... | 120 |
| 13.7 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 123 |
| 14. | Maatskaplike probleme..... | 125 |
| 14.1 | Maatskaplike probleme rakende kinders..... | 125 |
| 14.2 | Herhaalde voorkoms van siekte-toestande..... | 128 |
| 14.3 | Dieët wat deur die gemeenskap gevolg word..... | 131 |
| 14.4 | Gestremdheid in die gemeenskap..... | 135 |
| 14.5 | Huweliksprobleme..... | 136 |
| 14.6 | Gebruik en misbruik van alkohol..... | 137 |
| 14.7 | Werkloosheid..... | 140 |
| 14.8 | Bejaardheid..... | 142 |
| 14.9 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 144 |
| 15. | Boerdery-aktiwiteite..... | 147 |
| 15.1 | Inleiding..... | 147 |
| 15.2 | Data rakende vee / lewendehawe..... | 147 |
| 15.3 | Grondgebruik en akkerbou..... | 155 |
| 15.4 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 171 |
| 16. | Finansiering en spanderingspatrone..... | 173 |
| 16.1 | Finansiering..... | 173 |
| 16.2 | Spanderingspatrone..... | 174 |
| 16.3 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 178 |
| 17. | Gemeenskapsbetrokkenheid, leierskap en vlak van tevredenheid..... | 179 |
| 17.1 | Gemeenskapsbetrokkenheid..... | 179 |
| 17.2 | Leierskap..... | 182 |
| 17.3 | Vlak van tevredenheid..... | 183 |
| 17.4 | Samevatting en gevolgtrekkings..... | 183 |
| 18. | Behoeftebepaling..... | 185 |
| 19. | Samevatting van gevolgtrekkings uit die empiriese data..... | 188 |
| C. | GEVOLGTREKKINGS AANGAANDE DIE SOSIO-EKONOMIESE OPNAME AS INSTRUMENT VIR DIE INISIËRING VAN ONTWIKKELING IN 'N GEMEENSKAP..... | 191 |
| 20. | Gevolgtrekkings..... | 191 |
| 20.1 | Die data-basis..... | 191 |
| 20.2 | Die sosio-ekonomiese opname..... | 192 |
| 20.3 | Die rol van die maatskaplikewerk professie..... | 193 |
| 20.4 | Algemene gevolgtrekkings..... | 195 |

| | |
|--|-----|
| LITERALTUURLYS..... | 197 |
| AANHEGSEL A: VRAELYS 1..... | 203 |
| AANHEGSEL B: VRAELYS 2..... | 236 |
| AANHEGSEL C: LIGGING VAN STUDIEGEBIED BINNE DIE GROTER STUTTERHEIM-AREA VERBAND..... | 265 |
| AANHEGSEL D: UITLEG VAN STUDIE GEBIED..... | 267 |

LYS VAN TABELLE

| | | Bladsy |
|----------|--|--------|
| TABEL 1 | Geslagsverspreiding van respondente | 78 |
| TABEL 2 | Kerkverband | 80 |
| TABEL 3 | Huwelikstatus van respondente | 80 |
| TABEL 4 | Huwelikstipes | 81 |
| TABEL 5 | Toepassing van lobola | 82 |
| TABEL 6 | Hoofde van huishoudings | 82 |
| TABEL 7 | Opvolging van hoofde van huishoudings | 83 |
| TABEL 8 | Orientasie t.o.v. gesinsverband | 84 |
| TABEL 9 | Afhanklikheidslas | 84 |
| TABEL 10 | Vlak van skoling van skoolgaande kinders | 86 |
| TABEL 11 | Evaluasie van die plaaslike skool | 87 |
| TABEL 12 | Probleme t.o.v. die plaaslike skool | 87 |
| TABEL 13 | Wyses waarop plaaslike skoolfasiliteite verbeter kan word | 88 |
| TABEL 14 | Aantal kinders wat skole buite Wartburg bywoon | 88 |
| TABEL 15 | Plekke waar skole anders as plaaslike bygewoon word | 90 |
| TABEL 16 | Beskikbaarheid van hostelle vir skoliere | 90 |
| TABEL 17 | Redes waarom kinders skole buite Wartburg bywoon | 91 |
| TABEL 18 | Vervoer na skole buite Wartburg | 91 |
| TABEL 19 | Probleme t.o.v. skole buite Wartburg | 92 |
| TABEL 20 | Kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie | 93 |
| TABEL 21 | Redes waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie | 93 |
| TABEL 22 | Indiensplasing: Werkstatus van diegene wat 'n inkomste genereer | 95 |
| TABEL 23 | Soorte eie-ondernemings | 97 |
| TABEL 24 | Inkomste p/maand gegenerer | 97 |
| TABEL 25 | Materiaal waarvan huise gebou is | 101 |
| TABEL 26 | Tipe huise | 101 |
| TABEL 27 | Aantal vertrekke per huis | 102 |
| TABEL 28 | Aantal slaapvertrekke | 102 |
| TABEL 29 | Behoeftte om huise te verbeter | 103 |
| TABEL 30 | Soort verbeterings wat beoog word | 103 |
| TABEL 31 | Faktore wat huisverbetering beïnvloed | 104 |
| TABEL 32 | Hoofbron van watervoorsiening | 106 |
| TABEL 33 | Wyses waarop watervoorsiening verbeter kan word | 108 |
| TABEL 34 | Hoofbron van krag | 109 |
| TABEL 35 | Probleme t.o.v. kragvoorsiening | 110 |
| TABEL 36 | Situasie t.o.v. toiletgeriewe | 111 |
| TABEL 37 | Wyses waarop sanitasie verbeter kan word | 112 |
| TABEL 38 | Vullisverwydering | 113 |
| TABEL 39 | Gesondheidsfasiliteite wat gebruik word | 114 |
| TABEL 40 | Afstand van huis en mobiele kliniek | 115 |
| TABEL 41 | Wyses waarop gesondheidsdienste verbeter | |

| | | |
|----------|--|-----|
| | kan word | 117 |
| TABEL 42 | Teenwoordigheid van tradisionele dokters | 117 |
| TABEL 43 | Redes waarom van tradisionele dokters gebruik gemaak is | 118 |
| TABEL 44 | Vervoer wat hoofsaaklik gebruik word | 119 |
| TABEL 45 | Opmerkings rakende vervoerprobleme | 120 |
| TABEL 46 | Sportfasiliteite in die gemeenskap | 121 |
| TABEL 47 | Betrokkenheid van gemeenskap by sport-aktiwiteite | 121 |
| TABEL 48 | Betrokkenheid van gemeenskap by sport-aktiwiteite | 122 |
| TABEL 49 | Toereikendheid van sportfasiliteite | 122 |
| TABEL 50 | Wyses waarop sportfasiliteite verbeter kan word | 123 |
| TABEL 51 | Kinders wat nie familie is nie, maar wel versorg word | 125 |
| TABEL 52 | Tienerswangerskappe | 126 |
| TABEL 53 | Tienerswangerskappe as probleem beskou | 126 |
| TABEL 54 | Skoolgaande kinders wat nie skool bywoon nie | 127 |
| TABEL 55 | Redes waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie | 127 |
| TABEL 56 | Afwykende gedrag onder kinders | 128 |
| TABEL 57 | Herhaalde voorkoms van siekte-toestande | 128 |
| TABEL 58 | Herhaalde siekte-toestande onder kinders, volwassenes en bejaardes | 129 |
| TABEL 59 | Herhaalde siekte-toestande onder kinders | 129 |
| TABEL 60 | Herhaalde siekte-toestande onder volwassenes | 130 |
| TABEL 61 | Herhaalde siekte-toestande onder bejaardes | 130 |
| TABEL 62 | Dieet t.o.v. ontbyt | 131 |
| TABEL 63 | Dieet t.o.v. middag-ete | 132 |
| TABEL 64 | Dieet t.o.v. aand-ete | 133 |
| TABEL 65 | Verkrygbaarheid van <u>vars</u> voedsel | 133 |
| TABEL 66 | Wyses waarop beskikbaarheid van vars voedsel verbeter kan word | 134 |
| TABEL 67 | Verkrygbaarheid van <u>genoeg</u> voedsel | 134 |
| TABEL 68 | Wyses waarop verkrygbaarheid van genoeg voedsel verbeter kan word | 135 |
| TABEL 69 | Gestremdheid in huishoudings | 136 |
| TABEL 70 | Huweliksprobleme in huishoudings | 136 |
| TABEL 71 | Wyses waarop huweliksprobleme hanteer word | 137 |
| TABEL 72 | Voorkoms van Alkoholgebruik | 137 |
| TABEL 73 | Gebruik van alkohol volgens geslag | 138 |
| TABEL 74 | Gebruik van alkohol volgens tipe drank | 139 |
| TABEL 75 | Gebruik van alkohol wat tot wrywing in verhoudings lei | 139 |
| TABEL 76 | Mate van alkoholgebruik waar hulp van buite nodig geag word | 140 |

| | | |
|-----------|---|-----|
| TABEL 77 | Voorkoms van werkloosheid | 141 |
| TABEL 78 | Wyses waarop voorkoms van werkloosheid verbeter kan word | 141 |
| TABEL 79 | Voorkoms van bejaardes | 142 |
| TABEL 80 | Aantal bejaardes in die gemeenskap | 142 |
| TABEL 81 | Aantal bejaardes in ontvangs van 'n pensioen | 143 |
| TABEL 82 | Plek waar bejaardes verkies om te woon | 144 |
| TABEL 83 | Aantal vee in besit | 147 |
| TABEL 84 | Handel in vee | 148 |
| TABEL 85 | Aantal vee wat geslag word | 149 |
| TABEL 86 | Redes waarvoor vee geslag word | 149 |
| TABEL 87 | Probleme t.o.v. vee | 150 |
| TABEL 88 | Funksies wat op vee toegepas word | 152 |
| TABEL 89 | Reproduksie van vee | 153 |
| TABEL 90 | Verliese van vee | 154 |
| TABEL 91 | Surplusproduksie van byprodukte | 155 |
| TABEL 92 | Hoeveelheid grond wat bewerk word | 156 |
| TABEL 93 | Huishoudings wat beskikbare grond as te min beskou | 157 |
| TABEL 94 | Omheining van akkerbou grond | 157 |
| TABEL 95 | Metode van omheining | 157 |
| TABEL 96 | Toestand van omheining | 158 |
| TABEL 97 | Ploeg van landerye | 158 |
| TABEL 98 | Braaklê van landerye | 159 |
| TABEL 99 | Metodes van besproeiing | 159 |
| TABEL 100 | Plantmetodes | 160 |
| TABEL 101 | Ploeg praktyke - ploegtyd | 160 |
| TABEL 102 | Ploeg praktyke - ploegdienste | 161 |
| TABEL 103 | Skoffelwerk | 162 |
| TABEL 104 | Besluitnemers t.o.v. bewerking van grond | 163 |
| TABEL 105 | Produktiwiteit t.o.v. grondverbouing | 164 |
| TABEL 106 | Aanwending van produkte uit grondverbouing | 164 |
| TABEL 107 | Inkomste gegeneer uit geproduseerde gewasse | 165 |
| TABEL 108 | Wyse waarop saad, kunsmis en bemesting bekom is | 166 |
| TABEL 109 | Besit en toegang tot plaasimplimente en toerusting | 167 |
| TABEL 110 | Probleme t.o.v. grondbewerking | 168 |
| TABEL 111 | Arbeid t.o.v. grondverbouing | 169 |
| TABEL 112 | Probleme t.o.v. arbeid | 170 |
| TABEL 113 | Bedrywighede tydens "rus"-tydperk | 170 |
| TABEL 114 | Bronne van finansiering | 173 |
| TABEL 115 | Wyses waarop probleme t.o.v. finansiering oorkom kan word | 174 |
| TABEL 116 | Besluitnemers t.o.v. finansiering | 175 |
| TABEL 117 | Gemiddelde spandering per item | 176 |
| TABEL 118 | Voorkeure t.o.v. plek waarvan aangekoop word | 177 |
| TABEL 119 | Tevredenheidsvlak t.o.v. beskikbaarheid van winkels | 177 |

| | | |
|-----------|--|-----|
| TABEL 120 | Bywoning van funksies | 179 |
| TABEL 121 | Tipe funksies wat bygewoon word | 179 |
| TABEL 122 | Vlak van kommunikasie | 180 |
| TABEL 123 | Wyse waarop geskille hanteer word | 181 |
| TABEL 124 | Alternatiewe wyses waarop geskille hanteer word | 182 |
| TABEL 125 | Identifisering van leiers | 182 |
| TABEL 126 | Vlak van tevredenheid | 183 |

LYS VAN DIAGRAMME

| | Bladsy |
|---|--------|
| DIAGRAM 1 Plek van herkoms | 78 |
| DIAGRAM 2 Tevredenheidsvlak t.o.v. watervoorsiening | 107 |
| DIAGRAM 3 Probleme t.o.v. kragvoorsiening | 109 |
| DIAGRAM 4 Probleme t.o.v. sanitasie | 111 |
| DIAGRAM 5 Probleme t.o.v. vullisverwydering | 113 |
| DIAGRAM 6 Tevredenheidsvlak t.o.v. gesondheidsdienste | 116 |
| DIAGRAM 7 Probleme t.o.v. vervoer | 119 |

LYS VAN GRAFIEKE

| | |
|---|-----|
| GRAFIEK 1 Populasie verspreiding i.t.v. geslag en ouderdom | 77 |
| GRAFIEK 2 Geletterdheidsvlak | 85 |
| GRAFIEK 3 Aantal kinders wat skole buite Wartburg bywoon volgens std. en geslag | 89 |
| GRAFIEK 4 Soorte werk wat deur gemeeskapslede beklee word | 96 |
| GRAFIEK 5 Reëlmaat van gebruik van gesondheidsfasiliteite | 115 |
| GRAFIEK 6 Patroon van alkoholgebruik | 138 |
| GRAFIEK 7 Behoefte Peiling | 185 |

(x)

DANKBETUIGINGS

Sonder die welwillende samewerking van 'n groot aantal mense is 'n projek soos hierdie nie moontlik nie. Tog is dit nodig om my innige dank meer spesifiek aan die volgende betuig:

- (1) My supervisor, Prof. W.A. Mitchell, vir sy ondersteuning deurentyd, waardevolle bydraes en advies.
- (2) My vrou, Erna, vir haar liefde en ondersteuning en onfeilbare geloof en vertroue in my.
- (3) Die gemeenskap van Wartburg wat my toegelaat het om hierdie studie te onderneem.
- (4) Die personeel van D.O.H. wat saam met my glo in mensgerigte ontwikkeling en my ondersteun het in my soeke na 'n werkbare, effektiewe benadering. Ek meld graag spesifiek hier Mev. Mentz, Mev. Geringer en Mnr. D. van der Merwe.
- (5) Annette en Tania vir hul bydraes in die veeleisende take van tikwerk, opstel van tabelle en tegniese versorging.
- (6) Sandra vir die taalverwerking.

(xi)

- (7) Sarah Radloff vir al die rekenaar verwerkings en die noukeurige verwerking van die data.

Ek het alles te danke aan my Skepper waarsonder niks moontlik sou wees nie, en wat my hele lewe rig.

UITTREKSEL

Die doel van hierdie studie

Die vraagstuk rondom armoede, veral in landelike S.A., het tot die vrae en hipoteses wat in hierdie studie ondersoek is, aanleiding gegee. Verarmde gemeenskappe met die gepaardgaande lyding, die immobiliserende effek van armoede en die huidige klimaat van dringende veranderinge in S.A. is ook in Wartburg (studie gebied) opgemerk.

Die probleem was om ontwikkeling teweeg te bring waar mislukking en dus vermorsing van reeds skaars bronne sovermoontlik vermy kan word. Die wyse waarop ontwikkeling dus inisieer word en wat as gewensde ontwikkeling beskou word, moet derhalwe selfonderhoudende ontwikkeling in die langtermyn tot gevolg hê. Dit het dus duidelik geword dat 'n volledige data-basis die grondslag daar kan stel vir die inisiëring van so 'n ontwikkelingsproses.

In hierdie studie is dus ten doel gestel om die rol wat navorsing in die proses van ontwikkeling speel, te ondersoek.

Metode

Die studie kan in twee hoof dele verdeel word, nl. 'n ondersoek na die teoretiese onderbou vir die bereiking van 'n selfonderhoudende proses van ontwikkeling en hoe navorsing in so 'n proses daaruit sal sien en tweedens, die

toepassing van so 'n teoretiese onderbou wat die empiriese gedeelte van hierdie verslag vorm.

Die eerste gedeelte is voltooi deur 'n literatuurstudie te onderneem. As gevolg van die vereiste van selfonderhoudende ontwikkeling het die literatuurstudie al hoe meer die ondersoeker gerig op die Holistiese perspektief, Gemeenskapsontwikkeling en die huidige stand ("state of the art") van Maatskaplikewerk praktyk.

Die tweede deel van hierdie studie is gedoen deur empiriese navorsing. Die vraelys metode is gebruik waar gestruktureerde onderhoude deur behoorlik opgeleide veldwerkers (van dieselfde kulturele agtergrond as dië van die gemeenskap) gevoer is. Die data is deur middel van die B.M.D.P.-program verwerk en in Afdeling B van hierdie verslag uiteengesit.

Vanuit Afdelings A en B van hierdie verslag is gevolgtrekkings gemaak aangaande die ontwikkelingsproses, die rol wat navorsing daarin speel en die taak van die Maatskaplike professie in hierdie verband.

Bevindinge

Vanuit die teorie het dit geblyk dat Maatskaplikewerk praktyk tans ("state of the art") wel 'n holistiese perspektief onderskryf en dat gemeenskapspraktyk en

-ontwikkeling 'n belangrike deel daarvan uitmaak. Dit blyk dat 'n eenvormige benadering vir Maatskaplike werk al hoe meer 'n moontlikheid word in die nastreef van 'n holistiese perspektief en deur die belang van gemeenskapspraktyk meer te benadruk. Die geïntegreerde benadering tot Maatskaplikewerk praktyk blyk ook by hierdie beskouinge aansluiting te vind.

Die rol van navorsing is ewe belangrik vir Maatskaplikewerk praktyk as in gemeenskapsontwikkeling en behoort as 'n integrale deel van die Maatskaplikewerk proses/praktyk beskou te word.

Die empiriese gedeelte van hierdie studie is 'n duidelike voorbeeld van wat met 'n behoorlik beplande en uitgevoerde navorsingsprojek, as integrale deel van 'n ontwikkelingsproses, bereik kan word. Waardevolle gevolgtrekkings vir die praktyk is gemaak wat direk aangewend is om prioriteite vir ontwikkeling saam met die betrokke gemeenskap te identifiseer en projekte te beplan.

Gevolgtrekkings

Hierdie studie het enersyds getoon dat Maatskaplikewerk praktyk beslis 'n taak in die veld van gemeenskapsontwikkeling het. Die professie kan ook daartoe bydra dat ontwikkeling meer mensgesentreerd word en die belange van beide die mens en sy omgewing erken word.

Andersyds het hierdie studie ook duidelik getoon dat navorsing 'n integrale deel is van 'n ontwikkelingsproses, veral waar die doelstelling diè van 'n blywende, selfonderhoudende ontwikkelingsproses is.

Kortliks blyk dit dat die sosio-ekonomiese opname aan die eise voldoen, maar verfyning daarvan blyk nodig te wees sodat dit meer effektief en bruikbaar gemaak kan word as 'n instrument in die proses om ontwikkeling te inisieer, soos in die voorafgaande paragrawe bespreek is.

ABSTRACT

Aim of this study

The problem of poverty, especially in rural S.A., formed the basis for the questions and hypotheses posed in this study. Poverty stricken communities, with the accompanying suffering, the immobilizing effect of poverty and the present climate of urgent changes in S.A., were also apparent in Wartburg (study area).

The problem was to initiate development in such a way that the chances of failure and therefore the wasting of already scarce resources is minimized. The manner in which development is initiated and what are viewed as desirable elements of development should culminate into achieving self-sustaining development in the long term. It became clear therefore that a complete data base needs to be established in order to initiate such a development process.

In this study the aim was to investigate the role which research plays in the process of development.

Method

This study can be divided into two sections, viz an investigation into the theoretical basis for achieving a self-sustaining process of development and how research

should be done within such a process. Secondly, the practical application of such a theoretical basis was tested and forms the empirical section of this study.

The first section was completed by undertaking a literature study. The conditions set for the development process guided the researcher increasingly to a holistic perspective, Community Development and the state of the art of Social Work Practice.

The second part of this study was done through empirical research. The questionnaire method was utilized where structured interviews were conducted by properly trained field workers who were of similar cultural background as the community involved in the survey. The data was processed by using the B.M.D.P. programme and recorded in Section B of this report.

From Section A and B of this report conclusions were drawn regarding the development process, the role research has in this process and the task of the Social Work Profession in this regard.

Findings

From the theory it seemed that the state of the art regarding Social Work Practice upholds a holistic perspective and views community practice and development

as an important function within this perspective. It seems that a unitary approach to Social Work is increasingly becoming a reality in the pursuit of a holistic perspective as well as by stressing the importance of community practice. The integrated approach to Social Work Practice seems to collaborate with these views.

The role of research is equally important to Social Work Practice as it is to Community Development and should be viewed as an integral part of the Social Work Process /Practice.

The empirical section of this study is a clear example of what can be achieved by a properly planned and executed research project which forms an integral part of a development process. Together with the community valuable data were drawn from the data base. These conclusions were directly employed to identify priorities and in planning specific projects.

Conclusions

This study concludes, firstly, that Social Work Practice has an obvious task in the field of community development. This profession can contribute to a large extent toward making development more human and to acknowledge the importance of both man and his environment when considering development.

The study also showed that research is an integral part of a development process, especially where the aim is that of a perpetuating, self-sustaining development process.

In short, it seems that the Socio-economic research meets the requirements set by the aforementioned development process, but that refining seems necessary in order to make it more effective and useful as an instrument for initiating such a process of development as discussed in the above paragraphs.

A. INLEIDING EN TEORETIESE ONDERBOU.

1. INLEIDING

As Maatskaplike werker kon die betrokkenheid rondom die vraagstuk aangaande ontwikkeling in verarmde gemeenskappe nie vermy word nie. Gestel voor die probleem om 'n ontwikkelingsproses in gemeenskappe te inisieer, het verskeie vrae ontstaan wat beantwoord moes word. Die aanvanklike vraag wat gevra is, is wat ontwikkeling behels. Volgens Natrass (1983: 1-2) is ontwikkeling 'n proses waarin 'n verskeidenheid faktore gekombineer is, waaronder die vermindering van armoede, toename in politieke deelname, verhoogde toegang tot ekonomiese bronne, vermindering van die oneweredige verdeling van rykdom, verbeterde menslike vermoëns deur opvoeding en gesondheidsorg, maatskaplike verandering en 'n verhoogde vryheid van keuse. Natrass benadruk dat ontwikkeling beslis nie die verandering van een faktor soos die ekonomiese, industrialisering, ens. behels nie.

Die vraag oor hoe hierdie faktore gesamentlik aangespreek moet word, het tot die volgende hipoteses gelei:

- (1) 'n Benadering waar alle faktore in 'n geheel saamgesnoer word, blyk die mees sinvolle uitgangspunt te bied.
- (2) Navorsing is 'n noodsaaklike proses om die toestand van hierdie faktore te meet, op so 'n wyse dat die gevolglike feite-kennis direk toepassing in die praktyk vind as integrale deel van die proses van ontwikkeling in 'n gegewe gemeenskap. 'n Rasionaal vir die noodsaaklikheid van navorsing in hierdie veld word internasionaal erken. Coetzee verwys o.m. na die behoefte aan navorsing op die

gebied van ontwikkelings - ekologie, 'n veld wat tot onlangs toe nog min aandag ontvang het in Suid- Afrika. Volgens hom is daar ongetwyfeld 'n dringende behoefte aan probleem - georiënteerde en praktiese navorsing in hierdie veld. Weens die, volgens Coetzee (1986: 413), kritieke toestand in landelike gebiede in Suid - Afrika, is dit van wesenlike belang dat enige navorsing wat op ontwikkeling in hierdie gebiede gemik is, soos wat met hierdie studie beoog is, van meet af aan die regte rigting inslaan.

"In terms of agricultural production, the situation in the African rural areas of South Africa today is little different to what it was in the 1920's. In terms of conservation of resources, the situation is much worse. There has been increasing concern in South Africa about the deteriorating environment in the African rural areas." (Coetzee, 1986: 412 - 413.)

Dit is daarom eerstens nodig geag om te bepaal hoe die professie van Maatskaplike werk by so 'n proses om ontwikkeling te inisieer, inskakel. Dit impliseer dat daar o.m. gelet moet word op die posisie van Maatskaplike werk binne die milieu van ontwikkeling en maatskaplike verandering. Aansluitend hierby is die vraag na die beginsels en metodes wat toegepas behoort te word om sukses te kan verseker. Aangesien dit verband hou met wat die gemeenskap se behoeftes en toekomsverwagtinge is, is 'n tweede kern vraag wat die gemeenskap, waar ontwikkeling geïnisieer word, se lewensomstandighede is. Die gedagte is dus dat die maatskaplike werk wat onder 'n spesifieke gemeenskap gedoen word, moet voldoen aan hulle werklike behoeftes. Ontwikkeling moet dus sentreer rondom die mens in sy omgewing. Jan

K. Coetzee (1986) druk dit soos volg uit:

"To say that development is for people is to acknowledge that the problem of development must relate to the people involved in it in all possible respects."

Die klem wat aanvanklik op 'n groei - benadering geplaas is, het verskuif na 'n klem op 'n mens - georiënteerde benadering. Hierdie verskuiwing het tot gevolg dat prioriteit verleen word aan die gedagte dat ontwikkeling vir mense is en dat ware ontwikkeling daarom die ontwikkeling van die mens as grondslag stel. Dit sluit in dat ontwikkeling deur die mense self moet geskied en beklemtoon dat alle mense in hul totale menswees ingesluit moet word.

Voortvloeiende hieruit is die vereiste om relevante data te bekom wat die ondersoek na gemeenskapsomstandighede op so 'n wyse sal beantwoord dat die gegewe data aangewend kan word om o.m. 'n ontwikkelingsproses te inisieer wat direk op die ter sake aspekte gerig is. Sodoende kan maksimum resultate in belang van die gemeenskap gelewer, word.

In sodanige insiëring van 'n ontwikkelingsproses moet die eiesoortigheid van die betrokke gemeenskap ook in gedagte gehou word. Gesien o.m. vanuit die data soos deur die empiriese ondersoek ingesamel is, kan die gemeenskap wat vir die doel van hierdie ondersoek betrek is, as derde wêrelds beskou word. Chau en Hodge (Taylor & Roberts, 1985: 396) wys daarop dat:

"...it has become clear that independence from colonial domination involves more than political independence, and that national progress requires more than

modernization and economic growth" (Sien ook Coetzee, 1986: 17-36)."

Take wat oorweeg word om die situasie van hierdie gemeenskap aan te spreek, sal waarskynlik daarop neerkom dat daar enersyds gekonsentreer sal word op die voorsiening van dienste en fasiliteite en andersyds gefokus sal word op die ontwikkeling van gemeenskapslede se vermoë om selfversorgend te kan wees (Taylor & Roberts, 1985: 400 - 401). Hierdie fokuspunte word deur Chau en Hodge (Taylor & Roberts, 1985: 401 - 410) as volg uitgebrei:

- (1) Ekonomies-georiënteerde fokus: versterking van ekonomiese welvarendheid.
- (2) Maatskaplike fokus: aanmoedig van maatskaplike verhoudinge en 'n sin van maatskaplike verantwoordelikheid.
- (3) Diens-georiënteerde fokus: verbetering van maatskaplike infra-struktuur en gemeenskapsfasiliteite.
- (4) Sosiale integrasie en stabiliteit-fokus: die klem val op die daarstel en versterking van kommunikasie kanale.

Hierdie aspekte dui op gemeenskapspraktyk as metode wat op die gemeenskap in sy geheel (insluitende al die bestaande sisteme) gerig is. Chau en Hodge (Taylor en Roberts, 1985: 419) vat die huidige status van gemeenskaps - praktyk in die derde wêreld situasie as volg saam:

"Community practice in developing countries has now come to a point where it can and should stop emulating the basic models of practice rooted in a political philosophy of participatory democracy that is only an illusory image in the third world. Although the approach(or approaches) being used in third world countries may bear resemblance to aspects of the models of practicethe approaches are

more a product of the realities of the situation than a conscious theoretical eclecticism."

Synde verskeie professies en dissiplines by ontwikkeling in gemeenskappe betrokke is, sal die maatskaplikewerk professie hom by sy veld moet hou nl. menslike ontwikkeling in die breë sin van die woord. Om moontlike eensydigheid te vermy, blyk spanbenadering tot ontwikkeling derhalwe die ideaal te wees. Dit is daarom vir die maatskaplike werker nodig om sy rol binne hierdie span te identifiseer. Hy sou waarskynlik o.m. opvoedingsaspekte, daarstelling van welsyn infrastruktuur, organisering van die gemeenskap (i.t.v., bv. belangegroepe) en die lewering van terapeutiese dienste insluit. Hierdie benadering wat op die sosio-ekonomiese aspekte van 'n gemeenskap staan is aanvullend tot die bydraes van ander dissiplines waar dit meer om omgewings-beplanning en -bewaring, ruimtelike beplanning, ingenieursdienste, ens., gaan. Die bydrae van die maatskaplike werk tot die ontwikkelingsproses behoort dus in al sy fasette mensgesentreerd te wees. So kan 'n Sosio-ekonomiese ondersoek die basis vorm om die huidige stand van 'n gemeenskap en hul behoeftes en om toekomsverwagtinge te bepaal. Hierdie data behoort dan as basis te dien waarop besluite, d.m.v. gemeenskapsbetrokkenheid t.o.v. strategie en die ontwikkelings-proses, behoort te berus.

1.1 Die doel van die studie.

Om die voorafgaande beredenering te ondersoek is hierdie studie in twee fases gedoen. Die eerste is 'n sosio-ekonomiese opname

wat deel uitmaak van 'n proses van kontakmaking, data insameling, identifikasie en beplanning van projekte, die uitvoer van hierdie projekte en die evaluering daarvan. Tweedens, is literatuurstudie gedoen van vakliteratuur wat kommentaar lewer oor ontwikkeling i.t.v. die volgende: die huidige perspektiewe wat gehandhaaf word (d.w.s. "state of the art"), die plek en rol van maatskaplike werk in die sfeer van ontwikkeling en maatskaplike verandering; verskeie elemente, faktore en beginsels van ontwikkeling; en die proses van ontwikkeling. Hieruit is drie dinge bepaal nl., watter ver- eistes aan navorsing gestel word, watter rol navorsing daarom in die proses speel en derdens watter faktore as aanduiders van ontwikkeling beskou kan word.

Die kern van hierdie studie is dus 'n toets of die sosio- ekonomiese opname, as tegniek van navorsing, sò aangewend kan word, dat dit beantwoord aan die eise van die dag soos uit bogenoemde faktore blyk waarvan kennis geneem is.

1.2 Metode van opname.

'n Sosio-ekonomiese opname is 'n aanvaarde standaard metode waarmee 'n gemeenskapsprofiel, oftewel data basis opgeneem kan word. Die metode is wetenskaplik verantwoordbaar en is in diè sin alles omvattend deurdat soveel fasette van die gemeenskap geïnkorporeer kan word as wat nodig geag word.

Daar is van die vraelys metode gebruik gemaak. Om te verseker dat gestandaardiseerde, vergelykbare inligting ten opsigte van die omstandighede, werklike behoeftes en toekomsverwagtinge van gemeenskapslede verkry word, is besluit om van gestruktureerde onderhoudvoering gebruik te maak. Om te verhoed dat die vraelys te lywig en daarom onprakties sou raak, is twee vraelyste opgestel wat die hele spektrum dek. Die stel vrae is in twee groepe verdeel naamlik dië wat betrekking het op sosio-maatskaplike aspekte en dië wat betrekking het op sosio- ekonomiese aspekte. Beide vraelyste vervat die biografiese inligting, gemeenskapsbetrokkenheid en die prioritisering en bepaling van behoeftes. Die inligting wat bloot deur middel van die vraelyste bekom is, is by wyse van terugvoering na die gemeenskap geverifieer. Besprekings is op grond van die resultate gehou om sodoende die data uit te klaar en in perspektief te stel. Alle data word ook deur historiese agtergrond en observasies deur die ondersoeker aangevul, wat as gemeenskapswerker rekord van alle observasies, gewaarwordinge en gebeure moet hou. Hierdie terugrapportering na en uitklaring met die gemeenskap vorm deel van die totale proses van gemeenskapsontwikkeling (Mann, 1968.) (Verwys ook na Mouton en Marais (1985), en Webb en Hatry (1973).)

Om statistiese korrektheid te verseker is oorleg gepleeg met o.a. 'n statistikus en is daar o.a. ook na die teorie verwys. (Blalock, 1975). (Verwys ook na Nie, Norman et. al. (1975).)

Vanaf die kontakfase is die gemeenskap betrek, en weer tydens die navorser se identifisering van die behoefte aan 'n beter veld van kennis aangaande die gemeenskap self. Deur gemeenskapsvergaderings, die vorming en opleiding van belangegroepes en gesprekke met gemeenskapsleiers, is die gemeenskap as geheel voorberei op die loods van 'n navorsingsprojek tot so 'n mate dat die hele projek deur hulle as hul eie beskou is. Dit was dan ook inderdaad die bedoeling dat die navorsing nie regverdigbaar sou wees indien dit nie deur die gemeenskap as hul eie projek ervaar is nie.

1.3 Prosedure.

Nadat die punt bereik is waar die gemeenskap besluit het dat 'n navorsingsprojek nodig is vir hul pogings om ontwikkeling te inisieer, moes voortgegaan word om die navorsing te operasionaliseer.

Aangesien hulle die hoof akteurs betreffende meningsvorming binne die gemeenskap is, is daar besluit om die hoofde van huishoudings as die respondente vir die vraelyste te betrek. Hulle kon deur eggenotes en ander familieledes bygestaan word, aangesien laasgenoemde ook 'n invloed op meningsvorming uitoefen en dit tot meer volledige antwoorde/response bydra. 'n Gestratifiseerde ewegkansige steekproef ten einde 'n monster van 25% van die universum (d.i. hoofde van huishoudings) vir vraelyste 1 en 2 elk te kan trek, is gedoen. Gevolglik is 'n 50% steekproef ten opsigte van biografiese inligting, gemeenskapsbetrok-

kenheid en geprioritiseerde behoeftepeiling geneem. Ten einde groter koste - effektiwiteit in die hand te werk, sal daar vir derglike opnames in die toekoms 'n minimum verteenwoordigende persentasie vir 'n steekproef bereken word. Die inligting wat deur middel van die vraelys - metode bekom is, is volgens aanvaarde, standaard statistiese metodes verwerk en geanaliseer en in die vorm van 'n verslag aangebied. Sien in dië verband die tweede deel van hierdie dokument. (Sien ook Weisberg en Bowen (1977).)

1.4 Tegnieke.

Die insameling van die data is deur behoorlik opgeleide veldwerkers deur middel van onderhoudvoering gedoen. As gevolg van die feit dat die veldwerkers dieselfde kulturele agtergrond as die respondente deel kan 'n mens aanneem dat die data meer korrek en betroubaar behoort te wees as andersins (Weisberg en Bowen: 1977). Die verwerking van die data is deur middel van 'n rekenaar op die B.M.D.P.-program gedoen. 'n Analise is deur frekwensie distribusies en kruistabulasies gedoen. Die interpretasie van hierdie verwerkte data is met inagnome van vooraf kennis, observasies, historiese agtergrond, en uitklaring met gemeenskapslede gedoen.

1.5 Opname gebied.

Wartburg, 'n landelike gebied wat deur afstammeling van die Xhosas bewoon word, vorm die geografiese gebied waar die navorsing gedoen is. Alhoewel die gebied begrens is,

funksioneer dit as 'n dienssentrum vir die omliggende gebied en word in hierdie studie as sulks benader. Verskeie aksies is reeds as ontwikkelingsprojekte hier geloods, maar is hoofsaaklik deur die outoriteite geïnisieer, in die vorm van krisis-ingryping en projekte met minimum gemeenskapsbetrokkenheid. Nadat hierdie navorsingsprojek geloods is, het die ontwikkelingshulp-agente meer gemeenskapsontwikkelings - beginsels toegepas en is 'n groter mate van sukses waargeneem.

1.6 Die verslag.

Die verslag bestaan uit drie hoof dele nl.:

A. Die inleiding en teoretiese onderbou.

B. Die empiriese data van die ondersoek wat n.a.v. die teoretiese onderbou gedoen is.

C. Gevolgtrekkings rakende die sosio-ekonomiese opname se plek in die proses van die inisiëring van 'n ontwikkelingsproses.

In beide afdelings A en B word die inhoud in hoofstuk vorm aangebied en met 'n gevolgtrekking aan die einde van sodanige afdeling afgesluit.

1.7 Probleme ondervind tydens die ondersoek.

Die vernaamste probleem wat ondervind is, was die afbakening van die studie. As gevolg van die feit dat 'n geïntegreerde perspektief van die ontwikkelingsproses deurgaans gehandhaaf is, was dit moeilik om een aspek daarvan af te sonder - soos hier gepoog is ten opsigte van navorsing as deel van die ontwikkel-

ingsproses.

Hiermee gepaardgaande was die probleem wat deur die holistiese benadering geskep is nl. om ten alle tye alle perspektiewe in aanmerking te neem. Hiervoor blyk dit nodig te wees om tegnieke en vaardighede te ontwikkel wat 'n holistiese benadering meer werkbaar maak. Daar is ondervind dat daar op hierdie stadium slegs gestreef kon word na die handhawing van 'n holistiese benadering, maar dat dit in die praktyk nie ten volle bereik kon word nie.

2. 'n Holistiese beskouing van ontwikkeling.

Die data soos uit die empiriese navorsing bekom, het o.m. tot twee basiese afleidings aanleiding gegee nl. (i) dat die mens se aanwending van en impak op die fisiese omgewing van kernbelang is in oorweginge aangaande ontwikkeling en (ii) dat wisselwerking tussen die mens en sy omgewing en die skakeling tussen alle sisteme van 'n gemeenskap in sy volle bestaansrealiteit gereken moet word wanneer ontwikkeling/'n ontwikkelingsproses geïnisieer word. Hierdie afleidings het die navorser genoop om ondersoek in te stel na die verband wat dit met die vakliteratuur hou. Vir die doel van hierdie studie is 'n ondersoek na die verband van die ekologiese perspektief se verband met Gemeenskap Maatskaplike Werk as van belang beskou (Taylor en Roberts, 1985: 15 -16). Uit die literatuur blyk dit dat die komponente van 'n ekosistemiese perspektief nl. ekologie en die algemene sisteme teorie, direk by bogenoemde afleidings aansluit. Die toepassing van hierdie perspektiewe in die praktyk fokus die maatskaplike werker se aandag op die wyse waarop mens en omgewingskragte in interaksie met mekaar is. (Meyer, 1983: 35.) Greif en Lynch (Meyer: 1983) noem ook verder dat die ekosistemiese perspektief potensieel op beide makro-en mikro-vlak en binne die "generalist /specialist" arenas bruikbaar is.

Daar moet ook kennis geneem word van die kritiek teenoor die holistiese benadering. Vermeer vat die basiese kritiek saam deurdat hy 'n onderskeid maak tussen die holistiese benadering

en, wat hy noem, "piecemeal social engineering" - benadering. Die holistiese benadering is volgens hom onrealisties en onmoontlik. Hoe groter die aantal holistiese veranderlikes, hoe groter is die onbeplande en onverwagte reperkussies. Hierdie situasie dwing dan onverwagse beplanning af wat dan tot improvisasies (allerlei impulsiewe regstellings) en aanpassings lei. Vermeer meen die "piecemeal social engineering" - benadering is meer realisties aangesien kleiner haalbare projekte aangepak word en regstellings deurgaans maklik en haalbaar is. Hierdie siening herinner sterk aan 'n probeer en tref benadering wat nie vir die navorser aanvaarbaar voorkom nie.

Die navorser is van mening dat die holistiese benadering nie as 'n metode nie, maar eerder as 'n perspektief beskou moet word d.w.s., 'n manier waarop daar na 'n gegewe situasie gekyk word. Dit sou dan impliseer dat 'n holistiese prentjie van 'n situasie of gemeenskap gevorm word vanwaaruit daar dan sekere projekte en aksies geloods word. Die gevolg is dus dat die probleem nie die projekte is wat geïnisieer word nie, maar die inwin van data om 'n holistiese perspektief moontlik te maak. Laasgenoemde blyk 'n gekompliseerde taak te wees waarvoor spesiale instrumente en vaardighede ontwikkel moet word. (Vermeer, 1978.)

2.1 Die ekosistemiese perspektief.

Reeds vanaf die 1920's het die ekosistemiese perspektief vanuit die natuurwetenskappe uitgebrei na die interspel tussen mense

en hul omgewing. Later is hierdie metafoor op die maatskaplike-werk teorie toegepas. Meyer skryf een van die eerste pogings toe aan Germain. Germain en Gitterman (1987: 28 - 30) (Verwys ook na Meyer (1983) en Hopps en Pinderhughes (1987).) sê hieromtrent dat:

"The perspective is derived from ecological ideas about the complex relations between living organisms, in this case people, and their environments."

Coetzee (Development is for People, 1986: 412) sê in hierdie verband dat 'n ekologiese perspektief in 'n landelike opset aandag vestig op sulke faktore soos populasie druk, erosie, ontbosting, die effek wat lewendehawe op die omgewing het (en omgekeerd), landelike vestigingspatrone en grondbenutting. Die denkrigting dat ontwikkeling en natuurbewaring onlosmaakbaar verbind is en dieselfde onderliggende probleme deel (hoofsaaklik van 'n sosio-ekonomiese aard), blyk al hoe meer pos te vat.

(Verwys ook na die artikel in Encyclopedia of Social Work (1987: 488 - 496.)

Hierdie denkrigting is deur mense soos René Dubos in o.m. sy werke soos So Human an Animal en Beast or Angel verder uitgebou (Hearn, 1958). (Verwys ook na Lutz (1956).) Dit blyk dat in maatskaplike werk lank gekonsentreer is op ego funksionering, versterking van die rol wat die individu speel en pogings om gedragsmodifikasie teweeg te bring. Hierdie benaderings het wel bygedra tot begrip vir die persoon in die probleem situasie en gehelp met diagnose, maar kon nie die maatskaplike werker werklik in staat stel tot professionele optrede nie. (Germain

1979: 3.) 'n Nader beweging aan 'n holistiese oftewel ekosistemiese benadering het in die 1960-1970's plaasgevind in die vorm van milieu- en gesinsterapie. Beide hierdie perspektiewe het meer op aksie beginsels vir omgewing ingryping gelet. Gedurende hierdie tyd het 'n samesmelting van idees vanuit die "General systems" teorie in maatskaplike werk plaasgevind en het dit begin lei tot 'n holistiese beskouing waar die klem op moontlikhede in stede van sekerhede val. (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969.)

Die beskouing van 'n gegewe opset vind dus nie meer plaas in terme van eenvoudige liniêre oorsake nie, maar eerder in terme van patrone en verhoudings tussen entiteite (Germain, 1979: 6). 'n Belangrike siening in die ekosistemiese perspektief is dat dit hier om die groei, ontwikkeling en potensiaal van mense gaan, asook om die spesifieke eienskappe van hulle individuele omgewing wat hulle in staat stel of nie in staat stel om hierdie menslike potensiaal te realiseer. (Germain, 1979: 7 -8.) 'n Definisie vir maatskaplike werk soos op die Ekosistemiese perspektief gegrond, is soos volg deur Gordon (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969: 10) gestel:

".... the matching of people's coping patterns with the qualities of impinging environment for the purpose of producing growth inducing and environment ameliorating transactions."

Lathrop (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969: 58 - 59) (Sien ook

Germain en Gitterman (1980: 39.) met verwysing na o.m. die term "equifinality", wys daarop dat die spesifieke beginsels van maatskaplike werk nl. dië van selfbeskikking en deelnemende besluitneming, vereenselwigbaar is met 'n ekosistemiese perspektief. Die term, "equifinality", dui op die moontlikheid dat dieselfde uiteinde met verskillende aanvanklike omstandighede en op verskeie maniere bereik kan word. Hierdie selfde moontlikheid word deur selfbeskikking en deelnemende besluitneming geïmpliseer.

Die rol van die maatskaplike werker sou dus wees om die persoon-, groep-of organisasie sisteem te help om effektiewe keuses uit te oefen sonder dat hy die beginsels van selfbeskikking en deelnemende besluitneming inboet. Die werkswyse wat deur die gemeenskapsontwikkelingsproses voorgestel word, blyk dus aansluiting te vind by die beskouinge van 'n holistiese benadering tot die ontwikkelings- of Maatskaplikewerk proses.

Uit Hearn (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969: 67 -70) se samevatting vertoon die maatskaplike werk 'n duidelike tweeledige doel, nl. 1) om die toestand van die mens te verbeter en 2) om die mens se omgewing so te beïnvloed dat dit hierdie al hoe beter - wordende toestand van die mens, sowel as alle ander organismes, kan onderhou. (Verwys ook na Germain (1979: 17).)

Die maatskaplike werk poog om bogenoemde professie te bereik deur die mens in wisselwerking met sy omgewing te beskou, as bestaande uit sisteme in 'n holistiese eenheid. Maatskaplike werk word dus gesien as 'n aksie-intersisteem tussen die persoon-sisteem en die omgewing-sisteem. Die taak is om tussen funksionele en disfunksionele menslike organisasie te onderskei sodat die maatskaplike werker die vertrekpunte kan identifiseer van waaruit entropie uit die menslike sisteem te verwyder en aan die omgewing-sisteem oor te dra. (Siporin, 1975.)

Die begrip "entropie" word deur Hearn (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969: 65-66) omskryf en kan as volg opgesom word: Entropie = 'n beweging na disorde, gelykmatigheid, hoë waarskynlikheid, disorganisasie, gelykkansigheid en kontinuïteit; dit is 'n voortdurende eienskap en kan nie vernietig word nie. Groei en ontwikkeling d.w.s. dis=entropie = 'n beweging na orde, ongelykmatighede, lae waarskynlikheid, organisasie, voorafbepaalbaarheid, diskontinuïteit. Voorafgaande persepsies lei tot 'n strategie wat uit vier fases bestaan wat Hearn (The General Systems Approach: Contribution Toward A Holistic Conception of Social Work, 1969: 69- 70) as volg stel:

- "1. There is an oppositional phase, sometimes accompanied by aggressiveness.
2. Esprit de corps, based on the common opposition to the environment, follows as a second phase.
3. The third phase sees the energy, that had been invested in opposition, translated into constructive activities of the subject's own choice.
4. The fourth phase, which may be regarded as a new cycle, witnesses re nascent opposition, expressing itself in the need to destroy what has previously

been done so that something better can be constructed."

Hearn voeg by:

"In short, it is a process that utilizes opposition and dissatisfaction for constructive rather than destructive purposes."

In die huidige klimaat wat in S.A. heers, behoort daar erns gemaak te word met hierdie benadering tot gemeenskapsverandering. Die ekosistemiese perspektief blyk 'n persepsie te bied wat sommige aggressiewe sosiale gedrag help verklaar asook 'n wyse te wees waarop hierdie negatiewe gedrag op 'n positiewe wyse gekanaliseer kan word. In sy bespreking van die onderskeie aspekte waaruit die omgewing bestaan, verwys Germain (1979: 13-17) op die komplekse aard daarvan. Sover dit maatskaplike werkers aangaan behoort daar ten minste op fisiese en maatskaplike aspekte van die omgewing, en die onderlinge wisselwerking, gelet te word. Die fisiese omgewing verteenwoordig die natuurlike en geskepte wêreld. (Maluccio, 1981.) Die maatskaplike faset omvat die netwerk van menslike verhoudinge op verskeie vlakke van organisasie. Selfs taal en kommunikasie is 'n ekologiese veranderlike. (Germain, 1979: 2 67-268.) Alhoewel Balgopal en Vassil (1983) hul aandag hoofsaaklik op groepwerk in Maatskaplike werk vestig, sluit hul bespreking van 'n ekologiese perspektief direk en ondersteunend aan by die voorafgaande paragrawe van hierdie hoofstuk. Dit illustreer ook die feit dat die ekologiese perspektief sy merk wel deeglik gelaat het op die Maatskaplikewerk Professie. Dit blyk dat 'n eenvormige benadering in Maatskaplikewerk praktyk deur hierdie

perspektief bevorder word. (Balgopal en Vassil, 1983.)

2.2 Die algemene sisteme teorie.

Die belang wat die Algemene Sisteme Teorie vir 'n ekologiese persepsie het, word deur Greif en Lynch (Clinical Social Work in the Eco - Systems Perspective, 1983: 40-50) uiteengesit. Die kern blyk die beskouing te wees van sisteme as veelvuldige, interafhanklike, ekologiese veranderlikes in wisselwerking met mekaar; 'n wyse van dink (Compton en Galaway, 1984: 111); 'n analise te bied wat kennis van verskeie wetenskappe akkommodeer. Die implikasies van die toepassing van die Algemene Sisteme Teorie in Maatskaplike werk praktyk is verreikend. Dit bied 'n verklaring vir die dinamika van die interaksie tussen twee of meer organismes en bied 'n wetenskaplike perspektief op die verhouding en transaksies tussen veranderlikes op 'n individuele-, gesins-, gemeenskaps- en organisatoriese vlak. Hierdie benadering tot die praktyk open vir die maatskaplike werker die moontlikhede vir die aanwending van elke skool van denke se insigte en tegnieke, soos wat dit op 'n gegewe stadium nodig geag mag word.

Die kombinerings van die Algemene Sisteme Teorie en die Ekosistemiese perspektief bied aan die maatskaplike werker 'n groter kapasiteit vir begrip vir die maatskaplike omgewing waarin alle mense bestaan (Clinical Social Work in the Eco - Systems Perspective, 1983: 50-68).

3. **Gemeenskapsontwikkeling as 'n proses om ontwikkeling in 'n gemeenskap te inisieer**

Daar kan in werklikheid tussen ware en geïndusseerde, of te wel kunsmatige gemeenskaps-ontwikkeling, onderskei word. (Development is for People, 1986: 262-263, 269). Coetzee (Development is for People, 1986: 260) tref 'n onderskeid tussen drie vlakke van gemeenskapsontwikkeling nl. "sponsored self-help, serendipitous self-help and spontaneous self-help". Die sogenaamde spontane self-help kan as die ware vorm van gemeenskapsontwikkeling beskou word. Dit wil voorkom asof gemeenskaps-ontwikkeling as't ware 'n spontane proses is wat nie deur geïndusseerde faktore van buite teweeg gebring kan word nie. Die onsuksesvolle pogings wat in Afrika aangepak is, blyk hierdie standpunt te ondersteun. (Verwys ook na Natrass (1982: 8 -16).) Of gemeenskapsontwikkeling wel geïnisieer kan word en of dit 'n spontane gevolg van onbekende faktore is wat op die regte tyd inmekaar pas, is steeds onbeantwoorde vrae. Wat wel duidelik na vore kom, is dat deelname deur die gemeenskap, wat 'n kern begrip vir gemeenskapsontwikkeling is, 'n werklikheid word as die regte atmosfeer en raamwerk daarvoor geskep word. Hierdie deelname werk sodoende gemeenskapsontwikkeling in die hand. (Development is for People, 1986: 270-271). Daar moet dus enersyds gelet word op die faktore waaronder spontane gemeenskapsontwikkeling plaasvind en andersyds moet hierdie faktore as beginsels ingebou word waarop sodanige ontwikkelings-program se inisiëring gebasseer moet word. 'n Ander aspek wat deur o.a. Passmore (1971: 66-68) uitgelig word, is nl. dat

gemeenskapsontwikkeling geïntegreerd moet wees met 'n nasionale of streek ekonomiese en sosiale ontwikkelingsplan. Die ad hoc basis waarop dit voorheen gefunksioneer het, het nie genoegsame resultate gelewer nie. Dit moet meer ander aspekte as net landelike ontwikkeling insluit, nl. o.m. ontwikkeling van nuwe ekonomiese- en bestuursvaardighede by gemeenskapslede. Hierdie is dus 'n konsentrasie op proses (verandering in mense), teenoor taak (verandering rakende die materiële/fisiese omgewing).

Vir bogenoemde doel en aangesien daar heelwat verwarring rondom die term "Gemeenskapsontwikkeling" bestaan - vanweë die feit dat die term vrylik in 'n breë verband gebruik word - is dit nodig om duidelikheid te verkry oor die elemente waaruit dit bestaan. Omdat dit so internasionaal verteenwoordigend is, is die eerste standaard definisie vir gemeenskapsontwikkeling waarop gelet is dië van die Verenigde Volke:

"The term 'community development' has come into international usage to connote the process by which the efforts of the people themselves are united with those of governmental authorities to improve the economic, social and cultural conditions of communities, to integrate these communities into the life of the nation and to enable them to contribute fully to national progress.

This complex of processes is then made up of two essential elements: the participation of the people themselves in efforts to improve their level of living with as much reliance as possible on their own initiative, and the provision of technical and other services in ways which encourage initiative, self-help and mutual help and make these more effective. It is expressed in programmes designed to achieve a wide variety of specific improvements."

Die, sover moontlike, betrokkenheid van die gemeenskap kom as 'n kern aspek navore as een van die voorvereistes wat die sukses van 'n ontwikkelingsprogram verseker. (Passmore, 1971: 70- 69) (verwys ook na Jeppe (1985: 27-28), en Warren (1965).)

Duidelikheidshalwe word vervolgens van ook ander definisies kennis geneem:

Tydens die Ashridge konferensie in Brittanje is gemeenskapsontwikkeling soos volg gedefinieer:

"Community development is a movement designed to promote better living for the whole community with the active participation and, if possible, on the initiative of the community, but if this initiative is not forthcoming spontaneously, by the use of techniques for arousing and stimulating it in order to secure the active and enthusiastic response of the movement" (Du Sautoy, 1976: 122).

Prof. A. Dunham beskryf gemeenskapsontwikkeling weer sò:

"Community development seeks to work primarily through the enlistment and organization of self-help and co-operative effort on the part of the residents of the community, but usually with technical assistance from governmental or voluntary organizations" (Du Sautoy, 1976: 121-123).

Die belangrikste aspekte wat gemeenskapsontwikkeling van ander ontwikkeling onderskei blyk die feit te wees dat gemeenskapsontwikkeling op betrokkenheid van die gemeenskap gerig is. Die gemeenskap bepaal self hul doelstellings, en projekte is derhalwe direk op die gemeenskap se behoeftes gerig. (Batten, 1975: 49-65.) (Verwys ook na Biddle, W. en Biddle, L. (1966: 78) en Edwards en Jones (1976: 138 -139, 69-70) en Onibokun en Curry (1976).)

Biddle, W. en Biddle, L. (1966: 78) verwys na gemeenskapsontwik-

keling as:

"Basically, community development is a social process by which human beings can become more competent to live with and gain some control over local aspects of a frustrating and changing world." (Verwys ook na Lees en Smith (1975: 173).)

P.H. du Preez (1981: 86) definieer gemeenskapsontwikkeling soos volg:

"Gemeenskapsontwikkeling is 'n proses waardeur gemeenskappe gemotiveer word tot deelname aan en samewerking in die aktiwiteite van ontwikkelingsagente om die ekonomiese, maatskaplike en kulturele toestande van die gemeenskappe te verbeter en hulle in die volkslewe te integreer en in staat te stel om tot nasionale vooruitgang by te dra."

Die ideaal is dus dat gemeenskappe hulle self sal kan aanpas by veranderende omstandighede, maar vanweë sekere eise, soos o.m. tegniese vaardigheid en gevorderde kennis, blyk dit dat gemeenskappe op hulp van buite aangewese is. Die wyse waarop hierdie hulp verleen word, is egter van kardinale belang en moet op so 'n wyse geskied dat die gemeenskap soveel moontlik in beheer en self aktief betrokke bly. Die uiteindelijke doelwit is dat die gemeenskap so vroeg moontlik in hierdie proses van ontwikkeling op eie inisiatief projekte sal begin aanpak en afhandel.

Batten (1975) sê hieromtrent die volgende:

"One community development problem, then, is to find effective ways of stimulating, helping, and teaching people to adopt new methods and to learn new skills.....which are better than the people's traditional methods and skills because they can help them grow more food, have better health, and possess more material goods than they have previously enjoyed."

3.1 Elemente van gemeenskapsontwikkeling.

Prof. A. Dunham (Edwards en Jones, 1976: 149) dui die volgende vier elemente aan wat deel vorm van 'n gemeenskapsontwikkelings-

program:

- "(1) A planned programme with a focus on the total needs of the community.
- (2) The encouragement of self-help. This is the cornerstone of the whole programme.
- (3) Technical assistance from governmental or voluntary organizations. This may include personnel, equipment, supplies or money.
- (4) Integrating various specialities - such as agriculture, animal husbandry, public health, education, home economics, work with women, children and youth and so forth - for the help of the communities."

Du Sautoy (1976) vat dit saam deur te sê dat gemeenskapsontwikkeling slegs 'n deel is van die hele proses van die ontwikkeling van gemeenskappe. Hy skryf die volgende onderskeidende elemente daaraan toe:

- (1) Self help;
- (2) Aandag word gevestig op die behoeftes wat ervaar word;
- (3) Aandag word geskenk aan die sosiale, tradisionele en ander aspekte van die gemeenskap as geheel. (Verwys ook na Hough (1970).)

Hier behoort vermeld te word dat gemeenskapsontwikkeling nie die begin en einde van ontwikkeling vir die mens is nie (Warnich, 1973). So 'n eng benadering tot ontwikkeling is sonder groot welslae in verskeie dele van Afrika toegepas. Ander implikasies van gemeenskapsontwikkeling is o.m. dat owerhede die beginsel van deelname deur die gemeenskappe kan uitbuit of dat die owerhede 'n negatiewe houding daarteenoor mag inslaan. Die feit dat die gemeenskap ook direk betrokke behoort te wees by besluitneming, impliseer verder dat sentrale mag na die laagste moontlike vlak afgewentel word. Dit insigsself het weer politieke

implikasies en verg 'n suiwer demokratiese sisteem waarin alle gemeenskapslede deel moet hê. (Development is for People, 1986: 260.)

3.2 Velde van gemeenskapsontwikkeling.

Volgens du Sautoy (1976) bevind gemeenskapsontwikkeling hom gewoonlik in vier velde nl.:

- (1) Geletterdheid van volwassenes en basiese sosiale opvoeding;
- (2) Gespesialiseerde werk met vroue en kinders;
- (3) Self help konstruksie projekte;
- (4) Voorligting as opvoedingswerk in verskeie gebiede wat bydra tot nasie bou.

Du Sautoy (1976: 124 -125) meen ook:

"It may also concern itself with co-operatives and the stimulation of cottage industry."

Voorafgaande paragrawe lei tot die vraag oor hoe gemeenskapsontwikkeling in die praktyk toepassing vind.

3.3 Toepassing van gemeenskapsontwikkeling in die praktyk.

Du Sautoy (1976) se kommentaar aangaande die toepassing van gemeenskapsontwikkeling lui soos volg:

"The principles of community development are comparatively simple to understand; it is the application of those principles in practice which presents the most difficulty."

Gemeenskapsontwikkeling bied daarom nie 'n resep aan vir ontwikkeling nie, maar toon kern elemente, beginsels en eienskappe aan wat tot 'n proses van ontwikkeling aanleiding gee

waar alle aksie in belang van die mense is. (Swanepoel, 1989.) Die crux lê daarin om hierdie elemente, beginsels en eienskappe op so 'n wyse te kan inspan dat dit prakties werkbaar en effektief sal wees.

Aangesien daar reeds van sommige kern elemente kennis geneem is, is dit nodig om nou meer spesifiek na die rol van die werker en die beginsels wat daarmee verband hou te let.

Kotze en Swanepoel (1989: 47 - 48) (verwys ook na Edwards en Jones (1976: 225 - 229) sit die rol wat die werker speel soos volg uiteen:

- Katalisator: die werker werk deur 'n leiersfiguur; deur die werker se teenwoordigheid stimuleer hy die lede van die gemeenskap om deel te neem en betrokke te wees.
- Skakel: die werker dien as instaatsteller; die gemeenskap word gehelp om kontak met mense van buite die gemeenskap te bewerkstellig sodat hulp verkry kan word waar nodig om die sukses van 'n projek te verseker.
- Raadgewer: dit is soms nodig vir 'n gemeenskap om ekspert advies te bekom; die werker kan gewoonlik self advies gee, maar kan ook kenners raadpleeg wanneer dit nodig mag raak.
- Kollega: dit impliseer dat die werker skouer-aan-skouer saam met die gemeenskap werk en dat hy nie hul toesighouer of 'n verhewe posisie bo hulle beklee nie. (Sien ook De Villiers (1971: 223 - 228) en Barnard (1989: 139 - 163).)

Verder haal Kotze en Swanepoel (1989: 1-3) vir Blakely soos volg aan waar hy na die beginsels wat gevolglik toegepas word verwys:

- "1) It is value centered and normative. The culture of a community is part of the process of human social growth and must be addressed both in research and in action.
- 2) It is optimistic and humanistic. It accepts that people can find ways to solve their problems through collective efforts, and it subscribes to the belief that people's productive potential can be enhanced through the creation of more institutions.
- 3) It is anticipatory and oriented toward socio-economic goals. It aims at the design of socio-economic institutions that will close the gap between human aspirations and available resources.
- 4) It is concerned with the total human milieu. It intends to alter the total environment. All community conditions are taken into consideration in assessing the need and the strategy for change.
- 5) It stresses the use of intervention through group and collective efforts. Concerted action of people in collective settings is the principle strategy in all community development efforts.
- 6) It is aimed at participation in its broadest sense. It attempts to improve vehicles of participation and it adds methodologies to the participating process which enhances citizen input and decision making.
- 7) It views the community as a holistic integrated network or system. It sees the community as a social system, and therefore any movement or change in one part in the system as having ramifications in all its components.
- 8) It is concerned with the ongoing management of change. It accepts the fact that change in a community will take place regardless of whether it is initiated by experts from outside or not." (Verwys ook na Biddle, W. en Biddle, L. (1966: 80-82) en De Villiers (1971: 108 - 121).)

Gemeenskapsontwikkeling onderskryf volgens bogenoemde dus die filosofie dat plaaslike mense die reg en verantwoordelikheid het om self deur middel van hulle eie strukture oor hulle toekoms te besluit. Hieruit volg dat daar aanvaar word dat alle ontwikkeling wat teweeg gebring word eers die goedkeuring van die gemeenskap moet verkry.

Dit dien hier vermeld te word dat hierdie doelstellings nie verweselik kan word indien die gemeenskappe nie die mag gegee word om dit ten uittvoer te kan bring nie. Hiermee word bedoel dat die gemeenskappe volle beheer moet kan uitoefen oor hul omgewing, veral in terme van aspekte soos wetgewing, grondbesit, deelname aan plaaslike owerheid, ens. (Wilson en Ramphele, 1989.)

Op hierdie wyse, d.w.s. deur die gemeenskappe se eie inisiatief, self help en met maksimum deelname, kan blywende ontwikkeling plaasvind. Hierdie ontwikkeling neem dan ook die hele gemeenskap d.i. die mense en die omgewing in ag. Laastens veronderstel gemeenskapsontwikkeling dat hulp van buite beskikbaar sal wees. Batten (1976: 7 - 11) toon ook 'n aantal beginsels aan wat in 'n gemeenskaps- ontwikkelingsprogram toegepas behoort te word nl.:

- (1) dat 'n vriendelike vertrouensverhouding tussen die gemeenskap en die werker gevestig moet word;
- (2) dat daar ooreenstemming tussen die gemeenskap en die werker moet wees oor watter verandering moet plaasvind;
- (3) dat die werker die veiligheid van 'n voorgestelde projek moet kan demonstreer; en
- (4) dat die werker werklik geïnteresseerd moet wees om met die gemeenskap te werk.

In die praktyk het dit al gebeur dat ontwikkeling wat slegs op

een aspek van ontwikkeling konsentreer en nie 'n meer omvattende benadering volg nie, tot baie negatiewe gevolge aanleiding kan gee. Blote ekonomiese en materiële ontwikkeling wat nie die ander strukture in die gemeenskap in ag neem nie, kan lei tot die verval van die gemeenskap se tradisionele ankers en erkende wyses van gedrag. Sodoende begin die gemeenskap dan verbrokkel. Batten (1975: 6) sê hieroor:

"...and the community may begin to segment or disintegrate. The effects of this may show themselves in various ways: in an increase of crime, such as theft; in a weakening of family relationships; in resistance to traditional authority; in a growth of litigation; in a drift to the towns; in unwillingness to co-operate for the common good; and even in general bewilderment and apathy. ...to encourage material development is to tackle only a part of the community problem."

Die volgende faset van die inisiëring van 'n ontwikkelingsproses wat aangeraak moet word, is hoe om die beginsels van gemeenskapsontwikkeling in die praktyk toe te pas. Hier word spesifiek verwys na die voertuie in die gemeenskap waardeur die inisiëring van 'n ontwikkelingsproses in die praktyk realiseer kan word. Jeppe (1985: 38-40) verwys na sommige van die mees algemene velde nl. sport en ontspanning en kulturele aktiwiteite, gesondheidsprojekte en voeding, behuising en landelike ekonomiese ontwikkeling, asook die gebruik van belange groepe soos vroue groepe, en die jeug. (Sien ook Dunham (1963).)

3.4 Insameling van inligting in gemeenskapsontwikkeling.

Die doel van hierdie hoofstuk is nie om dit wat reeds gesê is m.b.t. data insameling te herskryf nie. 'n Poging is aangewend om hier van die kern aspekte te identifiseer wat van belang is

in 'n data insamelingsproses vir die inisiëring van ontwikkeling. Die doel van data-insameling is o.m. om 'n meer effektiewe praktyk in die hand te werk. Die kennisontploffing en die eis wat aan kennis gestel word om van praktiese waarde vir die gemeenskap te wees, impliseer dat navorsing nie sonder meer net gedoen kan word nie. (Havelock, 1969.) Dit beteken nie dat daar nie vir wetenskaplike navorsing plek is nie, maar eerder dat die objektiwiteit van wetenskaplike navorsing gekombineer moet word met die kuns van die praktyk en die onderliggende filosofie van menslikheid en sorg. Hierdie kombinasie sal die wetenskaplike praktisyn voortbring. Die aanvanklike opneem van data, nl. die data basis en die plek wat dit in die totale proses wat deur die maatskaplike werker inisieer word, is waarmee hierdie studie hom dan ook hoofsaaklik bemoei. (Bloom en Fischer, 1982: 16-19.)

Die sosiale wetenskappe het tradisioneel twee metodes van navorsing gevolg nl. kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die eise wat in Asië, Suid-Amerika en Afrika aan navorsers gestel is t.o.v. metodologie, het duidelik getoon dat die tradisionele modelle ontoereikend was. (Development is for People, 1986: 398-399) (Verwys ook na Jeppe (1985: 46).) Tydens die laaste dekade het 'n derde benadering tot navorsing ontwikkel waarna Reason en Rowan (Human Inquiry: A Source Book of New Paradigm Research, 1981) as die "new paradigm" verwys. Dit is 'n oorkoepelende term vir navorsingsmetodes soos aksie navorsing, kollaboratiewe ondersoeke, endogene navorsing,

eksperimentele navorsing, refleksiewe wetenskap en dialektiese navorsing (Development is for People, 1986: 387). Die basiese uitgangspunt is dat sosiale navorsing 'n proses van deelnemende betrokkenheid behoort te wees. Hiermee saam val die besef van sg. instaatstelling (empowerment) van die mense deurdat mag afgewentel word na en gedeel word met diegene waaroor en waarvoor nagevors word. (Development is for People, 1986: 388.) (Verwys ook na Wilson en Ramphele (1989).) Die uiteindelijke doel is om die proses van ontwikkeling te demokratiseer. Navorsing moet daarom tot die emansipasie van ontnemdes en onderontwikkeldes lei (Development is for People, 1986: 401-402). (Verwys ook na Jeppe (1985: 29-31).)

Volgens Batten (1975: 29 - 49) besef al hoe meer instansies wat by ontwikkeling betrokke is dat die gemeenskappe wat hul teiken is, deeglik bestudeer moet word. Die klem blyk dan ook al meer op die bestudering van gemeenskapswaardes en -gebruike, leierskap en maatskaplike strukture te val en nie hoofsaaklik meer op bronne en die omgewing nie. Hierdie insameling van inligting, indien dit versigtig en met sensitiwiteit gedoen word, bring die werker nader aan die mense onder wie daar nagevors word en stel die werker daartoe in staat om die mees toepaslike teikens vir projekte te identifiseer. Sodoende kan die inligting en geïdentifiseerde projekte op so 'n wyse aangebied word dat die mense dit waardeer en verstaan. Die optimum resultate word bereik wanneer die gemeenskap maksimaal betrokke is en voel dat hulle deel het aan die besluitneming oor

wat gedoen gaan word, hoe dit gedoen gaan word en self betrokke is by die werklike doen daarvan. (Batten, 1975: 29-49.)

Ander faktore wat die sukses van die toepassing van navorsingsresultate beïnvloed blyk uit 'n gevalle studie deur Manning en Rappoport (1976: 459-467). Die afleidings wat hulle maak, kom kortliks daarop neer dat praktyk gerigte navorsing meer sensitief is vir maatskaplike prosesse en, dat toepassingsmoontlikhede verhoog word wanneer die ontwerp van die navorsing saam met die kliënt gedoen word en resultate teruggevoer word. Verder beweer hulle dat navorsingsresultate eerder aangewend word as die proses van ontwerp en terugvoer volledig uitgevoer word. Hulle voeg by dat 'n aanvanklike verwerping van die resultate nie as outomatiese uitsluiting beskou moet word nie en dat daar (latere) bedekte aanvaarding van ten minste sommige van die aspekte plaasvind.

Volgens Biddle, W. en Biddle, L. (1966: 127 - 128) moet daar ook 'n onderskeid tussen gemeenskapsnavorsing en gemeenskapsontwikkelingsnavorsing getref word. Eersgenoemde beskryf meer 'n toestand, terwyl laasgenoemde eerder beskrywend van verandering is. 'n Verdere onderskeid is dat navorsing vir gemeenskapsontwikkeling 'n praktiese doel het wat nie die geval met gemeenskapsnavorsing is nie. Dit veronderstel dat data aan die gemeenskap teruggevoer en gebruik word om ontwikkeling en projekte te bespreek. So 'n navorsingsontwerp val binne die begrip van aksie navorsing. (Verwys ook na Edwards en Jones

(1976: 276 - 303).) 'n definisie wat Biddle, W. en Biddle, L. (1966: 128) voorhou is soos volg:

"...action research is an ongoing study of a social process and its results to date, which is carried on as part of the process. The accumulating findings are used to guide and correct the decisions of the continuing process. Participants contribute to research in a manner that their increasing ability will allow. Contribution to scientific generalization may be sought by qualified participants, as well as practical answers to problems." (Sien ook Bloom en Fischer (1982: 281- 285), Thomas(1983: 260-265), Goodwin (1971: 431-442) en Glaser en Taylor (1971).)

Bevindinge word deur beide die wetenskaplike en die gemeenskap gemaak. Dit dien as terugvoering aan die gemeenskap en is ook die grondslag waarop basiese bevindinge berus. Die beste resultate word bereik wanneer beide die gemeenskap en die wetenskaplike oor bevindinge ooreenstem. (Biddle, W. en Biddle, L. (1966.) Hierdie proses verhoog o.m. die verantwoordelikheid wat gemeenskapslede in die proses aanvaar. Die vaardigheid waarmee die werker die data aan die gemeenskap terugvoer en sy toepassing van die basiese beginsels van gemeenskapsontwikkeling is hier van deurslaggewende belang (Biddle, W. en Biddle, L. 1966: 134-137).

Deur navorsing oor die proses van ontwikkeling wat plaasvind te doen en om navorsing as deel van die proses van ontwikkeling te hê, word die praktiese kennis van die gemeenskapslede en hul werklikhede vir teorie bou, gebruik. (Thomas, 1983: 265-278.) In aksie-navorsing is rekordhouding belangrik. Verder moet die data basis wat opgestel is, voortdurend byderhand gehou word sodat dit altyd as 'n instrument beskikbaar is om deur die

werker en die gemeenskap geraadpleeg te word (Biddle, W. en Biddle, L. 1966: 138 - 144).

Volgens du Preez (1981: 210-211) is dit nodig dat die navorsing wat gedoen word deel is van die dinamiese proses van ontwikkeling. Sulke navorsing behoort die prosesse van sosialisering, waardevorming en vermoënsontwikkeling te ondersoek. Hierdie prosesse is weer onderliggend aan alle ontwikkeling, wat gemeenskaps-aktivering tot gevolg het. Hierdie vereistes val binne die konsep van aksie navorsing.

Du Preez (1981) noem verder dat sulke toegepaste navorsing skeppende en stelselmatige ondersoekwerk is, wat wel verrig word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder, maar het die primêre doel om spesifieke praktiese toepassingsmoontlikhede te ontwerp. Aangesien navorsing dus as 'n integrale deel van die ontwikkelingsproses beskou word, impliseer dit dat dit 'n deurlopende proses is wat by 'n data basis begin en word deur 'n proses van evaluering en monitering voortgesit. Die doel hiervan is om enersyds sorg te dra dat die inligting voortdurend aangepas word en nie verouder nie. Andersyds dien dit ook om die effektiwiteit van programme en projekte te bepaal. (Barnard, 1989: 321-326.) Daar is verskeie van wyses waarop hierdie deurlopende navorsing, of te wel evaluering en monitering, voortgesit kan word, nl. d.m.v. vraelyste, observasie, onderhoude, skale van meting, toetse, verslae, statistieke, gevallestudies en evalueringsgroepe (Barnard, 1989: 355-357).

'n Basiese kenmerk van gemeenskapsontwikkeling is dat daar gepoog word om aksie, navorsing en evaluering te kombineer (Lees en Smith, 1975: 59). Die doel van navorsing in hierdie opset is tweeledig:

- Dit moet die aksie-groep in staat stel om die behoeftes eerstens te identifiseer en tweedens te bepaal hoe daar meer effektief aan hierdie behoeftes beantwoord kan word;
- Met die doel om aan die plaaslike owerheid of ander plaaslike belange groepe terugvoer te gee, is dit verantwoordelik vir deurlopende monitering en finale analise van die projek(te) se werk en aanbevelings (Lees en Smith, 1975: 59). Die take wat uit die praktyk vir aksie navorsing geïdentifiseer is, is om enersyds 'n gemeenskapsprofiel op te stel om aksie-groepe sodoende te help om hulle program(me) te bepaal en om andersyds navorsers in staat te stel om impak meting te kan doen. Ingesluit hierby is die volgende: die taak om relevante aanwysers te identifiseer; 'n poging om 'n korrekte indruk van die gemeenskap se kognitiewe behoeftes te kry; en om ondersoek in te stel na die gemeenskap se besluitnemingsproses. Die navorsingsontwerp moet verder van so 'n aard wees dat die beginsels van gemeenskapsontwikkeling nagekom word. Hierdie beginsels is soos reeds gesê, om die gemeenskap te stimuleer om hul eie behoeftes te identifiseer en self te besluit en te beplan wat hulle moet doen om hul lewensomstandighede te verbeter.

Die navorsing moet verder ook die skynbaar uiteenlopende

doelstellings van die aksie-werker en die navorser verenig. Die werker se behoefte is nl. om inligting te verkry wat die projek sodanig steun dat hy meer finansiering kan bekom. Die navorser moet op sy beurt weer poog om die geldigheid van die werker se aksies objektief te evalueer. Om effektief te wees in die vorming van 'n beleid vir ontwikkelings-inisiatiewe, is dit nodig om te weet of gemeenskappe se inisiatiewe werklik werk. Hiervoor is dit nodig dat aksie-werkers ag sal slaan op die terugvoer wat deur navorsingsdata verskaf word. (Lees en Smith, 1975: 60-64.)

Wanneer navorsing so direk as deel van die proses van ontwikkeling aangewend word, en die implimentering en evaluering van projekte en programme, is dit noodsaaklik dat daar vooraf kennis geneem word van die belange en motiewe van die verskeie rolspelers in die sisteme van die gemeenskap. Die navorser se bevindinge wat op grond van verkrygde data vir ontwikkelings-beplanning gebruik word, het dikwels politieke implikasies, aangesien daarin oordele gefel word ten opsigte van wat reg of verkeerd mag wees. Sulke oordele sal noodwendig die posisies van die rolspelers beïnvloed/affekteer. In hierdie opsig blyk dit dus van belang dat alle partye wat by sodanige navorsings-projek/-proses betrokke is, dit sal sanksioneer en die resultate as objektiewe bevindinge sal aanvaar. (Weiss, 1972.)

Opsommend kan dus gesê word dat navorsing, indien dit werklik van waarde wil wees, deel van die proses van ontwikkeling moet

wees. Hierdie navorsing moet op die voorsiening van 'n data basis en die hou van rekords van enige prosesse of veranderinge konsentreer. Die gemeenskap moet maksimaal by die proses van insameling van data asook die interpretasie en aanwending daarvan betrokke wees. Dieselfde eise word ook gestel aan navorsing wat deel van die Maatskaplikewerk praktyk vorm. (Potgieter, 1973.) (Sien ook Mitchell (1972).)

Die Ensiklopedie vir Maatskaplike Werk (1987) som die rol van ondersoek en die insameling van inligting soos volg op:

"Informal criticism and a spirit of inquiry are the basis of scientific thinking and of systematic approaches to the acquisition of knowledge and the application of it to practice."

Die rede waarom die empiriese opname as 'n fase in die proses van gemeenskapsontwikkeling beskou word, word deur verskeie kenners op die gebied van ontwikkeling verduidelik. Prof Jan K. Coetzee (1991: 42) verwys na die veranderende debat t.o.v. die konsep van ontwikkeling en noem o.m. die volgende:

"There is a growing consciousness that the common people, with the guidance of truly concerned opinion leaders, should be drawn into the theorising and research being conducted at universities. The knowledge of common people has to be used as the starting point and at universities development theorising and research can only be advanced by consensus, pluralistic tolerance and direct democracy as far as knowledge is concerned".

'n Voorlopige ongepubliseerde verslag van die RGN, soos deur die WAR (Wetenskaplike Adviesraad) van die Staatspresident versoek, dui o.m. aan dat die bruikbaarheid, kwaliteit en gerigtheid van 'n navorsingseenheid van die begin af beplan en beklemtoon moet word ten einde dit implimenterbaar te maak. Beukes sê (1987: 16) op die onderwerp van navorsing in ontwikkeling die volgende:

"..... such research has to be more than an academic exercise. It has to be brought as close as possible to the needs and circumstances of real people mostly the poor, the powerless and the destitute."

Hy noem verder dat sulke navorsing dus klem op die volgende aspekte moet lê, nl. aksie oriëntering, konkrete ervaring i.p.v. suiwer denke (d.w.s. dit moet eerder op realiteite konsentreer as om te teoretiseer) en spanwerk. Die eise wat Beukes vervolgens aan hierdie soort navorsing stel, kan soos volg gelys word:

- Navorsers moet besef dat hulle in essensie vreemdelinge vir die gemeenskappe is en dus onder andere versigtig moet wees vir vooroordele;
- Vraelyste kan nie slaafs gebruik word nie omdat die data misleidend kan wees. Metodes wat meer eklekties, skeppend, aanpasbaar, koste effektief en oop vir onverwagte data is, moet eerder ontwikkel word;
- Die gemeenskapslede moet in die proses opgeneem word;
- Die verhouding tussen moderne, wetenskaplike kennis en die kennis van die armer(leke) mense moet inag geneem en ondersoek word;
- Navorsers moet ontdekkers wees en multidissiplinêr georiënteer wees.

Coetzee (Development is for People, 1986: 399) stel dit dat daar 'n duidelike behoefte aan navorsing is wat deel van ontwikkelingsprojekte uitmaak en wat direkte resultate lewer.

Om aan die eise te beantwoord soos wat dit uit die voorafgaande na vore kom, is besluit om vir die doeleindes van hierdie

ondersoek 'n sosio-ekonomiese opname te doen. Die gemeenskap is hierby betrek deurdat hulle by moes staan met voorbereidings soos die identifisering van die aantal huishoudings en ander praktiese aspekte soos die opspoor van respondente. Die gemeenskap is o.m. ook geraadpleeg omtrent die vrae wat in die vraelys ingebou is. Die projek is as die gemeenskap se eie projek geloods. Die vraelys is so omvattend as moontlik gemaak sodat soveel moontlike fasette geïnkorporeer kon word. Ten einde die gemeenskap op grondvlak te bereik en hul kennis te verkry is van veldwerkers gebruik gemaak. Die vrae en kodering daarvan is so ontwerp dat onverwagse data, tesame met die standaard inligting waarmee omstandighede en behoeftes gemeet/bepaal kan word, opgevang kon word. Die navorsingsresultate is deur hul leiers aan die gemeenskap teruggevoer om sodoende 'n proses van beplanning en besluitneming ten opsigte van projekte te inisieer. Aanvullend tot die voorafgaande verwys Pincus en Minihannan (1973: 119 - 122) na drie basiese metodes van navorsing naamlik ondervraging, observasie en die gebruikmaking van bestaande dokumente. Dit blyk duidelik uit hierdie bespreking, dat die vraelys metode 'n aanvaarbare metode vir Maatskaplike werk in die gemeenskapspraktyk is.

"In summary, written questioning techniques can be time saving, maintain the respondent's anonymity, and help prevent respondents from influencing each other's responses.Written questioning techniques also may have the beneficial side effect of getting people interested and involved in a change effort." (Pincus en Minihannan, 1973: 122.)

3.5 Gemeenskapsontwikkeling in die landelike opset.

Gemeenskapsontwikkeling het sy oorsprong in landelike gebiede waar dit aanvanklik grootliks in dorpe, landelike residensiële gebiede en in oop landelike gebiede toegepas is. Die tipiese programme wat vir gemeenskapsontwikkeling geïdentifiseer is, konsentreer op landelike probleme. Die proses van verstedeliking is egter 'n tendens van die moderne samelewing en gemeenskapsontwikkelingsprojekte moet uiteraard daarmee verband hou. Dit kan nie in isolasie van die verstedelikingsproses aangepak word nie. Die styl van ontwikkeling, projekte, behoeftes en toekomsverwagtinge moet in die lig van die realiteit van die landelike-stedelike beskou word, sodat o.m. valse hoop van utopiese landelike gemeenskappe nie gewek word nie. (Biddle, W. en Biddle, L., 1966: 160-174.) (Verwys ook na Edwards en Jones (1976: 27-68).)

'n Ontwikkelingstrategie wat by die beginsels en doelstellings van gemeenskapsontwikkeling aansluiting blyk te vind, is Geïntegreerde Landelike Ontwikkeling (G.L.O.). Coetzee (Development is for People, 1976: 355) (sien ook Jeppe (1985: 35-36)) verwys o.m. na hierdie strategie van ontwikkeling en noem die volgende as doelstellings daarvan:

- *economic - satisfying the most urgent needs;
- *technical - the use of appropriate technology;
- *ecological - a development approach not exceeding the inner limits (within countries) and the outer limits (on a global scale) set by available resources;
- *social - participation of the local population;
- *political - an appropriate political and institutional framework for development;
- *cultural - underlying motives of the development

process and values and norms to be considered."

Coetzee (Development is for People, 1976: 355 - 356) (sien ook Owens (1976: 142 - 148) en Ensminger (1988)) wys verder daarop dat G.L.O. die multidimensionele aard van ontwikkeling, en die interaksie van verskeie faktore daarin, in ag neem. Die volgende beginsels word deur die G.L.O. in ag geneem:

- i) ontwikkeling moet self onderhoudend wees,
- ii) ontwikkeling begin van onder af (bottom up),
- iii) totale ontwikkeling en inter-afhanklike ontwikkeling.

Die rol van die kleinboer vra hier vir spesiale vermelding, aangesien dit reg deur Afrika duidelik is dat klein plase/kleinhoewes meer suksesvol en produktief as groot plaas eenhede bedryf is.

Die oneweredige verspreiding van landelike-stedelike inkomste blyk 'n steeds groeiende probleem te wees. Die demografiese faktore toon dat die swart landelike gemeenskappe hoofsaaklik uit vroue, kinders en bejaardes bestaan en dat hulle daarom meestal in die armoede situasie verkeer. Die werklikheid blyk 'n uiters lae per kapita inkomste te wees. So is daar bv. in 1982 in Kwazulu bevind dat die gemiddelde per kapita inkomste R74 per jaar was waar vroue die hoofde van huishoudings is. Om m.a.w. begrip vir die realiteite - en derhalwe die teiken areas vir ontwikkeling - in hierdie landelike gebiede te ontwikkel, moet die sosio-ekonomiese en demografiese faktore van die spesifieke gebiede deeglik in ag geneem word (Natrass, 1983:

17-19.)

'n Groot gedeelte van die bevolking beset die landelike gebiede in Suid-Afrika wat hierdie gebiede met ander Afrika lande asook toestande in Suid-Amerika en Asië vergelykbaar maak. Die hoë eise wat deur hierdie areas gestel word en die omvang van die probleme, soos o.m. die tekort aan ontwikkelingskapitaal en mededinging in die vrye mark stelsel, dien verder ongelukkig as afskrikmiddel vir bv. potensiële beleggers. Probleme soos bevolkingsgroei, migrasie en die wisselwerking tussen landelikheid en verstedeliking kompliseer die situasie verder. Die verarming van die landelike gebiede dwing die mense na die stedelike gebiede waar 'n toename in ander vraagstukke weer plaasvind, soos oorbewoning, agterbuurtes, plakkery en 'n onvermoë van plaaslike owerhede om basiese dienste soos water, riolering, gesondheid, onderwys en vervoer te voorsien. (Jeppe: 1985: 1-3.) Die implikasies wat landelike toestande vir stedelike vraagstukke het, lei tot die logiese gevolgtrekking dat landelike ontwikkeling van net soveel belang as stedelike ontwikkeling is, gegewe dat hierdie ontwikkeling aan die spesifieke behoeftes van so 'n gemeenskap moet beantwoord (Wilson en Ramphele, 1989).

Die "Basic human needs" benadering is ook 'n benadering tot ontwikkeling wat by voorafgaande paragrawe aansluiting vind, veral in terme van die relatief spoedige voorsiening in die basiese behoeftes van 'n gemeenskap. Bogenoemde benadering bied

ook 'n antwoord vir die tipe van probleme wat spesifiek deur landelike gemeenskappe in die R.S.A. situasie ondervind word. Die gebied waarop daar in hierdie studie spesifiek gekonsentreer word, verteenwoordig, in Möller se woorde, 'n "target" of "vulnerable" groep wat vir 'n proses van behoeftebevrediging uitgesonder word. Die beginsel van deelname aan die proses van ontwikkeling deur die teiken groep word ook o.m. deur die "basic human needs" benadering gehuldig. (Basic Needs in Rural Areas: A Report on a Seminar held in Cape Town on 19 February 1985, 1985: 67-86.)

'n Verdere kwessie wat nie net aandag verg nie maar inderdaad ook hervormingsaksie vereis, is die vorm van grondbesit. Die onlangse wysigings van die nasionale grondbeleid deur die vyf voorgestelde wetsontwerpe, het reeds begin om hierdie probleem aan te spreek. Hierdie voorgestelde wetsontwerpe is nl.:

- (a) die wetsontwerp op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings;
- (b) die wetsontwerp op die Opgradering van Gronbesitregte;
- (c) die wetsontwerp op die Woonomgewing;
- (d) die wetsontwerp op Minder Formele Dorpstigting; en
- (e) die wetsontwerp op Landelike Ontwikkeling.

As gevolg van o.m. die heersende armoede, kan die probleem-situasie nie deur hierdie wetgewing alleen ontlont word nie. Dit blyk dat hierdie probleem aansluit by die probleme van onder produksie, onder- of wanbenutting van grond en die wanbalans wat heers, beide deur

selfvoorsiening of kommersiële produksie, tussen die voorsiening en die aanvraag van voedsel. (Jeppe, 1985: 4-9.)

3.6 Opvoeding as deel van ontwikkeling.

'n Aspek wat in ontwikkeling ook op gelet moet word, is die konsep van "competence". Dit is belangrik dat die mens oor die nodige vaardighede, kennis en eienskappe moet beskik wat hom in staat sal stel om effektief met sy omgewing in interaksie te tree. (Maluccio (1981).)(Sien ook Germain (1979: 284-286).) Galdwin brei verder hierop uit deur die volgende te sê:

"Competence is most effectively achieved when intervention is directed toward an ecological unit, consisting of a person and his immediate social environment".

Dit bied 'n duidelike fokus op Maatskaplikewerk praktyk waar enige geval meer suksesvol gehanteer kan word wanneer dit in sy geheel beskou word.

'n Menigte mense word wêreld wyd òf die geleentheid tot opvoeding ontnem òf het nie vrye toegang daartoe nie (en dit is sekerlik waar in die Suid-Afrikaanse situasie). Aangesien opvoeding die verandering van gewoontes en waardes impliseer, is volwasse opvoeding van uiterse belang vir die ontwikkeling van o.m. die omgewing en maatskaplike toestande. In Afrika veral ook in die landelike omgewings van die R.S.A., is daar diesulkes wat nie vrye toegang tot opleiding het nie en in klein, geïsoleerde gemeenskappe saamgegooi is. Die probleem vir hierdie gemeenskappe is om uit hierdie toestand van onvermoë

om beheer oor hul omgewing uit te oefen, uit te breek. Die antwoord lê o.m. dus daarin om mense in staat te stel om meer beheer oor hul omgewing uit te oefen. Die opvoeding van mense en veral volwassenes blyk daarom direk aansluiting te vind by gemeenskapspraktyk en gemeenskapsontwikkeling, waarin die Maatskaplike werker se rol duidelik blyk. (Du Preez, 1973.)

'n Verdere belangrike beginsel vir die praktyk is om lewenservaringe te gebruik ten einde tot ontwikkeling van vaardighede, effektiwiteit en selfvertroue by te dra. Laasgenoemde lei tot meer effektiewe en suksesvolle "coping" strategieë in toekomstige situasies. Maluccio (1981) verwys ook na die bydrae van die ego-sielkunde wat met hulle insigte op die groei van die ego klem lê, deur die persoon se betrokkenheid in aktiwiteite wat in die bevrediging van behoeftes, taakvervulling, krisisoplossing en die aanleer van vaardighede voorsien. (Germain, 1979: 289-292.) Hierdie aspekte onderstreep die waarde van die toepassing van 'n holistiese persepsie in Maatskaplikewerk praktyk. Grosser (Germain, 1979: 305-324) wys op die praktiese aanslag van die beginsels wat van 'n holistiese, "General Systems" perspektief herlei word. Die kern daarvan behels die demokratiese deelname van alle gemeenskapslede aan die sake van die gemeenskap. So 'n deelname dra o.m. daartoe by dat die sisteme van die mens responsief is ten opsigte van die mens se werklike behoeftes.

Hierdie denke word ook in die huidige denke van Maatskaplike werk weerspieël, waar daar 'n verskuiwing plaasvind vanaf die historiese funksie om Maatskaplike ekwilibrium deur die voorsiening van dienste te handhaaf, na die prosesse waardeur gemeenskapsdeelname gefasiliteer kan word.

Aangesien daar klem gelê word op die instaatstelling van 'n gemeenskap om op eie inisiatief projekte aan te pak, blyk dit dat die opvoeding van die mens 'n belangrike rol in hierdie proses behoort te speel. UNESCO het in hierdie verband na "Social Education" verwys en noem in dië verband die volgende:

"....concept of fundamental education and aims at raising the whole quality of adult life. It includes instruction and training - through an active approach and living experience -in health and hygiene, civics, recreation, general knowledge, simple crafts as well as reading and writing. The locale is not the class room but a community centre and the activities are to cover all aspects of life, by drawing the adults into active co-operation, enlisting their interests and dealing with their needs and problems."

In aansluiting hierby meen Du Sautoy (1976) dat gemeenskapsorganisasie in terme van volwasse opvoeding soos volg omskryf kan word:

"...an educational process by which the capacity of the community to function as an integrated unit grows as it deals with one or more community problems. It enables the community

- (a) to identify its needs and resources,
- (b) to develop the necessary will and confidence, and
- (c) to acquire adequate knowledge and skill to initiate co-operative action for satisfying their needs and achieving desirable objectives."

4. Die rol van maatskaplike werk in ontwikkeling

4.1 Agtergrond

Alhoewel maatskaplike werk sy ontstaan in die westerse wêreld gehad het, word dit tans ook in verskeie derde wêreldse lande beoefen. Van die vyf basiese metodes van Maatskaplike werk, het gemeenskapswerk minder aandag as die ander metodes ontvang. In hierdie verband sien ook die bespreking van R. Muller in haar artikel, Swart maatskaplike werkers in fokus (Muller, R. 1988. 33-35). Gemeenskapswerk wat wel gedoen is, het op gemeenskapsorganisasie gekonsentreer en het nie erken dat ontwikkeling 'n inherente deel van Maatskaplike werk vorm nie. Alhoewel hierdie praktyk grootliks in die internasionale arena verander het, beklemtoon die praktyk in Suid-Afrika steeds hoofsaaklik gevallewerk. Om hierdie agterstand te oorkom, het dit noodsaaklik geword dat Maatskaplike werk onafhanklik maar ook in samewerking met ander in spanpogings navorsing doen t.o.v. vrae aangaande ontwikkeling en modernisering. Coetzee (Development is for People, 1986: 420) (sien ook Priorities for Research on the Development of Southern Africa, 1987: 30 - 41) voeg verder by dat Maatskaplike werkers ook goed hiervoor toegerus is. Wanneer die ontwikkelinge in die opleiding van Maatskaplike werkers, soos bv. by die Universiteit van Suid-Kalifornië Skool van Maatskaplike werk toegepas is, in ag geneem word, blyk dit dat 'n geleidelike, byna natuurlike proses plaasgevind het waardeur die professie ook by gemeenskapsontwikkeling betrokke geraak het. Omdat so min impak op die gemeenskap gemaak is deur suiwer gevalle werk, groep werk en 'n

beperkte mate van gemeenskapswerk, het maatskaplike werkers al hoe meer in die praktyk na strategieë begin soek ten einde meer effektiewe dienste te lewer. Die holistiese benadering gebaseer op 'n ekosistemiese persepsie en die "General Systems Approach", het begin om hierop 'n antwoord te bied. Wanneer hy van die toepassing van die "General Systems Approach" praat, is dit volgens Lathrope (The General Systems Approach: Contribution Toward a Holistic Conception of Social Work, 1969: 46) van toepassing op die breë definiëring van Maatskaplike praktyk, soos administrasie, gevallewerk, gemeenskaps-organisasie, groepwerk, navorsing en maatskaplike-aksie praktyk. Hy sluit ook al die vlakke van Maatskaplikewerk praktyk in, nl. individue, gesinne, kleiner belange groepe, rehabilitasie en terapeutiese instellings, woonbuurte, gemeenskappe en die samelewing. Hieruit kan geredelik afgelei word dat Maatskaplikewerk-teoretisering en die uitbou van die Maatskaplikewerk proses duidelik gemeenskapsontwikkeling, wat hoofsaaklik op gemeenskaps-organisasie en maatskaplike aksie, asook die aspek van navorsing (soos o.a. die sosio- ekonomiese ondersoek van hierdie studie) gemik is, insluit.

4.2 Historiese oorsig

As demonstrasie van die "natuurlike" proses van ontwikkeling in Maatskaplike werk wat tot 'n ekosistemiese en uiteindelik 'n "generalist" benadering gelei het, word Goldstein (1973) se oorsig van die historiese ontwikkeling van Maatskaplike werk kortliks weergegee (Verwys ook na Germain, C.B. en Gitterman, A.,

1980: 343 - 358).):

1. 1870-1900: Die grondlegging vir die vorming van die professie nl."National Conference of Charity and Correction" is die voorloper van die "National Conference on Social Welfare". Die doel was om diegene wat besorgd was oor 'n meer humanitêre en effektiewe administrasie van maatskaplike vooruitgang t.o.v. probleme rakende armoede, maatskaplike agteruitgang en misdaad, saam te snoer.
2. 1900 - 1ste Wêreld Oorlog: Die Maatskaplikewerk professie kom tot eie reg in terme van titel, funksie, doel en opleiding.
3. 1ste Wêreld Oorlog - 1930: Die geleentheid om die probleme van die Wêreld Oorlog soldate en hul gesinne te hanteer en ook die aanvaarding van Freud-teorie, het tot verdere uitbou van die professie se bestek van metodes van professionele praktyk en rigting van ontwikkeling gelei. Sosiale diagnose het prosedures van hulpverlening georganiseer terwyl Freud se teorie die rasionaal en teoretiese onderbou verskaf het. Psigiatriese Maatskaplike werk het ontstaan. In groepwerk is daar reeds klem gelê op demokratiese deelname van die kliënt se kant en dat die leer proses die beste deur middel van deelname plaasvind. Lewin het ook reeds die "veld teorie" ontwikkel waarin hy die dinamika van interaksie in groepe erken het en besef het dat enige verandering in gedrag 'n

effek het op die hele veld asook die lede wat deel van die veld uitmaak. Hierdie beginsels en Dewey se bydrae, nl. dat die demokratiese proses in kleiner gemeenskappe en betrokkenheid van gemeenskapslede en eksperts op grondvlak essensiële eienskappe is, het grootliks bygedra tot die vorming van Gemeenskap Maatskaplike werk.

4. 1930 - 1940: Die hulpproses word nou as 'n same-werkende ervaring tussen kliënt en Maatskaplike werker beskou, eerder as 'n mediese model. Sogenaamde "herstel" het nie meer vir die Maatskaplike werker in verwydering van oorsakende faktore gelê nie, maar in die ervaring binne die hulpverhouding self. Die vorming van metodes en doelstellings vir groepwerk en gemeenskapsorganisasie het na vore getree. Die dualiteit van Maatskaplike werk om 'n sekere doelstelling te bereik, maar ook om verandering teweeg te bring ten einde groei of ontwikkeling te stimuleer, asook die opvoedkundige aspek van hulpverlening is al hoe meer beklemtoon. Hierdie verandering het begin aanleiding gee tot 'n soeke na 'n algemene basis vir die praktyk. Daar is ook begin om gemeenskapsorganisasie as 'n praktyk vergelykbaar met gevallewerk en groepwerk te beskou, veral nà die "Lane Verslag" in 1939.
5. 1940 - 1950: Twee hoof skole van denke het navore gekom nl. die Diagnostiese skool en die Funksionele

skool. Die Funksionele skool is meer tot die sielkunde van groei geörienteerd en vergelykbaar met eksistensialisme. Die uitgangspunt is dus dat verandering eerder teeweegebring moet word deur die regte omstandighede te skep waarin die individu sy eie verandering uitwerk, as om noodwendig deur vorige gebeure bepaal te wees. Een van die belangrikste bydraes van die Funksionele skool is die identifisering van die belang van transaksionele vloei van dit wat tussen die kliënt en die werker plaasgevind het. Hierdie transaksionele vloei beïnvloed die verhoudinge tussen mense onderling en mense en hul omgewing.

6. 1950 - 1960: Geweldige ontwikkeling in die profesie het tydens hierdie tydperk plaasgevind. Die ontwikkeling van 'n generiese opleidingsprogram en ook 'n professionele liggaam wat die profesie in geheel verteenwoordig nl. "National Association of Social Workers", het in 1955 die lig gesien. Hierdie gebeure het o.a. 'n basis gevorm in terme waarvan die profesie sy inhoud en doelstellings kon her-evalueer in die lig van die profesie se maatskaplike verantwoordelikhede. Die kern oorweging vir Maatskaplike werk in hierdie tyd was die mens in sy maatskaplike omgewing eerder as die metode vir behandeling. Gemeenskap Maatskaplikewerk het steeds probleme ondervind om sy doel en funksie te definieer. Twee

verwikkeling wat begin aandui het in watter rigting die professie besig was om te ontwikkel, was eerstens die besef dat die mens nie slegs 'n entiteit op sy eie is nie, maar 'n sosiale wese is en tweedens dat die onderlinge verhoudinge tussen mense en hul verweefdheid met hul gemeenskap 'n onafskeidbare eenheid is. Praktyk met enige segment impliseer dus dat alle ander dele in ag geneem moet word. 'n Eenvormige benadering het al hoe meer 'n realiteit geword terwyl algaande besef is dat die benadering van afsonderlike metodes bevraagteken moes word.

7. 1960 - 1970: In hierdie tydperk is besef dat teorie-bou vir die professie noodsaaklik is. Voortbouend op die vorige dekade het veral een faktor, nl. die sisteme persepsie, meer invloed op teoretisering begin uitoefen. Hiermee saam was 'n terugkeer na die gesin as een van die lewensvatbare sisteme. Die sisteme persepsie het verder klem laat val op die besef dat verandering in een sisteem nie in afsondering van ander sisteme beskou kan word nie. Meer helderheid omtrent groepwerk en gemeenskapsorganisasie is verkry en gemeenskapsorganisasie het al meer in lyn gekom met die hoofstroom van Maatskaplike werk. Aspekte wat ook sterk vir die gemeenskapspraktisyn na vore getree het, is dië van gemeenskapsontwikkeling en beplanning:

"Planning, coordination of services, and financing in work with existing community structures became

increasingly active, assertive, and goal seeking. The focus of community workers, formerly restricted to community leaders, now widened to include the indigenous citizens who might also be the recipient of social welfare services" (Golstein, 1973: 49).

"With the emergence of both common and specific knowledge bases of practice, group work and community organization and development became integral parts of the curriculum, thereby further diluting the former identification of social work with the case work methods. By the end of the decade a few schools were striving towards the development of a unitary concept of practice, one that identified the common core of principles, concepts, and skills that were basic to any specialization" (Goldstein, 1973: 50).

In 'n artikel deur Schatz, Jenkins en Sheafor (1990) (sien ook Siporin (1975)) verwys hulle na 'n "Generalist" benadering in Maatskaplike werk wat direk aansluiting blyk te vind by die begrip van 'n eenvormige(unitary) benadering tot die praktyk. In aansluiting hierby is daar dus in die empiriese gedeelte van hierdie werkstuk gepoog om vanuit 'n "Generalist"/eenvormige benadering die taak om gemeenskapsontwikkeling aan te pak.

Die huidige stelling deur die N.A.S.W. van die huidige stand van die Maatskaplikewerk professie (state of the art) word duidelik in die Ensiklopedie van Maatskaplike Werk (1968) uiteengesit en kan soos volg saamgevat word:

- * Maatskaplikewerk praktyk fokus op transaksies wat tussen mens en sy omgewing plaasvind wat die mens se vermoë om lewenstake te vervul, spanning te verlig en individuele en kollektiewe aspirasies/toekomsverwagtinge te bereik, beïnvloed.
- * Maatskaplike werk beywer hom vir die bevordering, herstel,

onderhoud en opbou van die funksionering van individue, gesinne, huishoudings, sosiale of belange groepe, organisasies en gemeenskappe deur hulle te help om nooddruf te voorkom en bronne te benut.

- * Maatskaplike werk is betrokke by die beplanning, ontwikkeling en implimentering van maatskaplike beleid, dienste en programme wat nodig is om basiese behoeftes te bevredig en om die ontwikkeling van vermoëns en potensiaal te ondersteun.
- * Maatskaplike werk dra sorg dat bogenoemde beleid, dienste en programme nagestreef word en doen dit deur verskeie vorme van maatskaplike aksie.
- * Maatskaplike werk toets en ontwikkel professionele kennis en vaardighede ten opsigte van al bogenoemde doelstellings.

Opsommend kan dus gesê word dat Maatskaplike werk 'n natuurlike ontwikkelingsproses ondergaan het tot by die huidige benadering van 'n holistiese, ekosistemiese beskouing en tot waar die prosesse van die verskeie sisteme die kern uitgangspunt vorm vir Maatskaplikewerk ingryping.

4.3 Maatskaplikewerk praktyk

In hierdie gedeelte word nie na die praktyk in sy totaliteit gekyk nie, maar word daar hoofsaaklik op Maatskaplike werk in die gebied van ontwikkeling gekonsentreer. Die uitgangspunt is dat hierdie benadering tot Maatskaplikewerk praktyk 'n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van 'n eenvormige benadering.

Die maatskaplikewerk proses, soos deur Meyer uiteengesit, bestaan in hooftrekke uit 'n beoordelingsfase, 'n ingrypingsfase, en 'n evalueringsfase, wat dan weer tot nuwe beoordelings en 'n herhaling van die proses kan lei, totdat hierdie proses uiteindelik afgesluit kan word (Clinical Social Work in the Eco - Systems Perspective, 1983: 69-60) Die ekosistemiese benadering pas hierdie basiese proses toe en word soos volg uiteengesit:

- Kliënt en maatskaplike werker maak kontak: evaluering vind plaas deur die insameling, organisering en analise van data en die formulering van die hipotese.
- Ingrypingstrategie word geselekteer en uitgevoer.
- Evaluering en monitering wat tot 'n hipotese of die bevestiging van die aanvanklike hipotese lei (wat òf beteken dat die die ingrypingstrategie voortgaan òf dat 'n nuwe hipotese en ingrypingstrategie nodig is).
- Die proses, of dele van die proses, word herhaal sodat 'n sikliese patroon ontstaan. Hierdie proses stem ooreen met die proses van gemeenskapsontwikkeling, lg. wat vervolgens vir maklike vergelyking uiteengesit word:

- Identifisering van die probleem
- Formulering van die breë doelstellings
- Inligtingsversameling
- Programmering
- Uitvoering van die beplande aksie
- Evaluering en herhaling van die proses

(Encyclopedia of Social Work, 1987: 962.) (Sien ook

Siporin (1975).)

Wanneer die twee prosesse in oënskou geneem word, blyk die ooreenkoms ooglopend. Daar blyk dus groot ooreenstemming tussen die perspektiewe van gemeenskapsontwikkeling en die ekosistemiese benadering ten opsigte van basiese uitgangspunte, beginsels, prosesse en doelstellings te wees.

Maatskaplike werk funksioneer reeds etlike jare vanuit die beginsel van sisteme. Die vier basiese sisteme is nl. die "change agent" sisteem, die kliënte sisteem, die teiken sisteem en die aksie sisteem. (Pincus en Minihan, 1973: 53, 64.) Die vaardighede waarmee daar in die praktyk met hierdie sisteme gewerk word, is die proses van evaluering, data insameling, die maak van inisiële kontak, onderhandeling van kontrakte (identifisering van projekte), die vorming van aksie sisteme, die onderhouding en koördinering van aksie sisteme, beïnvloeding (aanwending van kennis) en die uiteindelijke terminering en onttrekking van die werker. (Pincus en Minihan, 1973: 101-283.) Meer relevant vir die doeleindes van hierdie studie is die aspek van data insameling (Goldstein, 1973). Dit pas heeltemal in by die ekosistemiese persepsie, soos op gemeenskapsontwikkeling toegepas. Die proses bestaan hoofsaaklik uit 3 fases:

FASE 1: Induksiefase: die kern doel van hierdie fase is om 'n proses te inisieer wat eerstens die kliënte-sisteem se vermoë versterk om probleme te identifiseer, wat tweedens die toestand van verwarring, onsekerheid en

weerstand verwyder en derdens die kliënte-sisteem leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die take wat nodig is om die probleem-situasie op te los.

FASE 2: In hierdie fase word gekonsentreer op wyses waarop probleme opgelos kan word.

FASE 3: Hierdie fase vind plaas wanneer die gemeenskap die oplossings, tegnieke en metodes waardeur te werk gegaan is, vir hulleself eien. Hierdie toe-eiening word dan 'n geïntegreerde deel van die kliënte-sisteem (Goldstein, 1973: 176-181, 191-274.) Opsommenderwys kan daar dus die volgende gesê word: Vanuit die ekologiese perspektief, weet ons dat daar in die praktyk transaksies tussen organismes en hulle omgewing voorkom en dat die primêre taak van hierdie organismes dië van wederkerige aanpassing is.

Die ekologiese perspektief identifiseer ook die prominente elemente in die transaksies. Waar hierdie perspektief nie verduidelik hoe hierdie transaksies plaasvind nie, bied die Algemene Sisteem Teorie hierop antwoorde. Deur die kliënte-sisteem vanuit hierdie twee perspektiewe te analiseer, ontstaan die vraag na die beste metode of tegniek vir die oplossing van die probleem, m.a.w. hoe om te doen wat nodig is (Clinical Social Work in the Eco - Systems Perspective, 1983: 64-67). (Sien ook Rothman (1974: 70-80).)

Taylor en Roberts (1985: 8) verwys na Lappin se benadering tot

Taylor en Roberts (1985: 8) verwys na Lappin se benadering tot gemeenskapsontwikkeling. Die fokus val vir Lappin op die konsep van sg. instaatstelling. Gemeenskapsontwikkeling word gekenmerk deur die dualistiese beklemtoning van die groei van die individu enersyds en die groep, woonbuurt of gemeenskap andersyds. Die beginsels van die praktyk soos o.m. om te begin waar die kliënt is, om mense te help om hul self te help, etc. beklemtoon praktykrolle wat deelname en betrokkenheid in gemeenskapsontwikkeling aanmoedig. Hierdie praktykrolle behels bystand aan die gemeenskap in die ontwikkelingsproses deur 'n professionele werker wat sensitief is vir kulturele nuanses en vaardig is in opvoeding/opleiding. Die klem lê dus op opleiding van leiers en die skep van strukture wat gemeenskapslede in staat stel om hulle sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter. Die basiese strategieë hiervan is o.m. samewerking, samesnoering van kragte en konflik hantering binne die gemeenskap. In die praktyk het dit gebeur dat dit nodig geag is om verskeie perspektiewe, prosesse of teorieë aan te wend om effektiewe Maatskaplikewerk dienste te kan lewer, waaronder die gemeenskapsontwikkelingsproses, gemeenskapskakeling benadering, politieke "empowerment" en die ekosistemiese perspektief resorteer.

Volgens Taylor en Roberts (1985: 22-23) is die neiging tot 'n eklektiese benadering in die praktyk 'n algemene tendens. Die aanname word dus gemaak dat daar in gemeenskapsontwikkeling 'n wye versameling van moontlikhede/kombinasies moontlik is. Hierdie aanname strook dan ook nie net met die uitgangspunt van

Maatskaplikewerk praktyk deur die ekologiese perspektief hervorm word. Sien in diè verband Germain (Taylor en Roberts, 1985: 31, 33). Die prominente faktore wat ook deur die bevindinge van die empiriese navorsing onderstreep is, is o.m. soos volg:

- Dit gaan primêr om die gemeenskap in sy geheel, die mens in wisselwerking met sy omgewing.
- Die ontsluiting van menslike potensiaal asook 'n poging om maatskaplike en fisiese sisteme meer responsief teenoor die behoeftes van die mens te maak.
- Die identifisering van probleme in terme van wanaanpassing tussen mens en omgewing en oplossings wat beide faktore in aanmerking neem.

Gemeenskapsontwikkeling lê volgens Lappin (Taylor en Roberts, 1985: 60), klem op die volgende: "self-reliance", heffing van sosiale/maatskaplike bewustheid, die opbou van gemeenskappe se innerlike bronne en die aanmoediging van kollektiewe aksie (Biddle, W. en Biddle, L., 1966) Die rol van die instaatsteller word in Taylor en Roberts (1985: 66, 71) breedvoerig deur Lappin bespreek. Eerder as om spesifieke tegnieke gaan die kern gedagte ook hier om die beginsels wat die werker se keuse van strategie kan rig. Die proses kan soos volg uiteegesit word:

- Onderhoud van sisteme
- Beplanning van aktiwiteite
- Instaatstellingsverhoudinge
- Mobiliseringsinisiatiewe
- Innoverende take

- Innoverende take
- Interpretasie en opvoeding

Vergelyk ook die proses van gemeenskapsontwikkeling, soos deur NASW uiteengesit nl. die identifisering van die gemeenskap se bronne en probleme, die bepaling van doelwitte en prioriteite, data insameling en analisering van die feite, ondersoek van alternatiewe, die selektering van die ooreengekomde plan van aksie, die implementering van hierdie aksie en 'n deurlopende proses van monitering en evaluering.

Volgens Rothman en Zald (Taylor en Roberts, 1985: 125-150) is beplanning in die moderne samelewing 'n integrale deel van die sistematiese poging om instrumente van rasionele analise aan te wend ten einde toekomsgerigte doelwitte te bereik. Hudson definieer hierdie benadering as die ondersoek van probleme vanuit 'n sisteme oogpunt deur die gebruik van konseptuele of matematiese modelle ten einde doelstellings met bronne in verband te bring, terwyl daar swaar op kwantitatiewe analise staat gemaak word. Die sosio-ekonomiese ondersoek soos in hierdie studie aangewend is, beantwoord grootliks aan hierdie eise. Deur aan die respondente die geleentheid te bied om hulle eie sienings etc. te opper, oorkom hierdie studie ook grootliks die tekortkominge wat deur kritici t.o.v. hierdie benadering geopper word. Die potensiële probleme nl. dat kwantitatiewe opnames is vir die meer subjektiewe aspekte van die gemeenskap nie responsief nie, word verder oorkom deur die wetenskaplike analise slegs as 'n deel van die proses van die inisiëring van

ontwikkeling te beskou. Verder word resultate aan die gemeenskap teruggevoer wat hulle die geleentheid bied om dit saam met die werkers te analiseer, te kritiseer en te interpreteer en dan aan te wend ten einde projekte, tesame met bronne, strategieë, rolspelers, ens. te identifiseer. Die veronderstelling is daarom dat die inligting eerstens van die gemeenskap self kom en tweedens weer in geordende vorm aan die gemeenskap teruggegee word. Op hierdie wyse word daar verseker dat die minimum van modeloordraging en interpretasie van die werker self is. Wanneer gelet word op die uiteensetting van beplanningsmodelle soos deur Rothman & Zald (1974) uiteengesit, blyk dit weereens dat 'n eklektiese benadering in hierdie fase van die proses die antwoord is en watter model ookal in terme van die holistiese perspektief die beste resultate lewer, word aangewend. Grosser & Mondros (Taylor en Roberts, 1985: 175) se opsomming toon die plek van Maatskaplike werk binne die milieu van ontwikkeling soos volg aan:

"Community organization's presence in the whole of Social Work practice appears to have increased concurrent with its diminution as a speciality. Systems approaches, ecological perspectives, and prevalence of generalist and other environmentally focused practice models represent a view of problems as deriving from both individual and social disorganization and pathology. As a consequence, providing direct service requires that social work practice encompass the ability to identify and intervene in problems whose genesis may be simultaneously social and environmental."

Solomon (Taylor en Roberts, 1985: 254) som dit soos volg op: die empiriese realiteit van gemeenskapsorganisasies in minderheidsgemeenskappe, ongeag die model wat toegepas word, is die hoof bepaler in die vraag of 'n gemeenskap beheer oor hul

toekoms kon verkry d.w.s. die mate waartoe individue en/of groepe hul effektiwiteit verhoog om gemeenskapsbronne-sisteme te hanteer om sodoende hul maatskaplike funksionering te maksimaliseer.

Die oortuiging dat gemeenskapslede direk by die organisasies wat hulle affekteer betrokke behoort te wees, is deel van die Amerikaanse demokratiese tradisie (Encyclopedia of Social Work, 1987: 275). Hierdie tradisie kom basies daarop neer dat gemeenskapsdeelname 'n wyse is waardeur bv. verteenwoordigende regerings beter funksioneer en meer responsief en gevoelig is vir sy mense se voorkeure en behoeftes:

"Social workers need to become actively involved in whatever participation structures are available. They should also advocate for more direct forms of client involvement and assist clients to learn the skills necessary for effective participation. Social workers should make sure that the involvement of families, neighbourhoods and networks in the provisions of human services is structured in a manner that does not overburden those groups or violate confidentiality. Social workers should also help to educate individuals in the private sector as to the extent and complexity of service needs and the necessity of trying innovative new approaches, especially those suggested by or directed by clients."

4.4 Beginsels en waardes in maatskaplike werk

Volgens Roberts en Nee(1970: 37-38) is die waardes wat in die Psigososiale benadering benadruk word soos volg:

- "(1) The worker must accept the client by having a commitment to his welfare, caring about him, and respecting him. Optimally this includes feelings of warmth for him.
- (2) The relationship must be 'other centered', with the worker giving precedence to the client's needs.
- (3) Insofar as possible the worker must understand the client with scientific objectivity, removing personal

- bias in evaluation and response.
- (4) The worker must recognize the client's right to make his own decisions and the value to encourage him to self-directiveness.
 - (5) The worker must recognize the interdependence of his client and others and realize that there may be times when the client's self direction may need to be limited to protect others or himself from harm."
(Sien ook Warren (1965) en Timms (1983).)

Die doel van hierdie benadering is om die kliënt se lyding te verlig en die wanfunksionering te verminder (Roberts en Nee, 1970: 57). In 'n positiewe lig impliseer dit dat die kliënt se vlakke van gemak, tevredenheid en selfverwesenliking verhef word. Die twee waardes wat deur Hollis (1972: 14 - 15) benadruk word, is die aanvaarding van die kliënt deur die werker en respek vir die kliënt se reg om sy eie besluite te neem:

".....often referred to as self-determination...the means the worker chooses to bring about change must ever be consistant with the goal of increasing the client's capacity for self direction. Thus the relationship is consistantly an honest one, the worker showing the respect for the wishes of the client and sometimes offering suggestions and advice, not, however as directives, but as opinions that the client is free to accept or reject. Whenever possible - and that is most of the time - the client is helped to think things through for himself, to correct his own misconceptions, and to accept the maximum responsibility of which he is capable for formulating his own ideas." (Encyclopedia of Social Work, 1987.)

As navorsers practici noem Bloom en Fischer (1982: 19) (Sien ook Lippitt (1965).) die volgende kenmerke:

1. Beoefen sy praktyk as 'n probleem oplossende proses en beskou dit as die praktisyn se verantwoordelikheid om die feite van 'n saak te bepaal en niks eenvoudig net te aanvaar nie.
2. Monitor elke geval wat hanteer word.

- 3 Baseer sy praktyk sover moontlik op empiriese kennis.
4. Beskik oor die vaardighede en die verbondenheid daartoe om 'n student te bly en aan te hou soek na nuwe en effektiewe benaderings tot ingryping.

5. Inhoud van navorsingsontwerp vir Gemeenskapsontwikkeling.

Jan K. Coetzee (Development is for People, 1986: 99) verwys na 'n belangrike uitgangspunt vir die vasstel van watter faktore 'n rol speel in ontwikkeling en wat daarom gemonitor moet word.

"It thus holds that development can be measured by 'objective' indicators such as growth in per capita income, GNP, etc. The experiencing of reality as a basis of analysis departs from this view for it adheres to the argument that development is not necessarily synonymous to an enhancement of material welfare."

Daar kan dus vanuit twee uitgangspunte na ontwikkeling gekyk word. Eerstens is daar die oortuiging, wat vanuit 'n westerse oogpunt ontstaan het, nl. dat ontwikkeling ekonomies en materieel van aard is. As korrektief hierop het 'n tweede beskouing ontstaan, nl. dat ontwikkeling nie noodwendig met materiële ontwikkeling saamval nie, maar eerder die vewydering van alle situasies en omstandighede wat basiese menswaardigheid aantast, beteken. Dit blyk te verwys na die basiese onderskeid wat getref word tussen dië faktore wat lewenstandaard meet teenoor die faktore wat lewenskwaliteit meet. Daar behoort dus deeglik besin te word oor die gewensdheid van mikpunte wat vir ontwikkeling gestel word, sodat daar meer in die rigting beweeg word waar die proses van ontwikkeling werklik die ervaring van menswees positifeer.

Met hierdie persepsie as uitgangspunt kan daar na meer konkrete faktore gesoek word waardeur gemeenskapsontwikkeling teweeg gebring kan word. Die beginsel om sosiale indikatore aan te wend, is 'n wyse waarop die stand van sake rakende 'n sekere vraagstuk op konkrete wyse gemeet kan word, terwyl daar

spesifiek op die mens se ervaring van so 'n vraagstuk gelet word. (Laufer, 1974: 149-151.) Ter uitbreiding hiervan word daar eerstens kennis geneem van die faktore wat deur die "Basic Human Needs" benadering ingesluit word. Tweedens word kortliks gelet op die faktore wat deur die Bevolkingsontwikkelingsprogram(B.O.P.) van S.A. ingesluit word, aangesien hierdie program op gemeenskapsontwikkeling se basiese beginsels gebaseer is. (Development is for People, 1986.) Die B.O.P. is inderdaad dan ook 'n kontemporêre model waarmee gepoog word om o.m. lewenstandaard en lewenskwaliteit te verhef. Dit sou daarom wys wees om van die ondervinding van wat werkbaar en nie werkbaar is wat deur hierdie program opgedoen is, kennis te neem.

5.1 "Basic human needs"

Voordat daar op die verskeie faktore van die gemeenskapsontwikkelingsproses gelet word, is dit belangrik om onder meer van die probleem van waargeneemde behoeftes kennis te neem. Behoeftes kan nie alleen deur buitestaanders verkeerd verstaan word nie, maar kan ook a.g.v. onkunde deur die gemeenskap self verkeerd geïdentifiseer word. Hiermee saam moet ook kennis geneem word van die begrippe van gevoelde behoeftes en werklike behoeftes (Development is for People, 1986: 263). Wanneer na die basiese behoeftes van mense ondersoek gedoen word, is dit van belang om genoemde aspekte altyd in aanmerking te neem.

Volgens die "Basic Needs" benadering word daar op twee kategorieë gelet nl. private behoeftes enersyds, soos die van

gesinne, en andersyds die essensiële, kollektiewe behoeftes. Onder die privaat behoeftes word o.m. die volgende ingesluit:

- werkgeleenthede
- inkomste
- voedsel
- kleding
- behuising

Onder die kollektiewe behoeftes word o.m. die volgende bedoel:

- watervoorsiening
- sanitasie
- gesondheid en gesondheidsdienste
- opvoeding
- vervoer

(Vergelyk:Auret(1985).)(Sien ook Streeten (1977).)

Die basiese behoeftes benadering sluit o.m. in dat die volgende geïdentifiseer moet word: die basiese behoeftes; die minimum lewenstandaard; die armste groep in die gemeenskap en laastens die konkrete doelstellings. Omdat nie alle behoeftes gelyktydig bevredig kan word nie, is dit verder ook nodig om die behoeftes te prioritiseer - veral waar daar 'n groot aantal behoeftes geïdentifiseer word en daar nie genoegsame bronne bestaan om dit te bevredig nie (Development is for People, 1986: 354) (Sien ook Mchale, J. en Mchale, M.C. (1978), Streeten et. al (1970) en Wilson en Ramphele (1989).)

Volgens Weiss (1972: 46-47) kan die karakter eienskappe van dië wat aan die program deelneem ook as veranderlikes beskou word ten einde die vordering van die program te meet. Spesifieke deelnemerveranderlikes is o.m. ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese status, ras, lengte van verblyf in die gemeenskap, houdings, motivering vir deelname, verwagtinge, etc. Jeppe (1985: 46 - 50) (sien ook Weiss (1973)) dui ook 'n aantal belangrike veranderlikes aan waarvoor data vir die doel van gemeenskapsontwikkeling benodig word, waaronder historiese agtergrond, ekologiese faktore, demografiese eienskappe, ekonomie, sosio-kulturele faktore, opvoeding en die spesifieke institusionele strukture wat daar bestaan. Daar moet ook deeglik van die leiers in 'n gemeenskap kennis geneem word, aangesien hulle met groot sukses betrek kan en moet word.

Nadat al hierdie data bekom is, kan dit verder in terme van 'n koste/voordele analise en 'n inset-uitset analise verwerk word, sodat prioriteite in terme van koste teenoor impak bepaal kan word. Laasgenoemde geld ook vir die wederkerige impak wat bv. behoeftes, probleme en bronne op mekaar mag hê (Laufer, 1974: 145-148).

Heelwat navorsing is reeds in die veld van Maatskaplike aanwysers gedoen (Moller en Schlemmer, 1983) en dit is dus nie die doel van hierdie studie om as't ware die wiel te her-ontwerp nie. Om te kan bepaal watter faktore in 'n evaluering van 'n gemeenskap vanuit 'n holistiese perspektief ingesluit behoort

te word, is dit belangrik om wel van die faktore wat reeds as relevant uitgewys is, kennis te neem. Volgens Schneider (1976: 297 - 305) (sien ook Caplan en Barton (1978), Ellis en Erlank (1983) en Moller en Schlemmer (1983)) word daar tussen objektiewe en subjektiewe aanwysers onderskei en kan dit soos volg uiteengesit word:

Objektiewe aanwysers:

1. Inkomste, Rykdom en Werkgeleentheid:
 - % werkloosheid
 - % huishoudings met 'n inkomste benede die bestaansvlak vir huishoudings
 - persoonlike per kapita inkomste
2. Omgewing:
 - % substandaard behuising
 - konsentrasie lugbesoedeling
 - vervoerkostes
3. Gesondheid:
 - infantiele mortaliteit
 - voorkoms van selfmoord
4. Opvoeding:
 - gemiddelde opvoedingsvlak
5. Deelname en vereensaming:
 - % van die stempopulasie wat wel stem
 - per kapita bydrae tot verenigde fonds (Amerikaanse model)
6. Sosiale disorganisasie:
 - voorkoms van kriminele gedrag

- voorkoms van dwelmmisbruik

Subjektiewe aanwysers:

1. Werksbevreëdiging
2. Tevredenheidsvlak t.o.v. behuising
3. Tevredenheidsvlak t.o.v. inkomste
4. Tevredenheidsvlak t.o.v. dienste
5. Gemeenskapsbetrokkenheid
6. Gemeenskap se vaardigheidsvlak
7. Mate van vertrouwe in die regering

'n Korrelasie kan tussen die objektiewe en die subjektiewe aanwysers getrek word om o.m. die impak van hierdie faktore op mekaar te meet. Dit kan meehelp om riglyne vir beplanning en die uiteidelike identifisering van projekte volgens prioriteit daar te stel.

5.2 Die bevolkingsontwikkelingsprogram.

Die indikatore waarna die Bevolkingsontwikkelingsprogram verwys, het reeds 'n lang pad gekom en is gewysig ten einde by die eise van die R.S.A.-situasie aan te pas. Die oorspronklike indikatore is so aangepas dat dit tans 9 essensiële faktore in ag neem te wete.:

- Totale fertiliteit syfer
- Tiener swangerskappe
- Effektiewe gebruik van voorbehoed middels
- Infantiele mortaliteit

- Lewensverwagting
- Persoonlike per kapita inkomste
- Geletterdheidsvlak
- Kinders wat nie skool bywoon nie
- Kamerdigtheid

Hierdie faktore stem tot 'n groot mate ooreen met faktore wat in die basiese menslike behoeftes benadering as van belang geïdentifiseer is. Die B.O.P. het verder gegaan deur die vyf faktore te identifiseer wat na hulle mening die kern vorm vir die aanduiding van vordering in terme van ontwikkeling in die gemeenskappe. Hierdie vyf faktore is nl.:

- Totale fertiliteit syfer
- Tiener swangerskappe
- Effektiewe gebruik van voorbehoed middels
- Infantile mortaliteit
- Geletterdheid (Monitor verslag, 1989).

Wanneer op die beginsels en doelstellings, soos dit uit die voorafgaande hoofstukke na vore gekom het, gelet word, blyk die indikatore van die B.O.P. daarmee in ooreenstemming te wees.

6. Gevolgtrekkings

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om uit die voorafgaande hoofstukke gevolgtrekkings te maak wat as uitgangspunt vir die empiriese gedeelte van hierdie werkstuk sal dien.

- (1) Die navorsing moet probleem georiënteerd en prakties wees.
- (2) Die navorsing moet mens-gerig wees. Daarom moet dit op die beginsels konsentreer wat in die proses van ontwikkeling, waarin mense meer beheer oor hul omstandighede en lot verkry, mee help.
- (3) Gesien in die lig van die feit dat 'n holistiese perspektief omvattend is en daarom die vaardigheid van 'n wye veld van kenners verg, moet die navorsing nie in isolasie gedoen word nie. 'n Spanbenadering is hier die antwoord.
- (4) Enige navorsing wat in hierdie studieveld gedoen word, moet beide die mens en sy omgewing in aanmerking neem.
- (5) Data wat uit die navorsing verkry word, moet in belang van beide die mens en sy omgewing gebruik kan word, sodat die interspel tussen die mens en sy omgewing nie tot die aftakeling van die een of die ander lei nie.
- (6) Die navorser moet so sensitief te werk gaan dat hy 'n minimale invloed uitoefen en sodat die gemeenskap hulle met die navorsingsprojek kan identifiseer. Die doel is dat die navorser slegs as 'n hulpmiddel beskou word terwyl die gemeenskap selfverantwoordelikheid vir die identifisering, loodsing en bedryf van ontwikkelings-projekte aanvaar.

- (7) Die navorsingsproses moet alreeds 'n bydrae lewer tot die opvoeding van die gemeenskap ten einde hulle nog verder instaat te stel om ontwikkeling te inisieer en voort te sit. Die ontwikkeling moet dus so spontaan en met so min stimulering as moontlik begin en derhalwe so ver as moontlik as 'n spontane en natuurlike uitvloeisel voortgaan. Die betrokkenheid van die gemeenskap moet reeds in die fase van data insameling verkry deur o.m. 'n bewusmakingsproses teweeg te bring asook 'n kennisname van oplossings deur die gemeenskap self voorgestel.
- (8) Die navorsing moet ook sover moontlik tot 'n begrip vir die interspel tussen die verskeie sisteme in en om 'n gemeenskap bydra asook hoe hierdie sisteme mekaar beïnvloed.
- (9) Die navorsing moet eerder op die bepaling van die kennis van die gemeenskapslede gerig wees. Hierop moet teoretisering dan gebaseer word en nie deur 'n teorie wat geforseerd op die gemeenskappe van toegepassing gemaak word nie.
- (10) Data word in terme van die gemeenskap se sisteme en basiese behoeftes ingesamel. Daar moet ook onderskeid getref word tussen dië faktore wat lewenskwaliteit aandui teenoor dië wat lewenstandaard aandui. Die westerse groeimodel strook nie noodwendig met die toekomsverwagtinge van 'n gemeenskap nie en aanduiders hiervan kan nie summier gebruik word om die progressie van ontwikkeling te toets nie.
- (11) Die data vanuit die navorsing verkry, moet herhaaldelik

getoets kan word ten einde vordering te meet. Laasgenoemde moet aan die gemeenskap voorgehou kan word om hulle sodoende in staat te stel om hulle realiteite te evalueer en regstellings of herbeplanning te kan doen. Hierna herhaal die hele proses sigself weer totdat die gewenste uiteinde bereik word of totdat dit tot die identifisering van nuwe behoeftes en projekte kan lei.

- (12) Die data wat van die navorsing verkry word, moet nie alleen 'n duidelike beeld van die sosio-ekonomiese en demografiese toestande weergee nie, maar ook van die gemeenskapstrukture en -instellings asook die posisie ten opsigte van die leierskorps in die gemeenskap. Die doel hiervan is tweërlei. Eerstens moet 'n helder beeld van die realiteite gevorm kan word sodat beplanning gevolglik op korrekte en volledige informasie berus. Tweedens moet daar ook 'n begrip vir die impak van die onderskeie fatore op mekaar gevorm kan word.

Die vraelys/metingsinstrument wat na aanleiding van die vereistes soos in die voorafgaande uiteengesit is, ontwerp is, is by hierdie verslag ingesluit as aanhangsels A en B en die data wat daardeur verkry is, in afdeling B weergee.

B. EMPIRIESE DATA SOOS VERKRY DEUR DIE TOEPASSING VAN DIE
BEGINSELS, BEGRIPPE EN AFLEIDINGS VANUIT AFDELING A.

7. **Samestelling van die steekproewe**

Drie van die vier woongebiede is vir die doeleindes van die opname ingesluit. Die vierde woongebied word deur die gemeenskap as "Sending-gronde" en dus nie as werklik deel van die gemeenskap beskou nie. Indien hierdie woongebied ook by enige beplanning ingesluit sou word, sou dit geen negatiewe invloed hê nie, omdat die woongebiede in byna elke opsig homogeen is en resultate vir die ingeslote drie woongebiede dus ook betrekking sal hê op die vierde woongebied.

Vir vraelys 1 en 2 was daar onderskeidelik 64 en 62 respondente, wat 'n steekproef van onderskeidelik 24.8% en 24% van die universum verteenwoordig. Die genoemde persentasies is net kort van 'n 25% steekproef aangesien sommige van die respondente wat deur die ewigkansige steekproef geïdentifiseer is, nie opgespoor kon word nie.

Die samestelling is soos volg:

VRAELYS 1:

| | | | | |
|--------------|---|----|-------------|----------------------------|
| Woongebied 1 | - | 12 | respondente | (18.7% van die steekproef) |
| Woongebied 2 | - | 35 | respondente | (54.7% van die steekproef) |
| Woongebied 3 | - | 17 | respondente | (26.6% van die steekproef) |
| Totaal | | 64 | respondente | (100%) |

VRAELYS 2:

| | | | | |
|--------------|---|----|-------------|--------------------------|
| Woongebied 1 | - | 13 | respondente | (21% van die steekproef) |
|--------------|---|----|-------------|--------------------------|

Woongebied 2 - 32 respondente (51.6% van die steekproef

Woongebied 3 - 17 respondente (27.4% van die steekproef

Totaal 62 respondente (100%)

* N.B. In alle tabelle is N = Aantal

Die verspreiding van die steekproef oor die woongebiede is volgens die bevolkingsverspreiding gedoen, sodat 'n gelyke persentasie verteenwoordiging van elke woongebied in die steekproef verkry kon word.


Grafiek No. 1 is opgestel om die verspreiding van ouderdom en geslag van die populasie van die steekproef voor te stel. Vir hierdie doel is die ouderdomme in eenhede van 10 jaar opgedeel.

Die doel van hierdie grafiek is om as hulpmiddel te dien in die interpretasie van opnamestatistiek, asook met die opstel van aanbevelings.

POPULASIE VERSPREIDING GESLAGS-EN OUDERDOMSVERSPREIDING

GRAFIEK 1:

OUDERDOM



8. BIOGRAFIESE INLIGTING

8.1 Geslagsverdeling.

Die geslagsverdeling van respondente word in tabel 1 aangetoon.

Tabel 1: Geslagsverdeling van respondente.

| Geslag | Vraelys 1 | | Vraelys 2 | |
|---------|-----------|-------|-----------|-------|
| | N | % | N | % |
| Manlik | 15 | 23.4 | 21 | 33.9 |
| Vroulik | 49 | 76.6 | 41 | 66.1 |
| Totaal | 64 | 100.0 | 62 | 100.0 |


Uit tabel 1 blyk dit dat daar meer vroulike as manlike respondente was. Dit kan toegeskryf word aan twee moontlike redes. By sommige huishoudings is die hoof van die huishouding vroulik vanweë die feit dat sy 'n weduwee is. In ander gevalle was die man, as hoof van die huis, nie beskikbaar nie, aangesien hy 'n afstand van hul huis af werk. Hier moes die vrou dan namens die man die vraelys beantwoord.

8.2 Herkoms

'n Belangrike aspek waaraan oorweging geskenk is, is die moontlike verskil in menings en beskouings wat mag bestaan tussen diegene wat van die trustgebied afkomstig is en diegene wat hulle van elders in die trustgebied kom vestig het.

Die plek van herkoms word in diagram 1 uiteengesit.

Diagram 1: Plek van herkoms



Uit diagram 1 word afgelei dat die meerderheid van respondente, nl. 80 (64,1%), uit Wartburg afkomstig is, terwyl 35,9% intrekkers uit die omliggende landelike gebied is.

Volgens kruistabulasies wat tussen plek van herkoms getrek is ten opsigte van sommige vrae in vraelyste 1 en 2, is daar geen noemenswaardige verskil in mening nie. Die enigste beduidende inligting is die volgende:

1. Van diegene afkomstig uit Wartburg, ondervind 50% probleme ten opsigte van die plaaslike skool, terwyl slegs 16,7% van diegene wat intrekkers uit die omliggende landelike area is dieselfde mening huldig.
2. Alhoewel daar geen meningsverskil aangedui is nie, is dit belangrik om daarop te let dat slegs 2 van die 64 respondente wat van die omliggende gebiede afkomstig is, grond bewerk; dit teenoor 13 respondente wat van Wartburg afkomstig is wat grond bewerk.
3. Daar blyk 'n groter geneigdheid te wees om ontevredenheid ten opsigte van huidige omstandighede in die gemeenskap uit te spreek onder diegene wat uit Wartburg afkomstig is, nl. 67,6%, teenoor 48% van diegene wat van buite ingetrek het.

8.3 Huistaal

Alle respondente is Xhosa-sprekend. Alhoewel 'n vraag ten opsigte van ander taalmagtigheid nie by die vraelys ingesluit is nie, is uit observasie gevind dat die tweede taal hoofsaaklik Engels is. Enkelinge is by magte om gebroke Afrikaans te praat.

8.4 Kerkverband

Die kerkverband van respondente word in tabel 2 uiteengesit.

Tabel 2: Kerkverband van respondente.

| Kerkgenootskap | N | % |
|----------------------------------|-----|-------|
| N.I.C.C. | 46 | 36,5 |
| Presbeteriaans | 11 | 8,7 |
| Luthers | 27 | 21,4 |
| Zioniste | 15 | 11,9 |
| Methodiste | 7 | 5,5 |
| Apostolies | 4 | 3,2 |
| "United Utopia Church of Africa" | 2 | 1,6 |
| "Assemblies of God" | 5 | 4,0 |
| "Full Gospel" | 3 | 2,4 |
| Katoliek | 2 | 1,6 |
| Nie betrokke nie | 4 | 3,2 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

Uit tabel 2 word afgelei dat die grootste aantal respondente lidmate van die een of ander kerkgenootskap is, nl. 122 (96,8%), en dat slegs enkelinge, nl. 4 (3,2%) geen kerklike verband het nie. Die kerkgenootskappe wat die sterkste verteenwoordig is, is nl. die N.I.C.C. (Native Independant Congregational Church) met 36,5% verteenwoordiging, die Lutherse kerk met 21,4% en die Zioniste met 11,9% verteenwoordiging.

8.5 Huwelikstatus

Die huwelikstatus van respondente word in tabel 3 aangetoon.

Tabel 3: Huwelikstatus van respondente.

| Huwelikstatus | N | % |
|------------------|-----|-------|
| Getroud | 72 | 57,1 |
| Enkellopend | 5 | 4,0 |
| Geskei | 5 | 4,0 |
| Weduwee/Wewenaar | 44 | 34,9 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

Uit tabel 3 word afgelei dat alle huwelike in hierdie gemeenskap monogaam is. Met nadere ondersoek van die data is gevind dat twee van die enkellopendes mans is, terwyl al vyf

die geskeides vroulik is. Die verskynsel dat 52 (41,3%) van die huishoudings vroulike hoofde het (aangesien hulle òf weduwees, òf geskei, òf enkellopend is) gee 'n aanduiding vir die feit dat daar soveel vroulike respondente is. Kruiskorrelate vir onderskeidelik manlike en vroulike respondente is getrek en geen noemenswaardige verskil in response kon afgelei word nie. Dit blyk dus dat vroulike en manlike respondente se inligting ewe betroubaar is.

Uit die data blyk dit verder ook dat die meeste getroude manlike persone, in die ouderdomsgroep 45 tot 75 jaar val. 'n Interessante verskynsel is dat die mans in die ouderdomsgroep 20 - 30 jaar slegs 'n baie klein groep van die steekproef verteenwoordig (Sien grafiek 1). Dit dui waarskynlik daarop dat jonger mans die gebied verlaat om hul arbeid op ander plekke te verkoop. Uit die data is ook afgelei dat die meeste getroude vroue, tussen 25 en 75 jaar oud is. Dit blyk dus dat mans op 'n hoër ouderdom as vroue in die huwelik tree en hulleself vestig.

8.6 Huwelikstipes

Die tipes huwelike wat in die gemeenskap aangegaan is, word in tabel 4 uiteengesit.

Tabel 4: Tipe huwelik wat respondente aangegaan het.

| Tipe huwelik | N | % |
|--|-----|-------|
| Tradisioneel | 75 | 59,5 |
| Siviel | 0 | 0 |
| Tradisioneel en siviel | 37 | 29,4 |
| N.V.T. omdat persone geskei, nooit getroud of weduwees/wewenaars is. | 14 | 11,1 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat 37 (29,4%) van die respondente 'n gekombineerde siviele en tradisionele huwelik aangegaan het. Die meeste van die huwelike, nl. 75 (59,5%), is egter tradisioneel. Dit is dus duidelik dat daar steeds 'n sterk tradisionele geneigtheid ten opsigte van huwelike bestaan, maar dat 'n kleiner groep (29,4%) reeds begin het om van die suiwer tradisionele opset weg te breek.

8.7 Lobola

Die wyse van toepassing van lobola word in tabel 5 uiteengesit.

Tabel 5: Die toepassing van lobola deur respondente

| Vorm van lobola | N | % |
|-----------------|-----|-------|
| Vee en geld | 29 | 24,0 |
| Slegs vee | 75 | 62,0 |
| Slegs geld | 17 | 14,0 |
| Totaal | 121 | 100,0 |

Uit tabel 5 word afgelei dat daar in die meeste gevalle, nl. 75 (62%), slegs van lewendehawe gebruik gemaak is, terwyl 'n kleiner getal respondente van lewendehawe en geld, of slegs geld, gebruik gemaak het, nl. 29 (24%) en 17 (14%) onderskeidelik. Die 5 gevalle wat in die steekproef van 126 kortkom, is waarkynlik die 5 enkellopendes.

Wanneer die resultate van tabelle 4 en 5 in oënskou geneem word, blyk dit dat daar 'n sterk tradisionele oriëntering ten opsigte van die huwelik bestaan. 'n Verdere afleiding is dat 'n kleiner getal, nl. 37 (29,4%) ten opsigte van die tipe huwelik en 43 (38%) ten opsigte van die vorm van lobola, wegbreek van die suiwer tradisionele en 'n verwesterse vorm van die huwelik aanneem.

8.8 Hoofde van huishoudings

Die persoon wat as die hoof van 'n huishouding beskou word, word in tabel 6 uiteengesit.

Tabel 6: Die hoofde van huishoudings

| Persoon wat as hoof van 'n huishouding beskou word | N | % |
|--|-----|-------|
| Eggenoot | 73 | 57,9 |
| Eggenote | 47 | 37,3 |
| Moeder | 2 | 1,6 |
| Seun | 4 | 3,2 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

Uit tabel 6 blyk dit dat die eggenoot in 73 (47,9%) van die gevalle as hoof van die huishouding beskou word. Hiernaas tree 47 (37,3%) van die vroue op as waarnemende hoofde van hul huishoudings. Dit blyk ook dat, indien die eggenoot of eggenote nie beskikbaar is nie, òf die moeder, òf die seun as hoof van die huishouding optree.

Hierdie data toon dat die persoon wat as hoof van die huishouding optree, volgens meer tradisionele norme bepaal word.

8.9 Fertilitateitsyfer

Die totale aantal kinders gebore tot die totale aantal huishoudings is 674. Van al die huishoudings in die steekproef was daar 2 enkellopende mans wat hoofde van huishoudings was (sien 4.2.5). Daar was dus 124 vroue betrokke by die baar van bogenoemde 674 kinders, wat op 'n totale fertilitateitsyfer van 5,4 dui.

8.10 Opvolging

Die opvolgingswyse van hoofde van huishoudings word in tabel 7 aangetoon.

Tabel 7: Opvolging van hoofde van huishoudings

| Persoon wat die hoof van 'n huishouding opvolg | N | % |
|--|----|-------|
| Seun | 35 | 54,7 |
| Vrou | 15 | 23,4 |
| Dogter | 8 | 12,5 |
| Suster | 2 | 3,1 |
| Niggie | 1 | 1,6 |
| Kind | 1 | 1,6 |
| Niemand | 2 | 3,1 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Tradisionele oriëntering word deur hierdie tabel aangedui, waar die seun klaarblyklik die natuurlike opvolger is, met die eggenote van die vader (in die tabel aangedui as vrou) wat opvolg indien daar nie 'n seun is nie, of indien die seun nie oud genoeg is ten tye van die vader se afsterwe nie. Die ander alternatiewe blyk slegs gerieflikheidshalwe te wees, omdat daar geen ander persoon beskikbaar is nie.

8.11 Gesinsoriëntasie

Die wyse waarop jonggetroude egpare vestig, word in tabel 8 uiteengesit.

Tabel 8: Oriëntasie ten opsigte van gesinsverbande.

| Gesinsverband waartoe geörienteerd is | N | % |
|---------------------------------------|----|-------|
| Patrilokaal | 26 | 40,6 |
| Matrilokaal | 4 | 6,3 |
| Bilokaal | 1 | 1,6 |
| Neolokaal | 33 | 51,6 |
| Totaal | 64 | 100,1 |

Uit hierdie tabel word afgelei dat die meeste gevalle òf neolokaal, nl. 33 (51,6%), òf patrilokaal, nl. 26 (40,6%), georiënteerd is. Dit blyk dus dat, alhoewel 'n sterk element van tradisionalisme (dit wil sê patrilokale oriëntasie) aanwesig is, daar 'n sterk verskuiwing na 'n meer westerse oriëntasie (dit wil sê neolokale vestiging) is.

8.12 Afhanklikheidslas

Die hoeveelheid kinders, biologies of andersins, wat ten tye van die opname nog in die sorg van die respondente was, word in tabel 9 uiteengesit.

Tabel 9: Aantal kinders in die sorg van respondente

| Kinders in respondente se sorg | N | % |
|--------------------------------|-----|-----|
| Biologiese kind | 267 | 50 |
| Ander kinders | 267 | 50 |
| Totaal | 534 | 100 |


Uit tabel 9 blyk dit dat daar (ten tye van die opname) 267 biologiese en 267 ander kinders was wat deur (die) 126 huishoudings versorg is. Daar is dus 'n gemiddelde afhanklikheidslas van 4,2 kinders per huishouding.

8.13 Geletterdheid

Volgens die Bevolkingsontwikkelingsprogram is die minimum aanvaarbare vlak van geletterdheid om in die moderne samelewing te kan funksioneer, dat enige persoon van 14 jaar of ouer 'n minimum skoling van Std. 5 behoort te hê.

Die aantal persone wat ouer as 14 jaar is en wat ten minste 'n Std. 5 kwalifikasie het, word in grafiek 2 aangetoon.

Grafiek 2: Persone wat ouer as 14 jaar is wat onderskeidelik minder as Std. 5 en andersins ten minste 'n std. 5 kwalifikasie het.



Uit hierdie grafiek blyk dit dat die ongeletterdheidsvlak by die ouer persone (nl. eggenoot, eggenote en andere) baie hoog is in vergelyking met die geletterdheidsvlak, terwyl die omgekeerde waar is van die jonger generasies, nl. die kinders en kleinkinders. Daar is in totaal 149 persone wat geletterd is, teenoor 201 wat ongeletterd is. Dit dui daarop dat die ongeletterdheidsvlak 57,4% is. 'n Verdere afleiding is dat die eggenote en eggenotes, wat meestal die besluitnemers en broodwinners is, 'n hoë vlak van ongeletterdheid het, nl. 73 (75,2%). Verdere ondersoek van die data het ook getoon dat 40,5% van eggenote en 42,9% van eggenotes wat hoofde van huishoudings is of hoofde se gades is, geheel en al ongeletterd is.

9. Opvoeding en skoling

9.1 Die vlak van skoling van skoolgaande kinders in die plaaslike skool, manlik en vroulik onderskeidelik, word in tabel 10 uiteengesit.

Tabel 10: Vlak van skoling van skoolgaande kinders.

| Standerd tydens ondersoek | Seuns | Dogters |
|---------------------------|-------|---------|
| Sub A | 20 | 3 |
| Sub B | 15 | 8 |
| St.1 | 16 | 1 |
| St.2 | 10 | 4 |
| St.3 | 6 | 4 |
| St.4 | 3 | 9 |
| St.5 | 1 | 4 |
| Totaal | 72 | 34 |

Uit die statistiek van tabel 10 blyk dit dat 'n groter aantal seuns, nl. 72, as dogters, nl. 34, die plaaslike skool bywoon. Hierdie verskynsel word deels verklaar deur te let op die ouderdomsverspreiding volgens grafiek 1. Uit hierdie grafiek blyk dit dat daar meer seuns as dogters in die ouderdomsgroepe 0 - 10 jaar en 10 - 20 jaar is.

By nadere ondersoek van die data is bepaal dat daar 148 kinders tussen die ouderdom 6 en 18 jaar (wat as die standaard skoolgaande ouderdom beskou word) in die respondente se huishouding is. Verder is ook bepaal dat daar 31 kinders is wat skool buite Wartburg bywoon. Hieruit word bereken dat 126 uit die 148 (85,14%) kinders van skoolgaande ouderdom wel skool bywoon.

9.2 Die evaluasie van die plaaslike skool word in tabel 11 weergegee.

Tabel 11: Evaluasie van die plaaslike skool deur respondente.

| Evaluasie-kategorie | N | % |
|--|----|-------|
| Net so goed soos in enige ander skool in 'n landelike gebied | 29 | 56,9 |
| Beter as ander skole in 'n landelike gebied | 0 | 0 |
| Heelwat swakker as dieselfde tipe skool in 'n landelike gebied | 22 | 43,1 |
| Totaal | 51 | 100,0 |

Uit tabel 11 word afgelei dat die meerderheid, nl. 56,9%, aandui dat die plaaslike skool ten tye van die ondersoek net so goed soos enige ander skool in 'n landelike gebied is. Geen respondente het egter gemeen dat die skool beter as ander skole in 'n landelike omgewing mag wees nie, terwyl 'n groot groep, nl. 22 (43,1%), wel aangedui het dat die fasiliteite van die skool heelwat swakker is. Deur verdere ondersoek is gevind dat skoolfasiliteite in landelike gebiede oor die algemeen ontoereikend is. Die afleiding word dus gemaak dat die "net so goed as"-response in werklikheid nie 'n positiewe respons is nie, maar dat in albei gevalle ("net so goed" asook "heelwat swakker") 'n ontoereikendheid ten opsigte van die plaaslike skool aangedui word.

9.3 Of daar probleme ondervind word met die plaaslike skool/skole, al dan nie, word in tabel 12 aangetoon.

Tabel 12: Probleme ten opsigte van die plaaslike skool.

| Probleme word ten opsigte van die plaaslike skool ondervind | N | % |
|---|----|-----|
| Ja | 21 | 42 |
| Nee | 27 | 54 |
| Onseker | 2 | 4 |
| Totaal | 50 | 100 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat 'n groot aantal respondente, nl. 21 (42%), probleme met die plaaslike skool ondervind. Hierdie data, tesame met die afleidings in paragraaf 9.2., dui daarop dat daar 'n sterk gevoel van ontevredenheid ten opsigte van die plaaslike skoolfasiliteite in die gemeenskap heers.

9.4 In tabel 13 word die wyses waarop die skoolfasiliteite in die gemeenskap verbeter kan word, volgens voorstelle van die respondente, aangetoon.

Tabel 13: Voorstelle van wyses waarop die plaaslike skoolfasiliteite verbeter kan word.

| Aksies wat geneem kan word ter verbetering van die plaaslike skoolfasiliteite | N | % |
|---|----|-------|
| 'n Nuwe skool moet gebou word | 15 | 68,2 |
| Meer klaskamers is nodig om skoliere te akkommodeer | 4 | 18,2 |
| Die skool moet opgegradeer word na hoër standerds | 2 | 9,1 |
| Die oprig tans van 'n nuwe primêre skool is 'n plusfaktor | 1 | 4,5 |
| Totaal | 22 | 100,0 |

Alhoewel slegs 'n klein aantal respondente op hierdie vraag gereageer het, nl. 22 uit 'n moontlike 64, blyk dit tog uit die tabel dat die meerderheid van die wat wel gereageer het, nl. 15 (68,2%), van mening is dat 'n nuwe skool nodig is. Die ander menings komplementeër hierdie mening, deurdat 4 (18,2%) meen dat meer klaskamers nodig is, 2 (9,1%) dat die skool opgegradeer moet word en 1 (4,5%) dat die oprig van 'n nuwe primêre skool wat tans in aanbou is, 'n positiewe faktor is. Uit hierdie data blyk dit dat 'n groter, opgegradeerde skool (wat hoër standerds insluit) 'n behoefte in die gemeenskap is.

9.5 Die aantal kinders, volgens geslag, wat skole buite Wartburg bywoon, word in tabel 14 aangetoon.


Tabel 14

| Aantal seuns en dogters wat skole buite die studie-gebied bywoon | N | % |
|--|----|-------|
| Seuns | 11 | 35,5 |
| Dogters | 20 | 64,5 |
| Totaal | 31 | 100,0 |

Uit tabel. 14 blyk dit dat 'n totaal van 31 kinders skole buite die gemeenskap bywoon. Van hierdie 31 kinders is 11 (35,5%) seuns en 20 (64,5%) dogters, waaruit afgelei word dat meer dogters as seuns hulle skoolloopbane in skole buite hul gemeenskap voortsit.

9.6 Die standerds wat bygewoon word in skole buite die gemeenskap, volgens geslag, word in grafiek 3 aangedui.

Grafiek 3: Aantal seuns en dogters (volgens standerd) wat skole buite die gemeenskap bywoon.



Hierdie grafiek dui aan dat die meerderheid kinders wat hul skoolloopbane in ander areas voortsit, nl. 9 (29%) seuns en 20 (64,5%) dogters, in St.5 of hoër is. 'n Klein aantal, nl. 2 (6,4%) seuns, wat skole buite hul gemeenskap bywoon, is in laer standerds nl. St.1 en St.3 (1 elk). Hieruit word afgelei dat die meeste kinders, nl. 25 (93,5%) skole buite die gemeenskap bywoon om hul skoolloopbane na hoër standerds voort te sit.

9.7 Die plekke buite die gemeenskap waar skool bygewoon word, word in tabel 15 aangedui.

Tabel 15: Plekke waar skole, anders as plaaslik, bygewoon word.

| Plek (buite die gemeenskap) waar skool bygewoon word | N | % |
|--|----|-------|
| Alice | 3 | 9,7 |
| Cathcart | 8 | 25,8 |
| Stutterheim | 9 | 29,0 |
| Debe Neck | 1 | 3,2 |
| Mgwali | 5 | 16,1 |
| Woodsland | 1 | 3,2 |
| Zwelitsha | 2 | 6,4 |
| Ilitha | 1 | 3,2 |
| Queenstown | 1 | 3,2 |
| Totaal | 31 | 100,0 |

Uit tabel 15 blyk dit dat die meeste kinders na die naasliggende gebiede gaan om hul skoolloopbane voort te sit, nl. Stutterheim 9 (29%), Cathcart 8 (25,8%) en Mgwali 5 (16,1%). Hierdie woongebiede is almal binne 40 km van Wartburg. Die ander gebiede is tussen 50 km en 100 km van Wartburg af.

- 9.8 Die beskikbaarheid van hostelle vir skoliere wat in ander gebiede skool bywoon, word in tabel 16 aangedui.

Tabel 16: Beskikbaarheid van hostelle in gebiede buite die gemeenskap.

| Hostelle is beskikbaar | N | % |
|------------------------|----|-------|
| Ja | 2 | 8,7 |
| Nee | 21 | 91,3 |
| Totaal | 23 | 100,0 |

Uit die 21 response blyk dit dat die meerderheid, nl. 21 (91,3%) ondervind dat hostelle vir skoliere wat skole buite hul gemeenskap bywoon, nie beskikbaar is nie.

- 9.9 Die redes wat deur respondente aangevoer is waarom kinders ander skole buite die gemeenskap bywoon, word in tabel 17 aangetoon.

Tabel 17: Redes waarom kinders skole buite die gemeenskap bywoon.

| Redes vir bywoning van skole buite die gemeenskap | N | % |
|--|----|-------|
| Geen senior skole is in Wartburg beskikbaar nie | 17 | 94,4 |
| Geen spesiale skole is vir bv. blindes/dowes/ander gestremdes beskikbaar nie | 1 | 5,6 |
| Totaal | 18 | 100,0 |

Uit tabel 17 blyk dit dat die meeste van die 18 response, nl. 17 (94,4%), daarop dui dat skoliere skole buite Wartburg bywoon omdat hulle graag hul skoolloopbane wil voortsit om standerds wat in senior skole aangebied word, nl. St.6 - 10, te kan behaal. Hierdie feite dui daarop dat skoliere groot moeite aangaan om hul skoolloopbane te voltooi. Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n hoër gradering van die plaaslike skool 'n werklike behoefte is. As 'n alternatief benodig die skoliere vryer toegang tot skole met 'n hoër gradering, dit wil sê St.6 - 10.

9.10 Die tipe vervoer wat skoliere na die skole buite die gemeenskap gebruik, word in tabel 18 uiteengesit.

Tabel 18: Tipe vervoer wat skoliere na skole buite die gemeenskap gebruik.

| Tipe vervoer | N | % |
|--------------|----|------|
| Huurmotor | 18 | 78,3 |
| Trein/Bus | 1 | 4,3 |
| Te voet | 3 | 13,0 |
| Ry-loop | 1 | 4,3 |
| Totaal | 23 | 99,9 |

Uit hierdie tabel blyk dit duidelik dat huurmotors die mees algemene vorm van vervoer is. Dit is egter 'n feit dat hierdie vorm van vervoer die duurste is. Waarskynlik is huurmotors meer geredelik beskikbaar en ook meer betroubaar as ander vorms van vervoer.

9.11 Of probleme met die skole buite die gemeenskap ondervind word, al dan nie, word in tabel 19 aangetoon.

Tabel 19: Probleme ten opsigte van skole buite die gemeenskap wat deur kinders uit die gemeenskap bygewoon word.

| Probleme word met skool ondervind | N | % |
|-----------------------------------|----|-------|
| Ja | 1 | 4,3 |
| Nee | 22 | 95,7 |
| Onseker | 0 | 0 |
| Totaal | 23 | 100,0 |

Uit tabel 20 word afgelei dat die meerderheid, nl. 22 (95,7%), van mening is dat geen probleme met die skole buite die gemeenskap wat deur skoliere van die gemeenskap bygewoon word, ondervind word nie.

Op versoek dat respondente op antwoord soos in tabel 20 aangedui, moes uitbrei, is slegs die volgende twee response verkry:

1. Daar is geen probleme nie en die skole bied die nodige dienste.
2. Hierdie skole is goeie, sterk, permanente strukture.

9.12 Die hoeveelheid huishoudings wat kinders van skoolgaande ouderdom het wat nogtans nie skool bywoon nie, word in tabel 20 uiteengesit. Die ouderdomsgroep 7 - 21 jaar is vir die doel van hierdie vraag as skoolgaande ouderdom beskou. Die rede hiervoor is dat kinders van 6 jaar steeds 'n dagsorgsentrum kan bywoon en daarom nie skool bywoon nie en ook omdat heelwat persone in dergelike landelike gebiede op 21-jarige ouderdom steeds skool bywoon.

Tabel 20: Aantal huishoudings met kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie.

| Skoolbywonong deur kinders van skoolgaande ouderdom | N | % |
|--|----|-------|
| Ja - kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie, kom voor in die huishouding | 23 | 35,9 |
| Nee - kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie, kom nie voor in die huishouding nie | 40 | 62,5 |
| Nie van toepassing nie - het geen kinders nie | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 20 blyk dit dat daar 'n duidelike voorkoms van huishoudings is waar gevalle van kinders wat nie skool bywoon nie, voorkom, nl. 23 (35,9%).

- 9.13 Die redes wat aangevoer is vir die verskynsel dat kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie, word in tabel 21 uiteengesit.

Tabel 21: Die redes wat deur respondente aangevoer is, per geval, waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie.

| Redes waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie | N | % |
|--|----|-----|
| Geen geld vir skoolfooie en ander meegaande koste nie | 12 | 48 |
| Skolier het verkies om werk te bekom | 3 | 12 |
| Swangerskap | 6 | 24 |
| Fisiese gestremdheid | 1 | 4 |
| Weggeloop van die huis | 1 | 4 |
| Chroniese siekte-toestand | 1 | 4 |
| Epilepsie | 1 | 4 |
| Totaal | 25 | 100 |

Uit die data in tabel 21 word afgelei dat die twee belangrikste redes vir nie-skoolbywoning van kinders van skoolgaande ouderdom is dat daar in 12 (48%) gevalle nie

genoegsame geld is om skoolfooie en ander meegaande kostes te kan dek nie. In 6 (24%) gevalle was swangerskappe verantwoordelik vir nie-skoolbywooning. In 3 gevalle (14%) het die skolier besluit om skool te verlaat en werk te bekom.

10. **Beroep en inkomste**

10.1 Die aantal mense in die gemeenskap wat in 'n beroep staan en/of 'n inkomste genereer, word in tabel 22 uiteengesit.

Tabel 22: Die werkstatus van mense in die gemeenskap wat 'n inkomste genereer.

| Wyse waarop 'n inkomste gegeneer word | N | % |
|---------------------------------------|-----|-------|
| Voltydse werknemer | 79 | 62,7 |
| Deeltydse werknemer | 6 | 4,8 |
| Eie onderneming/besigheid | 8 | 6,3 |
| Eie boerdery | 1 | 0,8 |
| Pensioenaris | 32 | 25,4 |
| Totaal | 126 | 100,0 |


Uit tabel 22 word afgelei dat die grootste aantal persone wat 'n inkomste genereer, nl. 79 (62,7%), voltydse werknemers is. Die volgende grootste kategorie van mense wat 'n inkomste genereer is die pensioenarisse, nl. 32 (25,4%) wat daarop dui dat die gemeenskap tot 'n groot mate op inkomstes van pensioene staatmaak vir die onderhoud van huishoudings en afhanklikes.

Wanneer die feit dat hierdie 'n hoofsaaklik landelike omgewing is in gedagte gehou word, blyk die aantal mense wat 'n inkomste uit boerdery genereer, nl. 1 (0,8%), verrassend laag te wees. Die feit dat eie ondernemings, nl. 8 (6,3%), voorkom in so 'n landelike gebied, is 'n bemoedigende verskynsel en kan as 'n positiewe aanduiding van die potensiaal vir entrepreneurskap beskou word.

Wanneer die posisie van indiensneming van naderby beskou word, blyk dit dat, uit die totale populasie van die steekproef van 564 persone, 273 in 'n ouderdomsgroep val wat hulle beskikbaar vir indiensneming stel, aangesien 291 as afhanklikes beskou word. Van diegene wat wel 'n inkomste genereer, volgens tabel 22, is 94 in een of ander posisie in diens geneem en is 32 reeds pensioenarisse. Hieruit word afgelei dat 241 persone beskikbaar is vir indiensneming terwyl 94 werklik in diens geneem is, wat 'n indiensnemingsvlak van 39% aandui (sien paragraaf 10.1).

10.2 Die soorte werk wat gedoen word deur diegene wat voltydse werk het, word in grafiek 4 volgens die frekwensie van voorkoms in huishoudings aangeteken, beginnend van die hoogste tot die laagste voorkoms.

Grafiek 4: Voorkoms van soorte werk waarby gemeenskapslede betrokke is.



Uit grafiek 4 blyk dit dat die werk met die hoogste voorkoms dié van arbeider is, waarvan die meerderheid plaasarbeiders is, nl. 26 (36,2%) waar ongeskoolde arbeid behels word. Hiernaas is die beroep van mynwerker, nl. 12 (17,4%) die hoogste. Aangesien myne ver van die gemeenskap is, beteken dit dat hierdie persone pendelarbeiders is en dus hul tuistes moet verlaat.

10.3 Die soorte eie-ondernemings of besighede wat aangepak word, word in tabel 23 aangetoon.

Tabel 23: Die soorte eie-ondernemings wat tans deur gemeenskapslede bedryf word.

| Soort onderneming | N | % |
|--------------------------|---|-------|
| Klein algemene handelaar | 2 | 25 |
| Kleremaker | 2 | 25 |
| Huurmotor | 3 | 37,5 |
| Kleresmous | 1 | 12,5 |
| Totaal | 8 | 100,0 |

Aangesien die "N" so klein is, kan weinig afleidings gemaak word, behalwe dat die feit dat eie ondernemings wel bedryf word, aantoon dat daar wel 'n potensiaal bestaan vir entrepreneurskap.

Tydens onderhoudvoering met die geïdentifiseerde eie-ondernemers het dit geblyk dat die ontwikkeling van entrepreneurskap ernstig gekortwiek word deur faktore soos 'n akute tekort aan finansiering en opleiding, insluitend tegnies en besigheidsvernuf.

Die response op vaardighede en ondervinding was nie sinvol nie en geen sinvolle data kon vir interpretasie vasgelê word nie.

- 10.4 Die inkomste wat ten tye van die opname per maand gegeneer is, word in tabel 24 uiteengesit.

Tabel 24: Inkomste wat per maand deur lede van die gemeenskap gegeneer word.

| Beroepsklas-indeling | Inkomste gegeneer p/mnd. in Rand | % van Totaal |
|----------------------|----------------------------------|--------------|
| Voltydse werknemer | 38 042 | 79,5 |
| Deeltydse werknemer | 1 293 | 2,7 |
| Eie onderneming | 3 115 | 6,5 |
| Eie boerdery | 600 | 1,3 |
| Pensioenaris | 4 800 | 10,0 |
| Totaal | 47 850 | 100,0 |

Indien aanvaar sou word dat alle geld wat gegeneer word wel in die gemeenskap geïnvesteer word, kan bereken word dat die persoonlike per kapita inkomste vir die 564 persone wat in

die proefsteek ingesluit is, $R47\ 850/564 = R84.84$ per maand is.

Volgens die statistiek rakende Sub-Sahara-Afrika, blyk die persoonlike per kapita inkomste van R83.24 per maand van die gemeenskap in lyn te wees met Sub-Sahara-Afrika. Die feit dat die situasie in Wartburg geensins beter is as die Sub-Sahara-gebiede nie, is onrusbarend.

11. Samevatting en gevolgtrekkings

Die biografiese inligting van respondente, soos in hoofstuk 8 uiteengesit, word in enige opname gewoonlik as verdelers gebruik waarteen alle statistiek van die opname in kruistabulasies verreken word om te bepaal of daar 'n kousale verband tussen veranderlikes bestaan, al dan nie. Hierdie prosedure is wel gebruik om die betroubaarheid van inligting te toets in terme van verskil in mening ten opsigte van diegene wat van buite die trust-gebied (Wartburg) afkomstig is, teenoor die wat oorspronklik van die gebied is, asook ten opsigte van vroulike en manlike respondente. Die volledige bespreking in hierdie verband is onder meer te vinde in paragrawe 8.1 en 8.2.

Aangesien hierdie studie as 'n werksdokument bedoel is in terme van aksienavorsing, kan verdere kruistabulasies getrek word soos dit in die praktyk nodig geag mag word. Vir die doel van hierdie verslag word 'n opsomming deur middel van nominale skale en kumulatiewe frekwensie distribusies gedoen, waardeur 'n duidelike beeld van die samestelling, funksionering en behoeftes van die gemeenskap na vore kom.

Aangaande die data wat ten opsigte van die biografiese inligting weergegee is, word die volgende aspekte uitgelig:

11.1 Geslagsverdeling

- Die geslagspiramide toon 'n konsentrasie van persone onder 20 jaar oud, wat daarop dui dat genoegsame voorsiening vir die jonger groep gemaak moet word ten opsigte van opvoeding, vryetydsbesteding en toekoms.
- Daar blyk 'n skerp afname voor te kom in die jare 20 tot 30 van mans, teenoor vroue, waar mans voor 20 jaar in die meerderheid is en in 20 - 30 jaar in die minderheid.
- 'n Verdere drastiese afname in getalle blyk in die jare 40 tot 50, wat òf 'n hoë mortaliteit tydens hierdie ouderdomsjare impliseer, òf 'n toenemende populasiegroei, wanneer dit in verhouding tot die 0 - 20 jaar groepe beskou word.

11.2 Kerkverband:

- Volgens die kerkgenootskap affiliasie, blyk die meerderheid van die gemeenskap 'n Christelike oriëntasie te hê.

11.3 Huwelike en huwelikstatus:

- Huwelike is monogaam, meer tradisioneel, maar toon 'n neiging tot verwestering.

- Mans blyk hulleself op 'n later ouderdom, ± 45 jaar, as vroue, ± 25 jaar, te vestig.
- Die 20 - 30 jaar groep van mans se getalle neem skerp af, wat klaarblyklik 'n uittog uit die gemeenskap aantoon.
- Lobola toon 'n mate van verwestering, maar daar word steeds hoofsaaklik van vee gebruik gemaak.

11.4 Hoofde van huishoudings:

- Hoofde van huishoudings is hoofsaaklik die man of eggenoot en word volgens tradisionele norme opgevolg.
- In menige huishoudings neem die vrou die rol van hoof van die huishouding waar, waarskynlik aangesien die man afwesig is as gevolg van pendelarbeid, ens.

11.5 Fertiliteitsyfer:

- Die fertiliteitsyfer is 5,4 kinders per vrugbare vrou, wat 'n gunstige situasie is in vergelyking met ander landelike gebiede in die R.S.A., nl. 5,5.

11.6 Gesinsoriëntasie:

- Die gemeenskap blyk hoofsaaklik neolokaal (d.w.s. vrye vesting) georiënteerd te wees, maar met 'n sterk neiging na die meer tradisionele patrilokale oriëntering. Die patrilokale oriëntasie mag 'n effek op die vestiging van vaders se kinders en dus 'n impak hê op beskikbaarheid van residensiële persele, wat weer 'n effek sal hê op beskikbare grond vir ander doeleindes, soos boerdery.

11.7 Afhanklikheidslas:

- 'n Afhanklikheidslas van 4,2 kinders per huishouding is bereken, terwyl daar slegs 'n 39% indiënsneming is, wat 'n werkloosheidsyfer van 61% impliseer. Vergelyk ook die data in paragraaf 4.5.8.1 waar 34,4% van die huishoudings werkloos het wat poog om werk te bekom maar onsuksesvol is.
- Werknemers is hoofsaaklik ongeskoolde arbeiders, terwyl dit bekend is dat ongeskoolde arbeid nie 'n stabiele situasie ten opsigte van inkomste of 'n loopbaan bied nie.

12. **Behuising en kamerdigtheid**

12.1 Behuising

12.1.1 Die materiaal waarmee huise gebou is, word in tabel 25 uiteengesit.

Tabel 25

| Materiaal waarvan huise gebou is | N | % |
|----------------------------------|----|-------|
| Houtlatte en klei | 56 | 87,5 |
| Baksteen en klei | 5 | 7,8 |
| Baksteen en sement | 3 | 4,7 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Hieruit word afgelei dat die meeste huise, nl. 56 (87,5%), van houtlatte en klei gebou word.

12.1.2 Die tipe huis wat gebou word, word in tabel 26 aangetoon.

Tabel 26: Die tipe huis wat in huishoudings in die gemeenskap aangetref is.

| Tipe huis | N | % |
|---------------------------------------|----|-----|
| Tradisionele huis | 48 | 75 |
| Tradisionele-cum-gemoderniseerde huis | 16 | 25 |
| Gemoderniseerd/westers | 0 | 0 |
| Totaal | 64 | 100 |

Uit tabel 26 blyk dit dat die meerderheid huise, nl. 48 (75%), tradisioneel is, terwyl 'n kleiner aantal, nl. 16 (25%), wel begin verwesters. Hieruit kan afgelei word dat, alhoewel die meeste huise nog tradisioneel is, 'n mate van verwestering reeds ingetree het. Hierdie afleiding word deur paragraaf 4.3.1.1 gerugsteun.

12.1.3 Die grootte van die wonings in terme van die aantal vertrekke word in tabel 27 uiteengesit.

Tabel 27: Die aantal vertrekke waaroor huise in die gemeenskap beskik.

| Aantal vertrekke per huis | N | % |
|---------------------------|----|-------|
| 1-vertrekwoning | 24 | 37,5 |
| 2-vertrekwoning | 14 | 21,9 |
| 3-vertrekwoning | 12 | 18,7 |
| 4-vertrekwoning | 6 | 9,4 |
| 5/meer-vertrekwoning | 8 | 12,5 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 27 blyk dit dat die meerderheid huise, nl. 24 (37,55%) eenvertrek wonings is.

12.1.4 Die aantal vertrekke wat as slaapvertrekke aangewend word, word in tabel 28 uiteengesit, ten einde die kamerdigtheid te bereken.

Tabel 28: Aantal vertrekke wat as slaapvertrekke gebruik word.

| Aantal slaapvertrekke | N | % |
|--------------------------|----|-------|
| 1 slaapvertrek | 28 | 43,8 |
| 2 slaapvertrekke | 23 | 35,9 |
| 3 slaapvertrekke | 11 | 17,2 |
| 4 slaapvertrekke | 2 | 3,1 |
| 5 of meer slaapvertrekke | 0 | 0 |
| | 64 | 100,0 |

Hieruit word afgelei dat die meeste huishoudings òf 1 slaapvertrek, nl. 28 (43,8%), of 2 slaapvertrekke, nl. 23 (35,9%), het.

Uit paragrawe 4.3.1.1 tot 4.3.1.4 word afgelei dat die behuisingstandaard laag en die leefarea beperk is.

12.1.5 Respondente se response ten opsigte van 'n behoefte om hul huise te verbeter, word in tabel 29 aangetoon.

Tabel 29: Respondente se behoefte om hul huise te verbeter.

| Huise moet verbeter word | N | % |
|--------------------------|----|-------|
| Ja | 26 | 40,6 |
| Nee | 27 | 42,2 |
| Onseker | 11 | 17,2 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat daar 'n verdeeldheid in mening is waar 26 (40,6%) wel hulle huise wil verbeter en 27 (42,2%) nie belangstel nie. Wanneer in ag geneem word dat dit duidelik is dat die behuisingstandaard laag is, word die afleiding gemaak dat 'n groot mate van onbetrokkenheid te bespeur is. Dat armoede een van die grootste bydraende faktore hiertoe is, kan slegs oor gespekuleer word. Ander aspekte soos die styl van grondbesit, wetgewing en gevolglike ontoeganklikheid tot finansiering vir die oprigting van behuising blyk ook tot 'n groot mate die gemeenskap negatief te beïnvloed.

12.1.6 Die soort verbeterings wat gemeenskapslede wat in tabel 29 so 'n behoefte aangetoon het, wil aanbring, word in tabel 30 uiteengesit.

Tabel 30: Die verbeterings wat gemeenskapslede aan hul huise wil aanbring, soos deur hulself omskryf.

| Soort verbeterings aan huise | N | % |
|--|----|-----|
| Wil huis van 1-vertrek na 'n meer normale standaard opgradeer | 13 | 52 |
| Wil huis ombou na 'n baksteen-en-sementgebou | 5 | 20 |
| Wil graag bykomende slaapvertreкке inrig (bv. 'n 6-hoekstyl-rondawel of aanbouing aan bestaande gebou) | 6 | 24 |
| Wil eie perseel bekom om eie huis te kan oprig | 1 | 4 |
| Totaal | 25 | 100 |

Uit tabel 30 blyk dit dat die meeste respondente, nl. 13 (52%), belangstel om hulle standaard eenvertrekkhuise op te gradeer na 'n multi-vertrekkhuis wat meer prakties is. Ander respondente, nl. 5 (20%), beoog om hul huise om te bou na baksteen-en-sement-geboue en 6 (24%) beoog om hoofsaaklik meer slaapvertreкке in te rig. Een respondent (4%) het die

behoefte om 'n eie perseel te bekom, uitgespreek. Aangesien hierdie vraag op huiseienaars gerig was, is die wense van persone soos in hierdie enkele geval, nie ondervang nie, en blyk dit dat meer dergelike response ondervang sou word indien hierdie reaksie meer spesifiek getoets is.

12.1.7 Faktore wat die ten uitvoer bring van verbeterings aan huise affekteer, soos deur die respondente aangetoon, word in tabel 31 uiteengesit.

Tabel 31: Faktore wat die ten uitvoer bring van verbeterings aan huise beïnvloed.

| Terughoudende faktore ten opsigte van die ten uitvoer bring van huisverbeterings | N | % |
|--|----|-----|
| Kan nie toegang kry tot finansieringsfasiliteite nie | 22 | 88 |
| Kan self bou, maar moet self kapitaal opbou | 2 | 8 |
| Kan materiaal voorsien, maar benodig finansiering vir 'n bouer | 1 | 4 |
| Totaal | 25 | 100 |

Uit tabel 31 blyk dit dat die meeste respondente, nl. 22 (88%), die feit dat hulle nie toegang tot finansiering het nie, as die grootste struikelblok in die aanbring van huisverbeterings beskou. Sommige respondente, nl. 2 (8%), het aangedui dat hulle bereid is om self te bou, maar dat hulle eers sal moet spaar om die nodige kapitaal op te bou. Een respondent (4%) het aangedui dat materiaal bekom kan word, maar dat finansiering vir die aanstel van 'n bouer nie bekom kan word nie.

Uit die voorafgaande paragraaf blyk dit dat alle probleme rakende die verbetering van huise herlei kan word na die onvermoë om finansiering te kan bekom.

12.2 Kamerdigtheid

Statistiek, soos uit skedule 1 bekom, dui daarop dat 64 huise deur 461 persone bewoon word. In die Batsen formule word 'n kind in die kategorie van 'n half-ekwivalent beskou. As die 105 kinders wat ten tye van die opname onder 10 jaar oud was, na aanleiding van die Bevolkingsontwikkelingsprogram in berekening gebring word, blyk dit (volgens die Batsen formule) dat $(461 - 105) + 53 = 409$ ekwivalente persone in die 64 huise woonagtig is.

Volgens die tabel van kamerdigtheid wat deur die Bevolkingsontwikkelingsprogram gebruik word, blyk dat 100%

kamerdigtheid bereik word met 3,44 persone per vertrek. In die statistiek van hierdie opname is bepaal dat 409 ekwivalente persone 114 slaapvertreke deel (sien tabel 30). Dit dui op 'n gemiddelde van 3,65 ekwivalente persone per slaapvertrek is. Die werklike kamerdigtheid is dus $3,65/3,44 \times 100 = 106\%$.

Volgens die kriteria van die Bevolkingsontwikkelingsprogram word 'n kamerdigtheid of persentasie-bewoning van 65% as die ideaal beskou. In terme van hierdie ideaal, dui 'n bewoning van 106% dus op 'n oorbewoning van $(106 - 65) \times 100 = 63\%$.

Hierdie hoë oorbewoningsyfer ten opsigte van behuising (gesien in die lig van die feit dat die meerderheid huise tradisionele, een-vertrek houtlatte-en-klei-geboue is) dui op 'n lae behuisingstandaard waar huise boonop oorbewoon word. So 'n situasie behoort as 'n kritieke probleem beskou te word en hoë-prioriteit-aandag behoort daaraan geskenk te word.

12.3 Samevatting en gevolgtrekkings

- 12.3.1 Die meeste huise is in die tradisionele hut-styl van houtlatte en klei gebou en is hoofsaaklik een- of tweevertrek-strukture.
- 12.3.2 In die meeste gevalle moet inwoners een slaapkamer deel, wat 'n ongesonde situasie in terme van higiëne, gerief en sosialisering is.
- 12.3.3 Die verdeeldheid ten opsigte van die verbetering van huise, blyk waarskynlik uit die gemeenskap se gevoel van onvermoë om die nodige finansiering hiertoe te bekom.
- 12.3.4 In hoofsaak blyk dit dat daar 'n behoefte is om huise uit te bou sodat meer vertreke beskikbaar is, terwyl sommige hul huise wil opgradeer na baksteen-en-sement-strukture.
- 12.3.5 Die kamerdigtheid/bewoningsyfer is 106%, wat op 'n 63% oorbewoning dui in terme van die ideaal van 65% bewoning.
- 12.3.6 Die lae behuisingstandaard en meegaande hoë bewoningsyfer dui daarop dat die aspek van behuising prioriteit-aandag behoort te verkry en dat die besit van grond en toegang tot finansiering kernfaktore is wat in hierdie verband aangespreek moet word.

13. **Dienste aan huishoudings**

13.1 Watervoorsiening

13.1.1 Die hoofbron waarvandaan huishoudings hul watervoorraad kry, word in tabel 32 uiteengesit.

Tabel 32: Die hoofbron van watervoorsiening.

| Hoofwaterbron | N | % |
|-------------------------|----|-------|
| Dam | 4 | 6,3 |
| Rivier | 50 | 78,1 |
| Windpomp met reservoair | 10 | 15,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |


Uit tabel 32 blyk dit dat die meeste huishoudings, nl. 50 (78,1%), water uit die rivier bekom. Die alternatiewelike bronne van watervoorsiening is uit 'n dam, nl. 4 (6,3%) en met behulp van 'n windpomp met 'n reservoair, nl. 10 (15,6%). By nadere ondersoek van die data het dit geblyk dat huishoudings wat water van 'n windpomp met 'n reservoair bekom, almal in 'n spesifieke woongebied, nl. Nganda, gevestig is. 'n Ondersoek na die moontlikheid van alternatiewe blyk verdere aandag te regverdig. Dit sal afhanklikheid van die rivier, veral in droogtetye, moontlik kan verminder. Volgens die data is daar geen boorgate op persele nie.

Verdere ondersoek van die data het drie verdere aspekte toegelig. Die eerste aspek is dat afstande na waterpunte varieër omdat die woongebiede wyd verspreid is. Diegene wat afstande in kilometers aangedui het, het almal minder as 1 km aangedui. 'n Verdere aspek is dat water altyd deur middel van emmers gehaal word. Die finale aspek is die feit dat die weg na die waterbronne teen steil hellings is. Daaruit word afgelei dat baie tyd en energie gebruik word vir die doel van waterhaling.

13.1.2 Die vlak van tevredenheid oor die toestand van watervoorsiening word deur middel van skyfdiagram 2 aangetoon.

Diagram 2

Die respondente het "ja" geantwoord indien hulle tevrede was met die watervoorsiening, "nee" indien nie en "onseker" indien hulle nie kon besluit nie.



Uit hierdie diagram blyk dit dat die meeste respondente, nl. 52 (81,2%), ontevrede is met die watervoorsieningsituasie. Geen respondente was onseker nie en 'n minderheid, nl. 12 (18,8%) was wel tevrede.

13.1.3 Voorstelle van die gemeenskap oor wyses waarop die watervoorsieningsituasie verbeter kan word, word in tabel 33 uiteengesit.

Tabel 33: Wyses waarop watervoorsiening verbeter kan word.

| Voorstelle vir die verbetering van watervoorsiening | N | % |
|--|----|-------|
| Organiseer dat die gemeenskap van krane voorsien word | 32 | 50,0 |
| 'n Reservoir moet nader aan die gemeenskap voorsien word | 9 | 14,1 |
| Die staanpyp-beginsel (met krane elke 200m in strate) moet toegepas word | 8 | 12,5 |
| Weet nie; kan niks doen nie; dit is hoe dit is | 9 | 14,1 |
| 'n Dam moet nader aan die woongebiede gebou word | 5 | 7,8 |
| Regering moet boorgate voorsien | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,1 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die meerderheid, nl. 32 (50%), 'n behoefte aan kraanwater uitgespreek het. Dit word deur 8 (12,5%) response wat die staanpypstelsel (met krane elke 200m in die strate) voorstaan, gekomplementeer. Die voorsiening van 'n reservoir nader aan die gemeenskappe word deur 9 (14,1%) voorgestel; 'n verdere 5 (7,8%) beskou die bou van 'n dam nader aan die woongebiede as belangrik, terwyl een respondēt (1,6%) meen dat die voorsiening van boorgate deur die regering die probleem sal oplos. 'n Verdere interessante respons was dat 9 (14,1%) geen oplossing had nie en hulle daarby berus het.

Uit bogenoemde word afgelei dat 'n behoefte aan kraanwater bestaan, dat 'n staanpypstelsel aanvaarbaar sal wees en dat reservoirs, moontlik as 'n tussentydse reëling, aanvaarbaar sal wees. Die feit dat daar nie direk vir wateraansluiting by huishoudings gevra word nie, kan aan die armoede-faktor toegeskryf word.

13.2 Brandstof en kragvoorsiening

13.2.1 Die hoofbron van kragvoorsiening wat in die gemeenskap aangewend word, word in tabel 34 uiteengesit.


Tabel 34: Die hoofbron van krag soos dit deur elke huishouding aangewend word.

| Hoofbron van kragvoorsiening | N | % |
|------------------------------|----|-------|
| Elektrisiteit | 0 | 0 |
| Steenkool | 0 | 0 |
| Hout | 58 | 90,6 |
| Paraffien | 6 | 9,4 |
| Gas | 0 | 0 |
| Olie | 0 | 0 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 34 blyk dit dat die meerderheid van huishoudings, nl. 58 (90,6%), hoofsaaklik van hout as bron van kragvoorsiening gebruik maak. Die enigste alternatief wat gebruik word, is paraffien, nl. 6 (9,4%) respondente. Hieruit kan afgelei word dat die gemeenskap 'n groot impak op die omgewing in terme van ontbossing behoort te hê, waaronder erosie die mees vernietigende van die meegaande gevolge is.

13.2.2 Die mate van probleme wat ondervind word ten opsigte van kragvoorsiening word in diagram 3 aangetoon.

Diagram 3: Die hoeveelheid huishoudings wat probleme ondervind met kragvoorsiening teenoor die wat nie probleme het nie, of onseker is.



Uit hierdie diagram blyk dit dat die meerderheid huishoudings, nl. 37 (57,8%), probleme ondervind met die voorsiening van krag, terwyl 26 (40,6%) geen probleme ondervind nie en 1 (1,6%) onseker oor die aangeleentheid is.

13.2.3 Die probleme wat ten opsigte van kragvoorsiening ondervind word, word in tabel 35 aangetoon.

Tabel 35: Probleme wat ten opsigte van kragvoorsieningsbronne ervaar word.

| Probleme t.o.v. kragvoorsieningsbronne | N | % |
|--|----|------|
| Vervoer van hout is nie geredelik beskikbaar nie of moet ten duurste gehuur word | 3 | 8,1 |
| Lang afstande moet afgelê word om hout te haal | 17 | 45,9 |
| Kragbron moet aangekoop word en krag is dus afhanklik van inkomste | 8 | 21,6 |
| Geeste verjaag mense uit die bos en hulle kan dan nie hout haal nie | 1 | 2,7 |
| Die taak om hout bymekaar te maak is veeleisend en soms selfs gevaarlik | 8 | 21,6 |
| Totaal | 37 | 99,9 |

Hieruit word afgelei dat die meeste respondente, nl. 17 (45,9%), aangedui het dat die lang afstand om hout te haal die belangrikste probleem is. Aansluitend hierby is die probleem in 3 (8,1%) van die gevalle dat vervoer of onbekombaar is of duur is om te huur, en in 8 (21,6%) gevalle dat die taak veeleisend en soms selfs gevaarlik is. 'n Verdere faktor wat as 'n probleem beskou is, is in 8 (21,6%) gevalle waar brandstof aangekoop moet word en dit dus verband hou met die beskikbaarheid van fondse. Die respons van een respondent (2,1%) dui aan dat geeste - en dus die meer tradisionele denke - soms ook nog 'n rol speel.

'n Verdere observasie wat waarskynlik verder ondersoek behoort te word, is dat geen verwysing na die gebruik van, of behoefte aan, elektrisiteit gemaak is in enige van die response in die opname nie.

13.3 Sanitasie en vullisverwydering

13.3.1 Die situasie ten opsigte van bestaande toiletgeriewe word in tabel 36 aangetoon.

Tabel 36: Die tipe toilette wat in die gemeenskap gebruik word.


| Tipe toilet | N | % |
|--------------------|----|-------|
| Water/spoeltoilet | 0 | 0 |
| Putlatrine | 61 | 95,3 |
| Emmer-tipe latrine | 1 | 1,6 |
| Geen fasiliteit | 2 | 3,1 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 36 word afgelei dat die meerderheid huishoudings, nl. 61 (95,3%), van putlatrines gebruik maak. 'n Verdere observasie is dat daar in 2 (3,1%) huishoudings geen fasiliteit beskikbaar is nie.

Dit is bekend dat die grond in hierdie gemeenskap baie klipperig is en die voorsiening en onderhoud van putlatrines is dus 'n moeilike taak. Hieruit blyk dit dat die moontlikheid van 'n meer werkbare stelsel ondersoek behoort te word. Die feit dat daar selfs net een huishouding is wat oor geen sanitêre fasiliteit beskik nie, is in elk geval onaanvaarbaar.

13.3.2 Die mate van probleme wat met die bestaande sanitêre stelsel ondervind word, word in diagram 4 uiteengesit.

Diagram 4: Die aantal huishoudings wat probleme ondervind met die bestaande sanitêre stelsel, word teenoor die wat geen probleme ondervind nie, of onseker is, gestel.



Uit hierdie diagram blyk dit dat 28 (43,7%) van die huishoudings probleme ondervind met die bestaande sanitêre

stelsel, terwyl 35 (54,75) geen probleme ondervind nie en 1 (1,6%) onseker is.

13.3.3 Voorstelle van respondente van wyses waarop die sanitasiestelsel verbeter kan word, word in tabel 37 uiteengesit.

Tabel 37: Wyses waarop die huidige sanitêre stelsel verbeter kan word.

| Wyses om sanitêre stelsel te verbeter | N | % |
|---|----|-------|
| Neem meer higiëniese voorsorgmaatreëls | 2 | 3,1 |
| Wil graag 'n beter sisteem implementeer, maar is onsuksesvol/ Weet nie | 56 | 87,5 |
| Die regering behoort behoorlike toiletgeriewe te voorsien | 5 | 7,8 |
| Die emmer-tipe latrine sal 'n verbetering op die putlatrine wees | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 37 word afgelei dat die meerderheid huishoudings, nl. 56 (87,5%), òf reeds sonder sukses gepoog het om self die sanitêre stelsel te verbeter òf gewoon nie weet hoe om te werk te gaan nie. 'n Verdere 5 (7,8%) huishoudings is van mening dat dit die regering se taak is om 'n beter stelsel te voorsien. Hierdie siening blyk ook aan te sluit by die meerderheid se mening. Uit genoemde statistiek blyk dit dat die taak om die sanitêre stelsel te verbeter nie binne die vermoë van die gemeenskap is nie en dat hierdie aangeleentheid deur hoër gesagsvlak opgeneem behoort te word.

13.3.4 Die metodes wat die gemeenskap aanwend om vullis te verwyder of van ontslae te raak, word in tabel 38 aangetoon.


Tabel 38: Metodes wat die gemeenskap aanwend om van vullis ontslae te raak.

| Metodes van vullisverwydering | N | % |
|--|----|-------|
| Word na gemeenskaplike vullishoop geneem | 0 | 0 |
| Word tuis in vullisgat gegooi | 8 | 12,5 |
| Verbrand die vullis | 55 | 85,9 |
| Raak nie daarvan ontslae nie | 0 | 0 |
| Word in die vallei afgegooi | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel word afgelei dat die meerderheid huishoudings, nl. 55 (85,9%), bloot die vullis, waar dit is, verbrand. Die alternatief wat deur 8 (12,5%) huishoudings aangewend word, deur die vullis in 'n vullisgat te gooi waar dit gereeld verbrand word, is 'n ietwat beter en meer higiëniese sisteem. Die feit dat daar geen gemeenskaplike vullishoop is nie en dat een respondent ruitelik erken het dat vullis rondgestrooi word, dui op 'n belangrike tekortkoming in hierdie verband wat spoedig aangespreek behoort te word.

13.3.5 Die mate van probleme wat ten opsigte van die vullisverwydering ondervind word, word in diagram 5 aangetoon.

Diagram 5: Die aantal huishoudings wat probleme met vullisverwydering ondervind, gestel teenoor die wat nie probleme ondervind nie, asook die wat onseker is.



Uit hierdie diagram word afgelei dat die meerderheid huishoudings, nl. 61 (95,3%) geen probleme met die verwydering van vullis ondervind nie, terwyl geen huishoudings aangedui het dat hulle probleme ondervind nie en

3 (4,7%) dat hulle onseker is in hierdie opsig. Dit blyk dus dat die gemeenskap tevrede is met die situasie ten opsigte van verwydering van vullis en dus waarskynlik ongemotiveerd behoort te wees om aandag aan die probleem te skenk.

Geen response ten opsigte van die metodes waarop vullisverwydering verbeter kan word, is uit die opnamestatistiek verkry nie. Dit blyk die afleiding dat die gemeenskap advies en bystand in hierdie aangeleentheid nodig het, te ondersteun.

13.4 Persoonlike gesondheid en gesondheidsfasiliteite

13.4.1 Die gesondheidsfasiliteite wat hoofsaaklik deur die huishoudings gebruik word, word in tabel 39 uiteengesit.

Tabel 39: Gesondheidsfasiliteite wat hoofsaaklik in die gemeenskap gebruik word.

| Gesondheidsfasiliteit | N | % |
|---|----|-------|
| Mobiele kliniek | 53 | 82,8 |
| Dokter te Stutterheim | 8 | 12,5 |
| Hospitaal en ander dienste te King William's Town | 1 | 1,6 |
| Dokter te Cathcart | 1 | 1,6 |
| Mdantsane-hospitaal | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,1 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die meerderheid van huishoudings, nl. 53 (82,8%), van die mobiele kliniek gebruik maak, waaruit afgelei word dat hierdie diens waarskynlik die mees toeganklike is. Ander fasiliteite, soos die dokter te Stutterheim, nl. 8 (12,5%), die hospitaal te K.W.T., dokter te Cathcart en die hospitaal te Mdantsane, elk 1 (1,6%), word in 'n mindere mate gebruik. Tydens onderhoude het dit geblyk dat hierdie laasgenoemde fasiliteite meestal gebruik word wanneer ernstige siekte-toestande voorkom.

13.4.2 Die afstand tussen huishoudings en die mobiele kliniek word in tabel 40 uiteengesit.


Tabel 40: Die afstand van huishoudings na die mobiele kliniek.

| Afstand (in meter) | N | % |
|--------------------|----|-------|
| "0 tot 999 meter" | 44 | 68,8 |
| "Nie te ver nie" | 19 | 29,7 |
| "Baie ver" | 1 | 1,6 |
| Totaal | 64 | 100,1 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die mobiele kliniek òf minder as 1 km ver is, nl. 44 (68,8%), òf as "nie te ver nie", nl. 19 (29,7%) beskou word, waaruit afgelei word dat die kliniek geredelik toeganklik vir die gemeenskap is. Slegs een geval (1,6%) het aangedui dat die mobiele kliniek "baie ver" is en by nadere ondersoek het hierdie geval 'n uitsondering in die gemeenskap geblyk te wees.


13.4.3 Die reëlmaat waarmee die gemeenskap van die gesondheidsfasiliteite gebruik maak, word in grafiek 5 aangetoon.

Grafiek 5: Die reëlmaat waarmee die gemeenskap van die gesondheidsfasiliteite gebruik maak, volgens die indeling eggenoot, eggenote en kinders.



13.4.4 Die vlak van tevredenheid in die gemeenskap ten opsigte van die beskikbare gesondheidsdienste word in diagram 6 aangetoon.

Diagram 6: Aantal huishoudings wat tevrede is met die bestaande gesondheidsdienste teenoor die wat ontevrede en onseker is.



Uit hierdie diagram blyk dit dat die meerderheid huishoudings, nl.34 (53,1%), tevrede is met die bestaande gesondheidsdienste, terwyl 27 (42,2%) ontevrede is en 3 (4,7%) onseker is in hierdie verband.

13.4.5 Voorstelle vir die verbetering van gesondheidsdienste, word in tabel 41 uiteengesit.

Tabel 41: Voorstelle van huishoudings vir die verbetering van die bestaande gesondheidsdienste.

| Voorstelle ter verbetering van gesondheidsdienste | N | % |
|---|----|------|
| 'n Daaglikse diens moet beskikbaar gestel word | 28 | 43,7 |
| Hoë kostes om by 'n hospitaal te kom is 'n ernstige probleem | 1 | 1,6 |
| Daar is 'n behoefte aan 'n nagdiens en 'n naweekdiens | 4 | 6,2 |
| Die mediese behandeling is nie goed nie, alhoewel die huidige diens waardeer word | 2 | 3,1 |
| Afstande van dokter en hospitaaldienste vertraag die proses om behandeling te bekom | 1 | 1,6 |
| Weet nie | 28 | 43,7 |
| Totaal | 64 | 99,9 |

Buiten diegene wat geen voorstelle kon maak nie, nl. 28 (43,7%), word uit tabel 41 afgelei dat 28 van mening was dat die gemeenskap 'n daaglikse diens benodig. 'n Verdere 4 (6,2%) brei die gedagte van meer intensiewe dienste uit deur 'n behoefte aan 'n nag- en naweekdiens aan te dui. Ander aspekte soos hoë koste van vervoer (1,6%), afstand van dokters en hospitale (1,6%) en swak mediese dienste (3,1%) word ook genoem. Die belangrikste inligting wat uit genoemde data blyk is dat 'n meer gereelde diens 'n behoefte van die gemeenskap is.

13.4.6 Die erkenning van die teenwoordigheid van tradisionele dokters word in tabel 42 aangetoon.

Tabel 42: Die aantal huishoudings wat bewus is van die teenwoordigheid van tradisionele dokters in die gemeenskap.

| Tradisionele dokters is teenwoordig | N | % |
|-------------------------------------|----|-------|
| Ja | 29 | 45,3 |
| Nee | 31 | 48,4 |
| Onseker/Weet nie | 4 | 6,3 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 42 word afgelei dat, alhoewel die meerderheid respondente, nl. 31 (48,4%), die teenwoordigheid van 'n tradisionele dokter in die gemeenskap ontken, 'n groot aantal, nl. 29 (45,3%) wel bewus was van so 'n persoon se teenwoordigheid en 4 (6,3%) onseker was. Dit blyk dus dat tradisionele dokters steeds 'n groot rol speel.

Geen response is verkry ten opsigte van die gereeldheid van besoeke aan sodanige dokters nie.

13.4.7 Die redes waarom persone in die gemeenskap wel gebruik gemaak het van die tradisionele dokter word in tabel 43 uiteengesit

Tabel 43: Die aantal persone wat gebruik gemaak het van 'n tradisionele dokter, ingedeel volgens die redes vir die gebruik van 'n tradisionele dokter.

| Redes vir die gebruik van 'n tradisionele dokter | N | % |
|---|----|-----|
| Geen ander diens is snags beskikbaar nie | 3 | 30 |
| Wou seker maak van genesing | 1 | 10 |
| Wou seker maak of die oorsaak van 'n siekte nie "besetenheid" of "getoor" was nie | 5 | 50 |
| Genesing is gesoek waar verpleegsters onsuksesvol was | 1 | 10 |
| Totaal | 10 | 100 |

Uit die tabel blyk dit dat 'n groot aantal, nl. 5 (50%) uit die 10 gevalle die tradisionele dokter gebruik het om die moontlikheid van "besetenheid" - oftewel dat 'n persoon "getoor" is - te ondersoek. Sommige wou hul genesing verseker soos die geval is by 1 (10%) respondent en 'n ander een wat nie deur die verpleegsters genees kon word nie. 'n Derde rede wat deur 3 (30%) respondente aangevoer is, is dat geen ander diens beskikbaar was in die nag nie.

Uit bogenoemde kan drie tendense geïdentifiseer word, nl.:

1. dat daar steeds baie vertroue in tradisionele dokters geplaas word en dat dit gebruik word om die mediese wetenskap te supplementeer;
2. dat daar steeds geloof in magiese kragte is; en
3. dat die behoefte aan 'n meer gereelde diens sommige gevalle dwing om hulle toevlug tot die tradisionele dokter te neem.

13.5 Vervoer

13.5.1 Die metode van vervoer wat hoofsaaklik in die gemeenskap gebruik word, word in tabel 44 uiteengesit.


Tabel 44: Die metode van vervoer, volgens huishouding, wat hoofsaaklik gebruik word.

| Metode van vervoer | N | % |
|---------------------|----|-------|
| Bus | 2 | 3,1 |
| Huurmotor | 59 | 92,2 |
| Eie privaatvoertuig | 1 | 1,6 |
| Duingooi | 0 | 0 |
| Gaan te voet | 2 | 3,1 |
| Donkie- of perdekar | 0 | 0 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 44 word afgelei dat daar, in die meerderheid gevalle, nl. 59 (92,2%), daar hoofsaaklik van huurmotors gebruik gemaak word. Die ander alternatiewe is bus (3,1%), privaat voertuig (1,6%) en om te voet te gaan (3,1%).

13.5.2 Die mate van probleme wat ten opsigte van vervoer ondervind word, word in diagram 7 aangetoon.

Diagram 7: Aantal respondente wat probleme ondervind met vervoer word gestel teenoor aantal wat geen probleme ondervind nie, of onseker is.



Uit diagram 7 blyk dit dat die meerderheid, nl. 44 (68,7%), aandui dat hulle tevrede is met die vervoersituasie, terwyl

19 (29,7%) ontevrede is en een (1,6%) onseker is. Dit blyk dus dat die gemeenskap nie 'n behoefte daaraan het dat die vervoersituasie moet verbeter nie.

Van diegene wat aangedui het dat probleme ten opsigte van vervoer ondervind word, is opmerkings verkry wat in tabel 45 uiteengesit word.

Tabel 45: Opmerkings rakende vervoerprobleme wat ondervind word.

| Opmerkings t.o.v. vervoerprobleem | N | % |
|--|----|-------|
| 'n Gereelde vervoerdiens na en van die gemeenskap moet ingestel word | 10 | 52,6 |
| Paaie moet opgegradeer word | 2 | 10,5 |
| Huurmotors is duur en ongereeld | 4 | 21,1 |
| Genoeg vervoer is beskikbaar en daar is dus geen probleem nie | 2 | 10,5 |
| Niks kan gedoen word om die situasie te verbeter nie | 1 | 5,3 |
| Totaal | 19 | 100,0 |

Uit tabel 45 blyk dit dat die meerderheid, nl. 10 (52,6%) meen dat 'n gereelde vervoerdiens na en van die gemeenskap ingestel behoort te word. Ander response dui op verskeie faktore soos die opgradering van paaie (10,5%) en die hoë koste en ongereeldheid van huurmotors, nl. 4 (21,1%). Daar is 'n minderheid, nl. 2 (10,5%) wat van mening is dat daar genoegsame vervoer is, wat in teenstelling met die meerderheid se mening is. Een respondent (5,3%) is van mening dat niks omtrent die aangeleentheid gedoen kan word nie, wat klaarblyklik 'n mate van anomie wat in die gemeenskap blyk te heers, laat deurskemer.

13.6 Sport en ontspanning

13.6.1 Die bestaan van sportfasiliteite word in tabel 46 uiteengesit.

Tabel 46: Die bestaan van sportfasiliteite in die gemeenskap.

| Sport-fasiliteit | "Ja"-bestaan | | "Nee"-bestaan nie | | Totaal | |
|------------------|--------------|------|-------------------|-------|--------|-------|
| | N | % | N | % | N | % |
| Rugbyveld | 58 | 90,6 | 6 | 9,4 | 64 | 100,0 |
| Atletiekbaan | 13 | 20,3 | 51 | 79,7 | 64 | 100,0 |
| Krieketveld | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100,0 |
| Ander | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die meerderheid, nl. 58 (90,6%), dit eens is dat daar wel 'n rugbyveld bestaan. 'n Minderheid, nl. 13 (20,3%), het aangedui dat daar 'n atletiekbaan is, wat op die oog af 'n kontradiksie in terme blyk te wees. By nadere ondersoek van die data het dit geblyk dat 'n stuk grond wel bestaan waar skole-atletiek soms gehou word, maar wat nie werklik as 'n atletiekbaan of rugbyveld beskou kan word nie. Dit bied dus 'n verklaring vir die kontradiksie waarna verwys is.

13.6.2 Die betrokkenheid by sportaktiwiteite word in tabel 47 en 48 uiteengesit.

Tabel 47: Die mate van deelname aan sport deur eggenote.

| Sportsoort | N | % |
|------------|----|-------|
| Rugby | 2 | 3,2 |
| Atletiek | 0 | 0 |
| Netbal | 0 | 0 |
| Sokker | 0 | 0 |
| N.V.T. | 62 | 96,8 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 47 blyk dit dat die meerderheid, nl. 62 (96,8%) van die eggenote aan geen sport deelneem nie, terwyl 2 (3,2%) wel rugby speel.

Volgens die opnamestatistiek is daar geen eggenotes wat aan enige sportsoort deelneem nie.

Tabel 48: Die frekwensie waarmee kinders aan sportsoorte deelneem.

| Sportsoort | N (frekwensie) | % |
|------------|----------------|-------|
| Rugby | 21 | 29,6 |
| Atletiek | 8 | 11,3 |
| Netbal | 6 | 8,4 |
| Sokker | 2 | 2,8 |
| N.V.T. | 34 | 47,9 |
| Totaal | 71 | 100,0 |

Uit tabel 48 blyk dit dat die meerderheid kinders in huishoudings, nl. 34 (47,9%), nie aan sport deelneem nie. Van diegene wat betrokke is by sport neem die meerderheid, nl. 21 (29,6%) aan rugby deel. Ander sportsoorte word in 'n mindere mate verteenwoordig, waaronder atletiek, nl. 8 (11,3%), netbal, nl. 6 (8,4%) en sokker, nl. 2 (2,8%).

Wanneer in ag geneem word dat die mate van deelname aan sport as 'n indikator van 'n `gesonde ingesteldheid van 'n gemeenskap beskou kan word, blyk dit uit die voorafgaande statistiek dat daadwerklike aandag aan hierdie aspek in die gemeenskap gegee behoort te word.

13.6.3 Tot welke mate die sportfasiliteite as toereikend beskou word, word in tabel 49 aangetoon.

Tabel 49: Die aantal respondente wat die bestaande sportfasiliteite as toereikend beskou, al dan nie.

| Sportfasiliteite is toereikend | N | % |
|--------------------------------|----|-------|
| Ja - dit is toereikend | 21 | 32,8 |
| Nee - dit is ontoereikend | 22 | 34,4 |
| Onseker | 21 | 32,8 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 49 blyk dit dat die mening in drie rigtings verdeel is. Een groep, nl. 21 (32,8%), meen dat sportfasiliteite toereikend is. 'n Ander groep, nl. 22 (32,4%) meen dat dit ontoereikend is, terwyl 'n derde groep, nl. 21 (32,8%) onsekerheid hieroor het. Hierdie klaarblyklike verdeeldheid behoort verder in samewerking met die gemeenskap ondersoek te word, sodat helderheid oor die aspek van sportfasiliteite verkry kan word.

13.6.4 Wyses waarop daar op die bestaande sportfasiliteite verbeter kan word, word in tabel 50 uiteengesit.

Tabel 50: Voorstelle van respondente van wyses waarop die bestaande sportfasiliteite verbeter kan word.

| Wyses waarop sportfasiliteite verbeter kan word | N | % |
|--|----|-------|
| Die bestaande rugbyveld moet opgegradeer word | 8 | 36,4 |
| Daar moet voorsiening gemaak word vir 'n groter verskeidenheid sportsoorte | 10 | 45,5 |
| Gemeenskap kan self aksie neem of met ander instansies saamwerk om fasiliteite op te gradeer | 4 | 18,1 |
| Totaal | 22 | 100,0 |

Uit tabel 50 blyk die belangrikste faktor volgens 10 (45,5%) respondente die voorsiening van 'n groter verskeidenheid sportsoorte te wees. Hiernaas blyk dit volgens 8 (36,4%) respondente dat die opgradering van die bestaande rugbyveld daadwerklik aandag moet geniet. Die gemeenskap, volgens 4 (18,1%) respondente, blyk ook bereid te wees om self betrokke te raak by werksaamhede. Hierdie bereidwilligheid tot betrokkenheid kan as 'n positiewe faktor beskou word.

13.7 Samevatting en gevolgtrekkings

13.7.1 Watervoorsiening word hoofsaaklik uit die rivier verkry. Daar bestaan geen aangelegde watervoorsieningbron nie en water moet teen hellings met emmers gehaal en aangedra word.

Die moontlikheid van alternatiewe watervoorsiening in die vorm van 'n staanpyp-sisteem om later geretikuleerde water te kan voorsien, is deur die respondente voorgestel en behoort verder ondersoek te word.

13.7.2 Die hoofbron van kragvoorsiening is hout wat uit die inheemse plantegroei ontgin word. Die impak op die ekosisteem behoort bepaal te word en 'n strategie moet saam met die gemeenskap ontwikkel te word om enersyds ontbossing teë te werk en andersyds 'n alternatiewe - en moontlik meer effektiewe - bron van kragvoorsiening te bewerkstellig.

13.7.3 Die meeste huishoudings maak van putlatrines gebruik. Hierdie sisteem is onprakties in hierdie gebied omdat dit baie klipperig is en 'n alternatiewe sisteem behoort ontwikkel word. Dit blyk dat die gemeenskap nie self regstreeks iets hieromtrent kan doen nie.

- 13.7.4 Die vullisverwyderingspraktyke is nie aanvaarbaar nie, maar die gemeenskap ervaar dit nie as problematies nie. Opvoeding ten opsigte van vullisverwydering is in die gemeenskap nodig en hulle behoort geadviseer te word aangaande die daarstelling van 'n meer effektiewe sisteem.
- 13.7.5 Die gemeenskap maak vryelik van die mediese dienste gebruik, maar val op tradisionele gebruike en die tradisionele dokter terug wanneer die mediese dienste tekort skiet. Daar is 'n behoefte aan 'n gereelde daaglikse diens en geredelike toegang daartoe saans en gedurende naweke.
- 13.7.6 Vervoer word nie as 'n ernstige probleem beskou nie, maar 'n meer gereelde, betroubare diens, soos 'n busdiens (wat ook goedkoper as huurmotors is), sal verligting in hierdie opsig meebring.
- 13.7.7 Byna geen fasiliteite, buiten 'n sogenaamde rugbyveld/atletiekbaan, bestaan nie. Die data toon aan dat gemeenskapslede graag meer betrokke sou wou raak by sportaktiwiteite en ontspanning en dat daar 'n behoefte aan die nodige fasiliteite is. Hierdie is 'n aspek wat prioriteit-aandag behoort te ontvang.

14. Maatskaplike probleme

14.1 Maatskaplike probleme rakende kinders

14.1.1 Die voorkoms van kinders wat nie familie is van respondente nie, maar wat in hul huishoudings versorg word, word in tabel 51 aangetoon.

Tabel 51: Die aantal huishoudings waar kinders wat nie familie is nie, maar wel versorg word, voorkom.

| Versorg kinders in die huishouding wat nie familie is nie | N | % |
|---|----|-------|
| Ja | 5 | 7,8 |
| Nee | 59 | 92,2 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat daar in 5 (7,8%) huishoudings wel gevalle voorkom waar kinders, wat nie familie van die huishouding is nie, versorg word.

By nadere ondersoek van die data het dit geblyk dat daar drie redes vir die voorkoms van hierdie verskynsel is, nl.:

1. die kind is in pleegsorg geplaas
2. die kind is wees; en
3. die kinders is skapwagters vir die huishouding.

Dit het ook verder geblyk dat die huishoudings finansieel vir die kinders verantwoordelik is. Die indruk is egter gekry dat 'n ware beeld van hierdie verskynsel nie verkry is nie en dat 'n verdere ondersoek deur 'n maatskaplike werker waarskynlik meer betroubare inligting sal verkry.

14.1.2 Tienerswangerskappe

- (1) Die voorkoms van tienerswangerskappe in huishoudings word in tabel 52 aangetoon.

Tabel 52: Aantal huishoudings waar tienerswangerskappe voorgekom het.

| Tienerswangerskap | N | % |
|--------------------------------|----|------|
| Het een kind gehad | 18 | 28,1 |
| Het twee kinders gehad | 7 | 10,9 |
| Het drie of meer kinders gehad | 3 | 4,7 |
| Is tans swanger | 2 | 3,1 |
| N.V.T./Nog nie voorgekom nie | 34 | 53,1 |
| Totaal | 64 | 99,9 |

Uit tabel 52 blyk dit dat daar tans 2 (3,1%) huishoudings is waar tienerswangerskappe ten tye van die opname voorgekom het. In 34 (53,1%) van die huishoudings het tienerswangerskappe tot op die stadium van die opname nie voorgekom nie. Waar tienerswangerskappe voorheen voorgekom het, het die meerderheid, nl. 18 (28,1%) slegs een kind gehad; 'n verdere 7 (10,9%) twee kinders, terwyl 2 (4,7%) drie of meer kinders gehad het.

- (2) Die aantal respondente wat tienerswangerskappe as 'n probleem beskou, al dan nie, word in tabel 55 aangetoon.

Tabel 53: Aantal respondente wat tienerswangerskappe as 'n probleem beskou; gestel teenoor die wat dit nie as probleem beskou nie, of onseker is.

| Tienerswangerskappe is 'n probleem | N | % |
|------------------------------------|----|-------|
| Ja | 54 | 84,4 |
| Nee | 2 | 3,1 |
| Onseker | 8 | 12,5 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 53 blyk dit dat die meerderheid van respondente, nl. 54 (84,4%), tienerswangerskappe as 'n probleem beskou, in teenstelling met 2 (3,1%) wat dit nie as 'n probleem beskou nie. Hieruit kan afgelei word dat die gemeenskap tienerswangerskappe hoofsaaklik nie goedkeur nie.

- 14.1.3 Die voorkoms van kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie, word in tabel 54 aangetoon.

Tabel 54: Die aantal huishoudings waar kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie, voorkom.

| Kinders van skoolgaande ouderdom, wat nie skool bywoon nie, kom in huishouding voor | N | % |
|---|----|-------|
| Ja | 26 | 40,6 |
| Nee | 38 | 59,4 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 54 blyk dit dat kinders van skoolgaande ouderdom wat nie skool bywoon nie in 26 (40,6%) van die huishoudings voorkom. By nadere ondersoek van die data is bepaal dat daar 'n totaal van 33 gevalle uit die steekproef van 'n populasie van 461 is, wat dui op 'n voorkoms van 7,2%. Volgens hierdie syfers blyk die voorkoms van hierdie verskynsel hoog genoeg te wees om verdere ondersoek, moontlik deur 'n maatskaplike werker, te regverdig.

14.1.4 Redes waarom dit gebeur dat kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie, word in tabel 55 uiteengesit.

Tabel 55: Die redes wat aangevoer is waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie.

| Redes vir nie-skoolbywoning | N | % |
|---|----|-------|
| Tienerswangerskap | 9 | 27,3 |
| Geen geld - kind moes werk bekom om die gesin te onderhou | 11 | 33,3 |
| Geen sekondêre skool in die gemeenskap | 2 | 6,1 |
| Het verkies om te begin werk | 1 | 3,0 |
| Weggeloop | 5 | 15,2 |
| Fisies gestremd | 1 | 3,0 |
| Swak gesondheid weens epilepsie, geestelike gestremdheid | 4 | 12,1 |
| Totaal | 33 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk 'n wye verskeidenheid van oorsake waarom kinders van skoolgaande ouderdom nie skool bywoon nie. Die belangrikste redes blyk eerstens dat 11 (33,3%) skoolbywoning gestaak het omdat geld tekort geskiet het en hulle werk moes bekom om 'n inkomste vir hul gesinne te genereer. 'n Verdere 9 (27,3%) het hul skoolbywoning weens tienerswangerskap gestaak, terwyl 5 (15,2%) eenvoudig

weggeloop het en gevolglik nie hul skoolbywoning voortgesit het nie. Geestelike gestremdheid en epilepsie het in 4 (12,1%) gevalle tot gevolg gehad dat kinders skoolbywoning gestaak het.

- 14.1.5 Die voorkoms van afwykende gedrag soos diefstal, aanrandings, gebruik van dwelms of misbruik van alkohol, onbeheerbaarheid, ens., onder kinders, word in tabel 56 aangetoon.

Tabel 56: Die aantal huishoudings waar afwykende gedrag onder kinders voorkom.

| Afwykende gedrag kom voor | N | % |
|---------------------------|----|-------|
| Ja | 2 | 3,1 |
| Nee | 62 | 96,9 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 56 blyk dit dat 2 (3,1%) huishoudings ten tye van die ondersoek afwykende gedrag onder kinders ondervind het. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar ook slegs 2 spesifieke gevalle uit die opnamestatistiek voorgekom het, waaruit afgelei kan word dat die voorkoms van afwykende gedrag onder kinders laag is, veral in die lig gesien dat die gemeenskap 'n ernstige toestand van armoede beleef (sien paragraaf 10.4) en dit geestelike trauma vir die kinders inhou, wat weer dikwels tot afwykende en probleemgedrag lei.

14.2 Herhaalde voorkoms van siekte-toestande

- 14.2.1 Die situasie ten opsigte van die herhaalde voorkoms van siekte-toestande in huishoudings word in tabel 57 aangetoon.

Tabel 57: Die aantal huishoudings waar herhalende voorkoms van siekte-toestande ondervind word.

| Herhaalde voorkoms van siekte-toestande word ondervind | N | % |
|--|----|-------|
| Ja | 28 | 30,6 |
| Nee | 36 | 41,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 57 blyk dit dat 'n hoë aantal huishoudings, nl. 28 (43,8%), die herhaalde voorkoms van siekte-toestande ondervind.

- 14.2.2 Onder welke groep, nl. bejaardes, volwassenes of kinders hierdie herhaalde voorkoms van siekte-toestande gewoonlik ondervind word, word in tabel 58 aangetoon.

Tabel 58: Die aantal gevalle wat herhaalde siekte-toestande ondervind, gewoonlik onder òf kinders, òf volwassenes, òf bejaardes.

| Voorkoms van herhaalde siekte-toestande | N | % |
|---|----|-------|
| Kinders | 11 | 30,6 |
| Volwassenes | 15 | 41,6 |
| Bejaardes | 10 | 27,8 |
| Totaal | 36 | 100,0 |

Uit tabel 58 blyk dit dat die voorkoms van herhaalde siekte-toestande hoofsaaklik deur volwassenes, nl. 15 (41,6%) ondervind word, gevolg deur kinders, nl. 11 (30,6%) en bejaardes, nl. 10 (27,8%).

14.2.3 Die tipes herhaalde siekte-toestande wat ondervind word, word in tabel 59, 60 en 61 uiteengesit.

Tabel 59: Die aantal van elke tipe herhaalde siekte wat ondervind word ten opsigte van kinders.

| Siekte-toestand | N | % |
|---|----|-------|
| Hoes | 3 | 27,3 |
| Toegetrekte bors/asma-simptome | 3 | 27,3 |
| Epilepsie | 1 | 9,1 |
| Oorprobleme (tesame met toegetrekte bors) | 1 | 9,1 |
| Omgekrapte maag | 1 | 9,1 |
| Uitslag | 1 | 9,1 |
| Wurms (tesame met hoes) | 1 | 9,1 |
| Totaal | 11 | 100,1 |

Uit tabel 59 blyk dit dat die belangrikste herhaalde siekte-toestande onder kinders hoes, nl. 3 (27,3%) en toegetrekte bors of asma-simptome, nl. 3 (27,3%) is. Ander toestande wat in gelyke maat voorkom is epilepsie (9,1%), oorprobleme (tesame met 'n toegetrekte bors) (9,1%), omgekrapte maag (9,1%), 'n uitslag (9,1%) en wurms (9,1%).

Tabel 60: Die aantal van elke tipe herhaalde siekte-toestand wat ondervind word ten opsigte van volwassenes.

| Siekte-toestand | N | % |
|--|----|-------|
| Hoes en toegetrekte bors/asma-simptome | 3 | 20,0 |
| Tuberkulose | 2 | 13,3 |
| Opgeswelde maag | 1 | 6,7 |
| Epilepsie | 2 | 13,3 |
| Gal | 1 | 6,7 |
| Seer oë | 1 | 6,7 |
| Pyn in bene en rugpyn | 2 | 13,3 |
| Laer-abdominale pyne | 2 | 13,3 |
| Tandpyn | 1 | 6,7 |
| Totaal | 15 | 100,0 |

Uit tabel 60 kom geen siekte-toestand sterk na vore nie. Die belangrikste, volgens besprekings wat met 'n medikus ten opsigte van die data gevoer is, word uitgelig, nl. die hoes en asma-simptome, nl. 3 (20%), tuberkulose, nl. 2 (13,3%) en die laer-abdominale pyne, nl. 2 (13,3%). Hierie drie siekte-toestande is die meer ernstige toestande en enige voorkoms daarvan behoort onmiddellike aandag te ontvang.

Tabel 61: Die aantal bejaardes wat herhaalde siekte-toestande ondervind het.

| Siekte-toestand | N | % |
|--|----|-----|
| Diabetes | 2 | 20 |
| Griep | 1 | 10 |
| Hoes en toegetrekte bors/asma-simptome | 4 | 40 |
| Pyn in bene en rugpyn | 1 | 10 |
| Hoë bloeddruk | 2 | 20 |
| Totaal | 10 | 100 |

Uit tabel 61 staan een siekte-toestand uit, nl. hoes en toegetrekte bors of asma-simptome in 4 (40%) gevalle. Verder blyk dit van belang te wees om te let na die voorkoms van diabetes en hoë bloeddruk, nl. 2 (20%). Die siekte-toestande wat genoem is, blyk geassosieer te word met bejaardheid en

geen uitsonderlike inligting word derhalwe in die statistiek weerspieël nie.

14.3 Dieet wat deur die gemeenskap gevolg word

14.3.1 Die dieet wat die gemeenskap ten opsigte van ontbyt, middagete en aand-ete volg, word in tabelle 62, 63 en 64 uiteengesit.

Tabel 62: Dieet wat vir ontbyt gevolg word.

| Voedselsoort/dis | Ja | | Nee | | Totaal | |
|------------------|----|------|-----|-------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Pap (ipapa) | 36 | 56,2 | 28 | 43,7 | 64 | 100 |
| Brood | 43 | 67,2 | 21 | 32,8 | 64 | 100 |
| Suiker | 42 | 65,6 | 22 | 34,4 | 64 | 100 |
| Melk | 20 | 31,2 | 44 | 68,8 | 64 | 100 |
| Koffie/Tee | 59 | 92,2 | 5 | 7,8 | 64 | 100 |
| Vleis | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100 |
| Nggusho | 3 | 4,7 | 61 | 95,3 | 64 | 100 |
| Mielies | 11 | 17,2 | 53 | 82,8 | 64 | 100 |
| Vis | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die belangrikste voedselsoorte waaruit ontbyt bestaan die volgende is: Koffie/tee, nl. 59 (92,2%), pap, nl. 46 (71,9%), brood, nl. 43 (67,2%) en suiker, nl. 42 (65,6%). Hierdie dieet word tot 'n mate, nl. in 20 (21,2%) gevalle gesupplementeer met melk. Geen vis word vir ontbyt geëet nie.

Tabel 63: Dieet wat vir middag-ete gevolg word.

| Voedsel-soort/dis | Ja | | Nee | | Totaal | |
|-------------------|----|------|-----|-------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Vleis | 9 | 14,1 | 55 | 85,9 | 64 | 100 |
| Groente | 39 | 60,9 | 25 | 39,1 | 64 | 100 |
| Ngqusho | 36 | 56,2 | 28 | 43,8 | 64 | 100 |
| Brood | 20 | 31,2 | 44 | 68,8 | 64 | 100 |
| Pap(ipapa) | 5 | 7,8 | 59 | 92,2 | 64 | 100 |
| Mielies | 33 | 51,6 | 31 | 48,4 | 64 | 100 |
| Koffie/Tee | 21 | 32,8 | 43 | 67,2 | 64 | 100 |
| Melk | 2 | 3,1 | 62 | 96,9 | 64 | 100 |
| Vis | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100 |

Uit tabel 63 blyk dit dat die belangrikste voedselsoorte wat deel van middag-ete vorm groente is, nl. 39 (60,9%), ngqusho, nl. 36 (56,2%) en mielies, nl. 33 (51,6%). Hierdie hoofbestanddele word gesupplementeer deur onder meer koffie/tee, nl. 21 (32,8%) en brood, nl. 20 (31,2%). 'n Verdere afleiding is dat vleis slegs 'n klein deel van die dieet vorm, nl. in 9 (14,1%) huishoudings. Geen vis word vir middag-ete geëet nie.

Tabel 64: Dieet wat vir aand-ete gevolg word.

| Voedsel-soort/dis | Ja | | Nee | | Totaal | |
|-------------------|----|------|-----|-------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Vleis | 28 | 43,7 | 36 | 56,2 | 64 | 100 |
| Groente | 22 | 34,4 | 42 | 65,6 | 64 | 100 |
| Mielies | 28 | 43,7 | 36 | 56,2 | 64 | 100 |
| Nggusho | 48 | 75,0 | 16 | 25,0 | 64 | 100 |
| Brood | 2 | 3,1 | 62 | 96,9 | 64 | 100 |
| Pap(ipapa) | 0 | 0 | 64 | 100,0 | 64 | 100 |
| Melk | 7 | 10,9 | 57 | 89,1 | 64 | 100 |
| Koffie/Tee | 21 | 32,8 | 43 | 67,2 | 64 | 100 |
| Vis | 2 | 3,1 | 62 | 96,9 | 64 | 100 |

Uit tabel 64 blyk dit dat die hoofmaal vir aand-ete nggusho is, nl. 48 (75%) huishoudings. Hierdie maal blyk gesupplementeer te word deur, onder meer, vleis, nl. 28 (43,7%), mielies, nl. 28 (43,7%), groente, nl. 22 (32,4%) en koffie/tee, nl. 21 (32,8%).

Wanneer tabelle 62, 63 en 64 in ag geneem word, blyk dit dat 'n groot aantal huishoudings sekere voedselsoorte of disse nie tydens maaltye gebruik nie. Hiervan kan afgelei word dat die moontlikheid bestaan dat sommige huishoudings sommige maaltye nie eet nie, of dat 'n ontoereikende dieet gevolg word. Dit is duidelik dat hierdie aspek verdere ondersoek regverdig en dat dit moontlik deur 'n gesondheidsplan hanteer behoort te word.

14.3.2 Die verkrygbaarheid van vars voedsel, soos vars groente, word in tabel 65 aangetoon.

Tabel 65: Die aantal huishoudings wat vars voedsel geredelik kan bekom, teenoor die wat nie kan nie.

| Vars voedsel/groente is geredelik beskikbaar | N | % |
|--|----|-------|
| Ja | 33 | 51,6 |
| Nee | 31 | 48,4 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 65 blyk dat 'n groot aantal huishoudings, nl. 31 (48,4%), nie vars voedsel/groente geredelik kan bekom nie.

14.3.3 Wysies waarop die beskikbaarheid van vars voedsel en groente verbeter kan word, word in tabel 66 uiteengesit.

Tabel 66: Aantal voorstelle vir wyses waarop beskikbaarheid van vars voedsel en groente verbeter kan word.

| Voorstelle ter verbetering van die beskikbaarheid van vars voedsel | N | % |
|--|----|------|
| Heinings om tuine moet herstel word | 2 | 6,4 |
| Tuine moet benut word/genoeg grond moet bekom word | 12 | 38,7 |
| Benodig finansiering | 8 | 25,8 |
| Koop voedsel aan en is dus afhanklik van inkomste | 2 | 6,4 |
| Weet nie | 7 | 22,6 |
| Totaal | 31 | 99,9 |

Uit tabel 66 blyk dit dat die belangrikste aspekte wat na vore kom, in 12 (38,7%) van die voorstelle is dat meer betrokkenheid by benutting van grond en beskikbaarheid van grond bewerkstellig moet word en in 8 (25,8%) gevalle dat finansiering meer geredelik beskikbaar gestel moet word vir die onderneming van 'n tuin om voedsel/groente vir eie gebruik te produseer.

14.3.4 Die verkrygbaarheid van genoeg voedsel word in tabel 67 aangetoon.

Tabel 67: Aantal huishoudings wat genoegsame voedsel kan bekom, teenoor die wat nie kan nie.

| Kan genoegsame voedsel bekom | N | % |
|------------------------------|----|-------|
| Ja | 41 | 64,1 |
| Nee | 23 | 35,9 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 67 blyk dit dat die meerderheid, nl. 41 (64,1%), genoegsame voedsel kan bekom. Daar is ook 'n groep, nl. 23 (35,9%) van die huishoudings wat nie genoegsame voedsel kan bekom nie.

14.3.5 Wyses waarop die verkryging van genoegsame voedsel verbeter kan word, word in tabel 68 uiteengesit.

Tabel 68: Aantal voorstelle vir wyses waarop die verkryging van genoegsame voedsel verbeter kan word.

| Voorstelle ter verbetering van verkryging van voedsel | N | % |
|---|----|-------|
| Nabygeleë handelaar moet aflewering doen | 2 | 8,7 |
| Beskikbare grond moet benut word/moet grond bekom | 9 | 39,1 |
| Moet werk bekom om inkomste te supplementeer | 9 | 39,1 |
| Grond/tuine moet behoorlik omhein word | 1 | 4,4 |
| Weet nie | 2 | 8,7 |
| Totaal | 23 | 100,0 |

Uit tabel 68 blyk dit dat die meerderheid veral twee menings huldig. In 9 (39,1%) gevalle word die mening gehuldig dat grond bewerk moet word of dat grond bekom moet word om bewerk te kan word. In 'n verdere 9 (39,1%) gevalle blyk dit dat finansies 'n probleem is, wat op een of ander wyse gesupplementeer moet word. Die aflewering van goedere deur die nabygeleë handelaar is in 2 (8,7%) gevalle genoem en in 1 (4,4%) geval word die kwessie van behoorlike omheining geopper.

Die belangrikste probleem, soos in paragraaf 14.3.2 gesien kan word, blyk die verkryging van vars voedsel/groente te wees en hiernaas die verkryging van genoeg voedsel. In beide gevalle het voorstelle om die situasie te verbeter gesentreer om die benutting van grond en die verkryging van finansiering vir hierdie doel. By nadere ondersoek deur onderhoudvoering met gemeenskapslede het die benutting van grond twee aspekte opgelewer, nl.

1. dat grond beter benut moet word en dat finansiering hiervoor nodig is; en
2. dat sommige gemeenskapslede nie toegang tot bewerkbare grond het nie.

14.4 Gestremdheid in die gemeenskap

14.4.1 Die voorkoms van gestremdheid in die gemeenskap word in tabel 69 aangetoon.

Tabel 69: Die aantal huishoudings waar een of ander vorm van gestremdheid voorkom.

| Gestremdheid | N | % |
|--|----|-------|
| Fisiese gestremdheid | 5 | 45,4 |
| Geestelike gestremdheid | 4 | 36,4 |
| Beide fisiese en geestelike gestremdheid | 2 | 18,2 |
| Totaal | 11 | 100,0 |

Uit tabel 69 blyk dit dat elf uit die 64 (dit wil sê 17,2%) huishoudings in die steekproef een of ander vorm van gestremdheid het. Die data in tabel 71 dui aan dat daar 5 (45,4%) fisies gestremdes, 4 (36,4%) geestelik gestremdes en 2 wat beide fisies en geestelik gestremd is. By nadere ondersoek is bepaal dat die 11 geïdentifiseerde huishoudings elk een van die gevalle het. Die afleiding kan dus gemaak word dat die voorkoms van gestremdheid in die steekproef 11 uit 'n populasie van 461 is, dit wil sê 2,4%. Volgens die opnamestatistiek ontvang 5 van die gevalle 'n toelaag.

14.5 Huweliksprobleme

14.5.1 Die voorkoms van huweliksprobleme in die gemeenskap word in tabel 70 aangetoon.

Tabel 70: Aantal huishoudings wat huweliksprobleme ondervind, ten tye van die opname, teenoor die wat nie probleme ondervind nie.

| Ondervind huweliksprobleme | N | % |
|----------------------------|----|-------|
| Ja | 3 | 4,7 |
| Nee | 61 | 95,3 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 70 blyk dit dat 3 (4,7%) huishoudings tans huweliksprobleme ondervind. Dit is waarskynlik dat 'n ware weergawe van die voorkoms van huweliksprobleme nie verkry is nie, aangesien dit 'n persoonlike en sensitiewe aangeleentheid is. Meer betroubare inligting sal waarskynlik deur 'n maatskaplike werker of verpleegster in die veld bekom kan word.

Slegs drie oorsake vir huweliksprobleme is geopper, nl. geen onderhoud, finansiële probleme en 'n geval van 'n verbrokkelde huwelik waar toegang tot die kinders geweier word.

Wyses waarop huidige huweliksprobleme opgelos kan word, word in tabel 71 uiteengesit.

Tabel 71: Wyses waarop huidige huweliksprobleme opgelos of hanteer kan word, volgens huishouding.

| Wyse waarop huidige huweliksprobleme hanteer kan word | N | % |
|---|----|-------|
| Egpaar los dit self op | 57 | 89,1 |
| 'n Maatskaplike werker sal kan help | 2 | 3,1 |
| Ouers kan help | 1 | 1,6 |
| 'n Broer of suster kan help | 2 | 3,1 |
| N.V.T. - Het nie probleme nie | 2 | 3,1 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dat op twee na, alle huishoudings, (83,1%) een of ander vorm van huweliksonenigheid of -probleem ondervind, wat laat blyk dat meer betroubare inligting hieruit verkry is as by paragraaf 4.5.6.1. Die meerderheid huishoudings, nl. 57 (89,1%) meen dat die egpaar self die probleem kan oplos. In sommige gevalle kan familie-lede help, soos bv. ouers (1,6%) en 'n broer of suster (3,1%). In 2 (3,1%) gevalle is aangedui dat die hulp van 'n maatskaplike werker nodig sal wees in die oplossing van die huweliksprobleem.

14.6 Gebruik en misbruik van alkohol

14.6.1 Die voorkoms van alkoholgebruik in die gemeenskap word in tabel 72 aangetoon.

Tabel 72: Aantal huishoudings waar alkoholgebruik voorkom

| Alkohol word gebruik | N | % |
|----------------------|----|-------|
| Ja | 37 | 57,8 |
| Nee | 27 | 42,2 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 72 blyk dit dat in die meerderheid huishoudings, nl. 37 (57,8%), alkoholgebruik voorkom, terwyl dit in 'n groot aantal huishoudings, nl. 27 (42,2%), nie gebruik word nie.

14.6.2 Die gebruik van alkohol, volgens geslag, word in tabel 73 aangetoon.


Tabel 73: Aantal mense wat alkohol gebruik, volgens geslag.

| Geslag | N | % |
|---------|----|-------|
| Manlik | 48 | 67,6 |
| Vroulik | 23 | 32,4 |
| Totaal | 71 | 100,0 |

Uit tabel 73 blyk dit dat die meerderheid van diegene wat alkohol gebruik, nl. 48 (67,6%), manlik is, terwyl 23 (32,4%) vroulik is. Uit 'n populasie van 461 dui dit daarop dat 15,4% van die gemeenskap alkohol gebruik.

- 14.6.3 Die patroon waarvolgens alkohol gebruik word, word in grafiek 6 uiteengesit.
Grafiek 6: Die patroon van alkoholgebruik; volgens geslag.

Aantal Persone



Uit hierdie histogram word afgelei dat die meerderheid mans, nl. 27 (38%), en vroue, nl. 18 (25,4%), alkohol gebruik tydens gemeenskaps- of tradisionele geleenthede. Dit blyk verder dat 'n naweek-drinkpatroon meestal deur mans, nl. 16 (22,5%) beoefen word teenoor 3 (4,2%) vroue. Volgens die 4 (5,6%) mans en 1 (1,4%) vrou wat alkohol gebruik "wanneer moontlik", kan afgelei word dat hierdie aantal as die groep

met 'n alkoholmisbruik-patroon beskou kan word en potensieel 'n alkoholprobleem het.

- 14.6.4 Die tipe alkoholiese drank wat meestal gebruik word, word in tabel 74 uiteengesit.

Tabel 74: Die tipe alkoholiese drank wat meestal gebruik word. (N = aantal persone)

| Tipe alkoholiese drank | N | % |
|------------------------|----|------|
| Spiritualieë | 2 | 2,8 |
| Wyn | 2 | 2,8 |
| Bier | 17 | 23,9 |
| Tradisionele bier | 50 | 70,4 |
| Totaal | 71 | 99,9 |

Uit tabel 74 blyk dit dat die meerderheid, nl.50 (70,4%) van tradisionele bier gebruik maak. Hiernaas is die gebruik van bier die hoogste, nl. 17 (23,9%). Die gebruik van spiritualieë en wyn blyk laag te wees, nl. 2 (2,8%) in beide gevalle.

- 14.6.5 Die mate waartoe die gebruik van alkohol tot wrywing in die huishouding lei, word in tabel 75 aangetoon.

Tabel 75: Die aantal huishoudings waar die gebruik van alkohol tot wrywing in die verhoudinge lei.

| Die gebruik van alkohol lei tot wrywing | N | % |
|---|----|-------|
| Ja | 9 | 14,1 |
| Nee | 55 | 85,9 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Volgens hierdie tabel gebeur dit in 9 (14,1%) van die huishoudings dat alkohol tot wrywing lei, wat daarop dui dat probleme weens die gebruik van alkohol wel ondervind word. Wanneer die data van tabel 71 in aanmerking geneem word, blyk dit dat 9 (soos hierbo in tabel 77) uit die 37 huishoudings waar alkohol gebruik word (sien tabel 74), dit wil sê dat 24,3% van die huishoudings waar alkohol gebruik word, probleme as gevolg daarvan ondervind.

- 14.6.6 As 'n kontrole is ondersoek ingestel na die mening van respondente aangaande die aantal huishoudings waar persone woon wat sal baat vind by professionele hulp ten opsigte van hulle alkohol gebruik. Dit word in tabel 76 uiteengesit.

Tabel 76: Aantal huishoudings waar persone woon wat alkohol in so 'n mate gebruik dat hulle baat sal vind by hulp van 'n professionele persoon, uiteengesit in terme van persone in die huishouding en persone elders in die gemeenskap.

| Daar is persone wat sal baat vind deur professionele hulp t.o.v. alkoholgebruik | | | | | | | | |
|---|----|------|-----|------|---------|------|--------|-----|
| | Ja | | Nee | | Dink so | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| In die huishouding van die respondente | 4 | 6,3 | 59 | 92,2 | 1 | 1,6 | 64 | 100 |
| Elders in die gemeenskap | 14 | 21,9 | 29 | 45,3 | 21 | 32,8 | 64 | 100 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat daar 'n hoër mate van persone is wat professionele hulp t.o.v. alkoholgebruik nodig het elders in die gemeenskap nl. 14 (21,9%) as in die respondente se huishoudings, nl. 4 (6,3%). Hieruit kan afgelei word dat respondente nie openlik was ten opsigte van hul eie huishoudings nie. Die feit dat 'n hoër voorkoms, nl. 14 (21,9%), elders in die gemeenskap aangedui is, kan enersyds aandui dat daar 'n hoër voorkoms van alkohol-probleme in die huishoudings is as wat uiterlik erken word en andersins dat alkoholgebruik oor die algemeen waarskynlik hoër is as wat deur die respondente aangedui is.

Hierdie aspek behoort gevolglik verdere ondersoek en aandag van 'n maatskaplike werker te ontvang.

14.7 Werkloosheid

14.7.1 Die mate van werkloosheid wat in die gemeenskap voorkom, word in tabel 77 aangetoon.

Tabel 77: Aantal huishoudings waar werkloosheid voorkom, teenoor die waar dit nie 'n verskynsel is nie.

| Daar is werklose persone in die huishouding | N | % |
|---|----|-------|
| Ja - (soek werk maar is onsuksesvol) | 22 | 34,4 |
| Nee - (geen werksoekendes wat onsuksesvol is nie) | 42 | 65,6 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 79 blyk dit dat daar in die meerderheid van huishoudings, nl. 42 (65,5%) nie gevalle van werkloosheid voorkom nie, terwyl dit in 22 (34,4%) huishoudings wel die geval is. By nadere beskouing van die opnamestatistiek is daar gevind dat daar 25 gevalle in die huishoudings is, waarvan 14 (56%) manlik is en 11 (44%) vroulik is. Hierdie gevalle sluit die gevalle wat werkloos is, maar nie poog of belangstel om werk te bekom nie, uit. Geen response wat werkskuheid aandui is verkry nie.

- 14.7.2 Voorstelle hoe die situasie ten opsigte van werkloosheid verbeter kan word, word in tabel 78 uiteengesit. Nie alle respondente het hierop gereageer nie en 'n nul-opgawe is as 'n "weet nie" respons aangeteken.

Tabel 78: Voorstelle ten opsigte van die verbetering van die situasie aangaande werkloosheid.

| Wyses waarop werkloosheid teëgewerk kan word | N | % |
|--|----|-------|
| Nywerhede moet in of naby die gemeenskappe gevestig word | 11 | 17,1 |
| Werkskeppingsprojekte moet aangemoedig word | 14 | 21,9 |
| Die opvoedingsvlak van die gemeenskap moet verhoog word | 1 | 1,6 |
| Deeltydse werk moet sover moontlik vermy word - dit skep geen langtermyn-oplossing nie | 1 | 1,6 |
| Kleinsake-ondernemings moet ontwikkel word | 1 | 1,6 |
| Weet nie | 36 | 56,2 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die meerderheid, nl. 36 (56,2%) geen antwoord het om die werkloosheidsprobleem aan te spreek nie, waaruit afgelei word dat die gemeenskap se magtelose gevoel teenoor die werkloosheidsprobleem en die gevolglike armoede waarskynlik aanleiding gee tot 'n toestand van anomie.

Die belangrikste oplossing wat deur respondente aangebied is, is dat nywerhede in of naby die gemeenskap gevestig moet word, nl. 11 (17,1%) respondente en dat werkskeppingsprojekte aangemoedig moet word, nl. 14 (21,9%) van die respondente. Die eerste oplossing of voorstel impliseer 'n kontradiksie deurdat die gemeenskap verkies het om in essensie landelik te bly. Hierdie aspek behoort dus verder met die gemeenskap en hul leiers ondersoek te word. Die tweede oplossing dui op groter betrokkenheid by projekte soos geloods deur Departement Mannekrag en sommige privaatsektor-instansies wat finansiering beskikbaar stel vir opleiding van die mense en die skepping van kleinsake-ondernemings. Hierdie voorstel sluit dus ook aan by die voorstel deur 1 (1,6%) respondent wat die ontwikkeling van kleinsake-ondernemings voorstaan. Hierdie moontlikheid regverdig daarom ook verdere ondersoek.

14.8 Bejaardheid

14.8.1 Die aantal huishoudings waar bejaardes woonagtig is, word in tabel 79 aangetoon.

Tabel 79: Aantal huishoudings waar bejaardes woon.

| Bejaardes woon in die huishoudings | N | % |
|------------------------------------|----|-------|
| Ja | 29 | 45,3 |
| Nee | 35 | 54,7 |
| Totaal | 64 | 100,0 |

Uit tabel 79 blyk dit dat 'n groot aantal huishoudings, nl. 29 (45,3%) bejaardes huisves.

14.8.2 Die verspreiding van bejaardes word in tabel 80 aangetoon.

Tabel 80: Aantal bejaardes in die gemeenskap, volgens geslag.

| Bejaardes | N | % |
|-----------|----|-----|
| Manlik | 9 | 30 |
| Vroulik | 21 | 70 |
| Totaal | 30 | 100 |

Uit tabel 80 blyk dit dat daar 'n totaal van 30 bejaardes in die 64 huishoudings van die steekproef is, waarvan 9 (30%) manlik is en 21 (70%) vroulik is. Die vroulike bejaardes, teenoor die mans, is dus in die meerderheid, waarvan afgelei word dat vroue in hierdie gemeenskap waarskynlik 'n langer lewensverwagting het, veral inaggenome dat daar meer seuns as meisies in die 0 - 10 jaar en 10 - 20 jaar groepe is volgens die populasie-verspreiding soos aangetoon in grafiek No. 1.

14.8.3 Die situasie ten opsigte van die ontvangs van pensioene vir bejaardes word in tabel 81 uiteengesit.

Tabel 81: Die aantal bejaardes wat in ontvangs van pensioene is, al dan nie.

| Posisie t.o.v. ontvangs van 'n ouderdomspensioen | N | % |
|---|----|------|
| Aansoek gedoen, maar wag nog op ontvangs | 0 | 0 |
| Nog nie aansoek gedoen nie | 4 | 13,3 |
| Reeds in ontvangs van 'n ouderdomspensioen | 25 | 83,3 |
| Kwalifiseer nie (weens te groot privaat-inkomste) | 1 | 3,3 |
| Totaal | 30 | 99,9 |

Uit tabel 81 blyk dit dat die meerderheid bejaardes, nl. 25 (83,3%) reeds in ontvangs van 'n ouderdomspensioen is, terwyl 4 (13,3%) nog nie aansoek gedoen het om 'n pensioen nie en 1 (3,3%) nie vir 'n ouderdomspensioen kwalifiseer nie aangesien die persoon se privaat-inkomste reeds te hoog is volgens die voorgeskrewe norm, soos toegepas deur die Kaapse Provinsiale Administrasie.

14.8.4 Waar bejaardes verkies om te woon, word in tabel 82 aangetoon.

Tabel 82: Aantal bejaardes wat verkies om by familie te woon, teenoor diegene wat sou verkies om in 'n tehuis te gaan woon.

| Plek waar bejaardes verkies om te bly | N | % |
|---|----|------|
| In 'n tehuis vir bejaardes, sou dit beskikbaar wees | 1 | 3,3 |
| By familie | 29 | 96,6 |
| Totaal | 30 | 99,9 |

Uit tabel 84 blyk dit dat die meerderheid bejaardes, nl. 29 (96,6%) verkies om by die familie woonagtig te wees. Hiervan word afgelei dat die oprig van 'n tehuis vir bejaardes nie as 'n behoefte beskou kan word nie, maar dat 'n dienssentrum vir bejaardes oorweeg behoort te word, indien die gemeenskap sou besluit om 'n projek in belang van die bejaardes aan te pak. Die bejaardes is klaarblyklik 'n integrale deel van die gemeenskap, wat 'n gesonde toedrag van sake blyk te wees.

By nadere ondersoek het dit geblyk dat sommige huishoudings sterk steun op die bejaarde se inkomste uit die ouderdomspensioen en dat daar swaar op bejaardes gesteun word om kinders en huishoudings te versorg. Hierdie toedrag van sake kan tot misbruik van die bejaarde lei en behoort verdere aandag van 'n maatskaplike werker of verpleegster te kry.

14.9 Samevatting en gevolgtrekkings

- 14.9.1 Die aantal kinders, wat nie familie van 'n huishouding is nie, word as baie laag aangetoon (sien tabel 51). Dit strook nie met die data in tabel 9 nie, waar daar aangedui is dat daar 267 "nie-biologiese" kinders in 126 huishoudings is, d.w.s. 'n gemiddeld van 2,1 kinders wat nie direkte familie (biologiese kinders) is nie. Hierdie aangeleentheid behoort van nader ondersoek te word.
- 14.9.2 Die voorkoms van tienerswangerskappe is tans nie hoog nie (2), maar daar kom 'n neiging tot tienerswangerskappe voor indien tabel 54 in oënskou geneem word. Volgens tabel 57 is tienerswangerskap ook 'n faktor wat 9 gevalle ten tye van die opname genoep het om skoolbywoning te staak. Hierdie probleem blyk dus 'n impak op die gemeenskap te hê wat verdere aandag verg.
- 14.9.3 'n Belangrike faktor in skoolverlating is 'n tekort aan finansiering, wat ook sommige leerlinge gedwonge laat voel om werk te bekom of om eenvoudig weg te loop.
- 14.9.4 Die herhaalde voorkoms van siekte-toestande word ondervind, maar neem nie proporsies aan wat indringende aandag regverdig nie. Die data dui hoofsaaklik op hoes en asma-simptome by

babas; hoes, asma-simptome, tuberkulose en laer-abdominale pyne by volwassenes en hoes en asma-simptome, diabetes en hoë bloeddruk by bejaardes. Hierdie herhaalde siekte-simptome kan moontlik verdere mediese aandag ontvang.

- 14.9.5 Die dieet wat gevolg word konsentreer op koffie/tee, pap, mielies, nggusho en brood. Dit word tot 'n mate deur suiker en groente aangevul. Weinig vleis en byna geen vis word geëet nie. Dit is ook waarskynlik dat sommige huishoudings nie alle maaltye eet nie, of dat hulle ten minste 'n karige dieet volg.
- 14.9.6 'n Groot aantal gesinne kan nie genoeg voedsel bekom nie, terwyl 'n aantal ook nie genoegsame vars voedsel (bv. vars groente) kan bekom nie. Enersyds is daar 'n besef dat beter grondverbruik toegepas moet word ten einde die probleem te oorkom, maar andersyds ervaar die gemeenskap 'n akute tekort aan die nodige finansiering om sulke projekte aan die gang te kry.
- 14.9.7 Die voorkoms van gestremdheid, nl. 17,2%, is hoog en daar behoort dus besin te word oor die versorging van hierdie mense en die voorsiening van 'n dienssentrum.
- 14.9.8 Die hoeveelheid en intensiteit van huweliksprobleme blyk binne normale perke te wees. Slegs 2 (3,1%) blyk professionele hulp te benodig.
- 14.9.9 Alkoholgebruik volgens tabel 78 is 'n probleem in die gemeenskap aangesien dit blyk dat in 21,9% van huishoudings professionele hulp t.o.v. alkoholgebruik van waarde sal wees. Die patroon van naweek-drinkery, veral deur manlike persone, soos die geval ook t.o.v. "wanneer moontlik" (sien histogram 5), is kommerwekkend en behoort verdere aandag van 'n maatskaplike werker in samewerking met 'n kliniek-span te geniet.
- 14.9.10 Werkloosheid blyk 'n belangrike impak op die gemeenskap te hê. In 34,4% van die huishoudings was daar gevalle van werkloosheid ten tye van die ondersoek. Volgens paragraaf 4.2.15.1 is 61% van die beskikbare werksmag werkloos. Die oplossings wat aangebied is, nl. die vestiging van ligte nywerheid asook die aanmoediging van werkskeppingsprojekte, het verreikende implikasies vir die vorm waarin die gebied sal ontwikkel. Dit raak die hele kwessie van landelikheid, beskikbaarheid van grond en 'n lewensvatbare toekoms vir die gemeenskap aan en behoort dus indringend met die gemeenskap en gemeenskapsleiers bespreek te word.
- 14.9.11 Bejaardes kom in 45,3% van die huishoudings voor. In die meeste gevalle word daar op hul pensioen en hul versorging van die gesinseenheid staat gemaak. Dit is positief in die sin dat die bejaarde geheel 'n integrale deel van die

gemeenskap is, maar hierdie situasie kan ook tot uitbuiting van die bejaarde lei.

Bejaardes verkies blykbaar om by hul families te woon en indien 'n fasiliteit vir bejaardes beoog word, behoort dit in die vorm van 'n dienssentrum te wees. 'n Tehuis is nie 'n prioriteit in die gemeenskap nie.

15. **Boerdery-aktiwiteite**

15.1 Inleiding

Alhoewel slegs een persoon uit die steekproef positief geïdentifiseer kon word as boer, dit wil sê 'n persoon wat 'n bestaan maak uit sy boerdery-aktiwiteite, het 39 respondente nietemin aangedui dat hulle vee besit. Daar is 25 respondente wat nie vee besit nie, wat daarop dui dat 60,9% van die huishoudings vee besit.

Die data rakende die besit en hantering van vee word vervolgens uiteengesit.

15.2 Data rakende vee / lewendehawe

15.2.1 Die aantal vee wat die 39 huishoudings wat aangedui het dat hulle vee besit, ten tye van die opname in hul besit gehad het, word in tabel 83 uiteengesit.

Tabel 83: Die aantal vee wat gesamentlik deur die 39 respondente besit word.

| Veesoort | Aantal vee in besit | Aantal huishoudings wat veesoort besit |
|----------|---------------------|--|
| Bulle | 5 | 2 |
| Koeie | 169 | 37 |
| Kalwers | 30 | 10 |
| Bokke | 104 | 5 |
| Varke | 36 | 19 |
| Perde | 8 | 3 |
| Donkies | 6 | 1 |
| Skape | 602 | 5 |
| Hoenders | 382 | 31 |
| Ganse | 9 | 4 |

Uit tabel 83 blyk dit dat die vee wat huishoudings besit, hoofsaaklik uit skape, hoenders en bokke bestaan. Alhoewel daar 'n groot getal koeie is, nl. 169, word dit gesamentlik deur 37 huishoudings besit, waarvan afgelei word dat die besit van koeie verspreid is. By nadere ondersoek is ook gevind dat die meerderheid skape, nl. 476, aan 'n huishouding behoort wat die grootste aantal diere besit, nl. 22 koeie, 66 hoenders, 40 bokke en 6 varke. Dit stem ooreen met die data in paragraaf 2.15.1, waar een persoon as 'n boer

geïdentifiseer is wat sy bestaan deur boerdery-aktiwiteite voer.

'n Verdere afleiding wat uit tabel 83 gemaak kan word, is dat die beeste, skape, bokke en hoenders waarskynlik die belangrikste veesoort is waarmee lewensvatbare boerdery in hierdie gebied bedryf kan word.

15.2.2 Die wyse waarop daar handel met vee gedryf word, word in tabel 84 uiteengesit. Volgens die data uit die opname-statistiek word geen ruilhandel gedryf nie.

Tabel 84: Die handel wat met vee gedryf word in terme van aantal huishoudings betrokke by die verkope van elke veesoort, die aantal vee wat verkoop is en die totale inkomste wat daaruit gegenerer is in die jaar wat die opname voorafgegaan het.

| Veesoort | Aantal huishoudings | Aantal vee verkoop | Totale inkomste gegenerer (in Rand) |
|----------|---------------------|--------------------|-------------------------------------|
| Bulle | 3 | 3 | 3 350 |
| Koeie | 1 | 1 | 600 |
| Osse | 6 | 11 | 12 980 |
| Varke | 1 | 3 | 840 |
| Perde | 1 | 1 | 300 |
| Skape | 2 | 24 | 2 880 |
| Totaal | 14 | 53 | 20 950 |

Uit tabel 84 blyk dit dat 'n totaal van 14 huishoudings 'n totaal van 53 vee van die hand gesit het en 'n totaal van R20 950 daarmee gegenerer het. 'n Gemiddeld van R1 496 is dus per huishouding gegenerer, wat op 'n gemiddelde maandelikse inkomste van R124.70 uit boerdery-praktyk neerkom. Wanneer die totale inkomste deur die gemeenskap gegenerer, nl. R40 950, in ag geneem word, vorm die inkomste uit boerdery-praktyke 44,6% van die totale inkomste wat deur die gemeenskap gegenerer word.

Uit tabel 84 blyk die gemiddelde prys wat per veesoort behaal is op 'n onaanvaarbare vlak te wees waarop verbeter kan word, nl. bulle teen R1 116 elk, een koei teen R600, osse teen R1180 elk, varke teen R280 elk, een perd teen R300 en skape teen R120 elk.

15.2.3 Die aantal vee wat gedurende die jaar wat die opname voorafgegaan het, geslag is, word in tabel 85 uiteengesit.

Tabel 85: Aantal vee wat die afgelope jaar geslag is, per veesoort.

| Veesoort | N | % |
|----------|-----|-------|
| Bulle | 1 | 0,6 |
| Koeie | 2 | 1,2 |
| Osse | 3 | 1,8 |
| Bokke | 2 | 1,2 |
| Varke | 4 | 2,4 |
| Skape | 14 | 8,3 |
| Hoenders | 143 | 84,6 |
| Totaal | 169 | 100,1 |

Uit tabel 85 blyk dit dat daar meestal hoenders, nl. 143 (84,6%), en skape, nl. 14 (8,3%), geslag is.

15.2.4 Die redes waarom diere geslag word, word in tabel 86 aangetoon.

Tabel 86: Aantal huishoudings wat vee slag vir eie gebruik teenoor aantal huishoudings wat vee slag met die doel om daarmee handel te dryf, of vir tradisionele feeste.

| Rede waarom diere geslag word | N | % |
|-------------------------------|----|-------|
| Eie gebruik | 18 | 85,7 |
| Om te verkoop | 0 | 0 |
| Vir tradisionele feeste | 3 | 14,3 |
| Totaal | 21 | 100,0 |

Uit tabel 86 blyk dit dat die meerderheid van diere/vee wat in die gemeenskap geslag word, nl. 18 (85,7%), vir eie gebruik is, terwyl daar in 3 (14,3%) gevalle vir tradisionele feeste geslag is. Geen huishouding het vee geslag om daarmee handel te dryf nie. Hieruit word afgelei dat, alhoewel heelwat vee beskikbaar is om vleisprodukte te voorsien, geen handeldrywing hierom gewee is nie. Dit blyk dat vleisverbruik berus op dit wat vir eie gebruik geslag word, wat dan aangevul word deur aankope uit die nabygeleë winkels of dorpe.

15.2.5 Probleme wat ten opsigte van die vee ondervind word, word in tabel 87 uiteengesit.

Tabel 87: Aantal huishoudings wat onderskeie probleme ten opsigte van vee ondervind.

| Oorsaak van probleme met vee | N | % |
|----------------------------------|----|-------|
| Te min of ongereelde drinkwater | 4 | 10,3 |
| Veediefstal | 7 | 17,9 |
| Vee word deur wilde diere gevang | 4 | 10,3 |
| Vee vertrap/vernietig oeste | 20 | 51,3 |
| Vee vrek van siektes | 4 | 10,3 |
| Totaal | 39 | 100,1 |

Uit tabel 87 blyk dit dat die meerderheid huishoudings wat vee besit, nl. 20 (51,3%), probleme ondervind met vee wat oeste, of te wel gesaaides, òf vertrap òf opvreet. Die tweede belangrikste probleem wat ondervind word, nl. deur 7 (17,9%) huishoudings, is veediefstal. Die ander probleme wat ondervind word, in gelyke maat van 4 (10,3%) huishoudings elk, is te min of ongereelde drinkwater, vee wat deur wilde diere gevang word en vee wat van siektes vrek. Dit blyk dus dat prioriteit-aandag eerstens geskenk behoort te word aan vee wat oeste/gesaaides vernietig, en tweedens aan veediefstal.

15.2.6 Die maniere waarop die probleme, soos in tabel 87 uiteengesit is, aangespreek kan word, word vervolgens uiteengesit.

Voorstelle wat deur huishoudings aangebied is, volgens die probleme wat ondervind word (soos in tabel 87 uiteengesit is), word bloot gelys, aangesien elke voorstel slegs 1 tot 'n maksimum van 3 response verteenwoordig. Verder is die voorstelle van meer belang as die aantal huishoudings wat dit verteenwoordig.

| Probleme | Voorstelle |
|---|---|
| 1. Te min of ongereelde drinkwater | - Gronddamme moet naby die weivelde gebou word. |
| 2. Veediefstal | - Die S.A.P. se reaksie op klagtes kan meer effektief wees deur daadwerklike optrede. - Die meeste diefstalle vind snags plaas, wat dit moeilik maak om dit te bekamp. - Die voorsiening van 'n polisie-fasiliteit waarmee die S.A.P. meer toeganklik vir die gemeenskap kan wees, moet oorweeg word. |
| 3. Vee wat deur wilde diere gevang word | - Die jag van bosvarke is noodsaaklik, maar huidige pogings is minder suksesvol. |
| 4. Vee wat oeste / gesaaides vernietig. | - Landerye en tuine moet behoorlik omhein word. - Die gemeenskap kan help met die omheining indien materiaal verskaf word. |
| 4. Vee wat van siektes vrek | - Vrektes onder kalwers vind gereeld plaas. - Deskundige advies ten opsigte van die identifisering van siektes en die oorsake en behandeling daarvan, asook voorkoming van siektes, is nodig. |

Uit hierdie lys blyk 'n aantal oorsakende probleme en positiewe voorstelle. Dit blyk dus sinvol te wees dat 'n voorligter hierdie aangeleenthede met die gemeenskap behoort op te neem om met praktiese oplossings vorendag te kan kom. Die gemeenskap behoort in hierdie opsig, byvoorbeeld deur die agent wat gemeenskapsontwikkeling wil aktiveer, in staat gestel te word om bogenoemde aspekte te hanteer.

15.2.7 Funksies wat op vee toegepas word, word in tabel 88 uiteengesit.

Tabel 88: Aantal huishoudings wat vee besit en wat die volgende funksies op hulle vee toepas, al dan nie.

| Funksies wat op vee toegepas word | Ja | | Nee | | Totaal | |
|-----------------------------------|----|------|-----|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Merk | 16 | 41,0 | 23 | 59,0 | 39 | 100 |
| Kastreer | 17 | 43,6 | 22 | 56,4 | 39 | 100 |
| Inenting | 26 | 66,7 | 13 | 33,3 | 39 | 100 |
| Dosering | 23 | 59,0 | 16 | 41,0 | 39 | 100 |
| Dip | 29 | 74,4 | 10 | 25,6 | 39 | 100 |

Uit tabel 88 blyk dit dat die funksie wat die meeste toegepas word, nl. in 29 (74,4%) huishoudings, is om vee te dip. Die ander funksies wat ook in 'n meerdere mate toegepas word, is inenting, nl. 26 (66,7%), en dosering, nl. 23 (59%), huishoudings. Die oorblywende funksies word tot 'n mindere mate toegepas soos merk van vee, nl. 16 (41%), en kastrering, nl. 17 (43.6%), huishoudings.

Slegs 4 (10,8%) van die huishoudings wat vee besit, het aangedui dat hulle probleme met genoemde funksies ondervind en word dit daarom nie in tabelvorm aangebied nie, maar wel gelys.

Probleme ten opsigte van die funksies, soos in tabel 88 uiteengesit is, word soos volg gelys.

1. 'n Tekort aan fondse maak dit moeilik om die funksies behoorlik, gereëld en effektief toe te pas.
2. Die afstand na die dip-tenk is ver en dit bemoelik die taak om vee daar en terug te kry.

15.2.8 Die aantal vee wat die jaar wat die opname vooraf gaan, gereproduseer is, word in tabel 89 uiteengesit.

Tabel 89: Die aantal vee wat in die afgelope jaar gereproduseer is en die aantal huishoudings daarby betrokke, word volgens veesoort uiteengesit.

| Veesoort | Aantal gereproduseer | | Aantal huishoudings |
|----------|----------------------|-------|---------------------|
| | N | % | |
| Beeste | 40 | 9,8 | 13 |
| Bokke | 20 | 4,9 | 4 |
| Angoras | - | - | - |
| Skape | 80 | 19,7 | 2 |
| Varke | 11 | 2,7 | 3 |
| Perde | 3 | 0,7 | 2 |
| Hoenders | 253 | 62,2 | 16 |
| Totaal | 407 | 100,0 | 40 |

Uit tabel 89 blyk dit dat reproduksie hoofsaaklik ten opsigte van 3 veesoorte plaasgevind het, waaronder hoenders, nl. 253 (62,2%), skape, nl. 80 (9,7%) en beeste, nl. 40 (9,8%). Verder blyk dit dat 'n maksimum van 16 huishoudings uit 39 (wat vee besit) by een of ander vorm van reprodusering van vee betrokke is. Dit dui op 'n maksimum van 41% betrokkeheid by vee-reproduksie, waaruit afgelei kan word dat die minderheid van huishoudings by veeteelt betrokke is.

Wanneer die aantal vee wat potensieël beskikbaar is vir veeteelt, soos in tabel 83 aangetoon, in ag geneem word, blyk die volgende:

1. Uit 169 koeie is 40 kalwers gereproduseer, dit wil sê 4,2 koeie vir elke kalf gereproduseer.
2. Uit 104 bokke is 20 lammers gereproduseer, dit wil sê 5,2 bokke vir elke lam gereproduseer.
3. Uit 602 skape is 80 lammers gereproduseer, dit wil sê 7,5 skape vir elke lam gereproduseer.
4. Uit 382 hoenders is 253 kuikens gereproduseer, dit wil sê 1,5 hoenders vir elke kuiken gereproduseer.

Uit voorafgaande (punte 1 - 4) word afgelei dat reproduksie van vee, buiten hoenders, laag is en dat daarop verbeter behoort te word. Hierdie situasie blyk te impliseer dat daar baie vee is wat voedsel en versorging verbruik terwyl daar geen inkomste daaruit gegenereer word nie. Die opgradering van die veeteelt en die instelling van 'n program blyk van kardinale belang te wees. Om veeteelt ekonomies te bedryf, is dit nodig om 'n minimum aanteelvlak van 65% en verkope van 15 - 20% van die totale kudde te handhaaf.

15.2.9 Die verliese wat ten opsigte van vee gely is in die jaar wat die opname voorafgegaan het, word in tabel 90 uiteengesit.

Tabel 90: Aantal verliese ten opsigte van onderskeie veesoorte en oorsake van verliese.

| Veesoort | Aantal verloor | Oorsake van verliese |
|----------|----------------|--|
| Koeie | 12 | Galsiekte; Rooiwater; Ouderdom |
| Osse | 2 | Galsiekte; Onbekende siekte |
| Kalwers | 5 | Onseker, vermeende vergiftiging |
| Bokke | 7 | Onbekende siekte |
| Varke | 1 | Deur tou verwurg |
| Skape | 95 | Diefstal |
| Hoenders | 217 | Diefstal; Swak bene en vere wat uitval voor dit vrek, Koue |
| Totaal | 339 | |

Uit tabel 90 blyk dit dat daar 'n hoë aantal verliese onder hoenders, nl.217, skape, nl. 95, en beeste, nl. 19 (in totaal) was. Heelwat siektes, soos onder andere galsiekte en rooiwater, blyk onder beeste voor te kom. Die verlies van 95 skape is 'n aanduiding dat verdere ondersoek in hierdie verband geverg word. Die verlies aan hoenders, nl. 217, blyk ook hoog te wees en die beskryfde siekte, nl. swak bene en vere wat uitval, blyk verdere ondersoek te vereis. Diefstal van hoenders word genoem en behoort tesame met die diefstal van skape aandag te geniet.

Die totale aantal vee wat die afgelope jaar in die onderskeie huishoudings se besit was, is 1351 (sien tabel 83). Hieruit is 407 stuks vee gereproduseer (dit wil sê 'n gemiddelde reproduksievlak van 30%) en is 'n verlies van 339 stuks vee gely (dit wil sê 'n gemiddelde verliesvlak van 25%). Hieruit word afgelei dat die natuurlike aanwaskoers van die vee baie klein was. Wanneer in aanmerking geneem word dat 169 stuks vee sonder enige winsbejag geslag is, blyk dit dat die aanhou van vee vir die gemeenskap in geheel 'n verlies is.

15.2.10 Response ten opsigte van maniere waarop die verliese, soos in tabel 90 aangetoon, beheer en verminder kan word, was minimaal en dien nie in tabelvorm aangeteken te word nie. Die enkele voorstelle van respondente word vervolgens gelys.

1. Aangaande siektes is 'n behoefte aan kennis van identifisering, behandeling en voorkoming daarvan aangedui.

2. Rakende veediefstal voel respondente hulle afhanklik van die S.A.P. en doen 'n beroep op meer daadwerklike optrede.
3. Respondente het onder meer eenvoudig nie geweet wat deur hulle gedoen kan word nie.
4. 'n Aanduiding van rommelstrooiing van byvoorbeeld plastiek, wat as 'n gevaar vir diere beskou word, is ook uit enkele response verkry.

15.2.11 Die betrokkenheid by surplusproduksie van byprodukte, byvoorbeeld eiers, melk, velle, ens., word in tabel 91 uiteengesit.

Tabel 91: Aantal huishoudings betrokke by surplusproduksie.

| Surplusproduksie kom voor | N | % |
|---------------------------|----|-------|
| Ja | 4 | 10,3 |
| Nee | 35 | 89,7 |
| Totaal | 39 | 100,0 |

Uit tabel 91 blyk dit dat die meerderheid van huishoudings, nl. 35 (89,7%), nie surplus produseer nie. By verdere ondersoek van die opname-data is gevind dat in die 4 (10,3%) gevalle waar surplusproduksie voorkom, daar hoofsaaklik gekonsentreer is op velle, huide, wol en eiers, waarvan een respondent by verre die grootste bydrae gelewer het. Dit blyk dat weinig aandag geskenk word aan surplusproduksie en dat aandag hieraan geskenk behoort te word.

15.3 Grondgebruik en akkerbou

Uit die universum van 64 huishoudings het 15 (23,4%) aangetoon dat hulle een of ander vorm van akkerbou toepas en dus groente, vrugte en/of gesaaides produseer. Uit hierdie 15 respondente het 14 aangetoon dat hulle tussen enigiets van 'n klein privaat groentetuin na 5 Ha grond bewerk, terwyl 1 respondent +- 10 Ha grond bewerk.

15.3.1 Hoeveelheid beskikbare grond wat bewerk word, word in tabel 92 aangedui.

Die hoeveelheid beskikbare grond wat bewerk word, word in tabel 92 uiteengesit.

Tabel 92: Die hoeveelheid grond wat bewerk word van dit waaroor 'n huishouding beskik.

| Hoeveelheid grond wat bewerk word van dit wat beskikbaar is. | N | % |
|--|----|-------|
| 4/4 word bewerk | 9 | 60,0 |
| 3/4 - 4/4 word bewerk | - | - |
| 1/2 - 3/4 word bewerk | 1 | 6,7 |
| 1/4 - 1/2 word bewerk | 4 | 26,7 |
| Minder as 1/4 word bewerk | 1 | 6,7 |
| TOTAAL | 15 | 100,1 |

Uit tabel 92 blyk dit dat die meerderheid van die 15 respondente, nl.9 (60%), van al hul beskikbare grond gebruik maak.

15.3.2 Die redes wat aangevoer word waarom grond nie bewerk word nie, word vervolgens gelys. Die data word nie in tabelvorm aangebied nie, aangesien daar slegs 8 response was wat vier verskillende standpunte gestel het.

Die redes waarom grond nie bewerk word nie, is as volg gelys:

- i. Weet nie hoe om grond te bewerk en te beplant nie;
- ii. Daar was te veel laat reëns sodat die lande onbegaanbaar was;
- iii. Daar was te min reëns en dit was dus te droog om te plant; en
- iv. Geen spesifieke rede nie, het net nie geploeg of geplant nie.

Faktore wat bygedra het tot bogenoemde redes is die volgende:

- i. Water is nie beskikbaar by die landerye nie; en
- ii. Landerye sou bewerk kon word indien die nodige toerusting beskikbaar was.

Uit bogenoemde blyk dit dat daar 'n behoefte aan watervoorsiening aan landerye is en dat die toerusting vir grondbewerking ontoereikend is.

15.3.3 Persepsie van bewerkbare grond word in die volgende tabelle aangedui.

Die persepsie van die gemeenskap ten opsigte van die beskikbare bewerkbare grond se grootte, word in tabel 93 aangetoon.

Tabel 93: Aantal huishoudings wat grond bewerk en wat die beskikbare grond as te min beskou.

| Beskikbare grond is te min | N | % |
|----------------------------|----|-----|
| Ja | 6 | 40 |
| Nee | 9 | 60 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 93 blyk dit dat die meerderheid, nl.9 (60%), die beskikbare grond nie as te min beskou nie, terwyl 6(40%), dit wel as te min beskou.

Uit paragrawe 15.3.2. en 15.3.3. word afgelei dat maksimale benutting van grond bereik kan word indien die volgende aandag geniet:

- i. Die persepsie van die gemeenskap oor die grootte van grond wat bewerk moet word en watter produksievlak op 'n gegewe stuk grond behaal kan word;
- ii. Kennis wat die gemeenskap nodig het ten opsigte van bewerking van grond en versorging van gesaaides; en
- iii. Toegang tot meer toepaslike toerusting.

15.3.4 Toestand van omheining word in die volgende tabelle aangedui.

Die toestand van omheining van landerye en bewerkbare grond word in tabelle 96, 97 en 98 uiteengesit.

Tabel 94: Die aantal huishoudings wie se akkerbou-grond omhein is.

| Akkerbou-grond is omhein | N | % |
|--------------------------|----|-----|
| Ja | 12 | 80 |
| Nee | 3 | 20 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 94 blyk dit dat van diegene wat grond bewerk, 12 (80%) se gronde omhein is.

Tabel 95: Die metode van omheining van diegene wie se grond omhein is.

| Metode van omheining | N | % |
|----------------------------------|----|-------|
| Stuk grond is afsonderlik omhein | 7 | 46,7 |
| In blok, saam met andere omhein | 8 | 53,3 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 95 blyk dit dat 8 (53,3%) se grond in blok omhein is en 7 (46,7%) as afsonderlike eenhede omhein is.

Tabel 96: Die toestand van die omheining van diegene wat grond bewerk.

| Toestand van omheining | N | % |
|------------------------|-----------|--------------|
| Goed | 1 | 6,7 |
| Redelik | 6 | 40,0 |
| Het tans aandag nodig | 6 | 40,0 |
| Swak | 2 | 13,3 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 96 blyk dit dat die meerderheid verdeel is tussen enersyds die oortuiging dat die omheining redelik is, nl. 6 (40%), en andersyds dat die omheining tans aandag vra, nl. 6 (40%). Verder meen 1 (6,7%) dat die omheining goed is en 2 (13,3%) dat die omheining swak is.

Verdere opnamestatistiek het getoon dat die omheining hoofsaaklik uit doringdraad bestaan.

Uit paragraaf 15.3.4. word afgelei dat, alhoewel die meeste individue wat grond bewerk se grond omhein is, die omheining redelik is of tans aandag nodig het. Wanneer die feit in ag geneem word dat slegs 23.4% van die steekproef grond bewerk, wil dit voorkom asof die vraagstuk van die omheining van ander gronde, tesame met die omheining van bewerkte gronde, aangespreek moet word.

15.3.5 Ploeg en braaklê word in die volgende tabelle aangedui.

Die praktyk wat ten opsigte van ploeg en braaklê van landerye gevolg word, word in tabel 97 en 98 aangetoon.

Tabel 97: Aantal huishoudings van diegene wat grond bewerk wat hul landerye elke seisoen ploeg.

| Landerye word elke seisoen geploeg | N | % |
|------------------------------------|-----------|------------|
| Ja | 9 | 60 |
| Nee | 6 | 40 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 97 blyk dit dat die meerderheid, nl. 9 (60%), van diegene wat grond bewerk, hul landerye elke seisoen ploeg.

Tabel 98: Aantal huishoudings wat grond bewerk wat soms hul landerye laat braaklê.

| Laat soms landerye braaklê | N | % |
|----------------------------|----|-----|
| Ja | 6 | 40 |
| Nee | 9 | 60 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 98 blyk dit dat die meerderheid, nl.9 (60%), nie die praktyk om soms hul landerye braak te laat lê, toepas nie.

By nadere ondersoek van die data is gevind dat ploegwerk hoofsaaklik self gedoen word, maar dat ekstra arbeid soms gehuur word. Volgens 'n aantal van diegene wat grond bewerk, kan ploeg-aktiwiteite verbeter word. Dit blyk asof diegene sou verkies dat meer moderne implemente beskikbaar behoort te wees, of dat ten minste 'n trekker en 'n ploeg geredelik beskikbaar behoort te wees.

15.3.6 Die metodes van besproeiing wat toegepas word, word in tabel 99 uiteengesit.

Tabel 99: Die metodes van besproeiing wat deur diegene wat grond bewerk, toegepas word.

| Metode van besproeiing | N | % |
|------------------------|----|-------|
| Per hand | 9 | 60,0 |
| Vloedbesproeiing | 1 | 6,7 |
| Sprinkelbesproeiing | - | - |
| Maak op reën staat | 5 | 33,3 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 99 blyk dit dat die meerderheid, nl.9 (60%), besproeiing per hand doen. By nadere ondersoek is bepaal dat die 1 (6,7%) wat vloedbesproeiing toepas, die persoon is wat homself as boer geïdentifiseer het, soos reeds in paragraaf 2.15.1. aangetoon is.

Uit bogenoemde word afgelei dat die besproeiingsmetodes hoofsaaklik primitief is. Volgens die gemiddelde reënval in hierdie gebied is dit onwaarskynlik dat genoeg water bekom kan word bloot deur op reën staat te maak. Dit blyk dus dat, indien die gemeenskap op hul produksie van gesaaides ens. sou wou verbeter, prioriteit-aandag aan meer effektiewe watervoorsiening vir besproeiingsdoeleindes geskenk behoort te word.

15.3.7 Die metodes wat toegepas word om te plant word in tabel 100 aangetoon.

Tabel 100: Die metodes wat toegepas word om te plant deur diegene wat grond bewerk.

| Plantmetode | N | % |
|----------------------------|----|-------|
| Per hand (pik en graaf) | 13 | 86,6 |
| Saadbeddings en uitplant | 1 | 6,7 |
| Meganiese plant-implemente | 1 | 6,7 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 100 blyk dit dat die meerderheid, nl.13 (86,6%), van diegene wat grond bewerk, per hand plant, dit wil sê dat hulle dit met pik en graaf doen. By nadere ondersoek is gevind dat die een persoon wat saadbeddings gebruik, 'n toevallige geval is wat dit vir die eerste keer op 'n baie klein skaal probeer het. Die ander persoon wat meganiese implemente gebruik, is weer eens die respondēt wat homself as 'n boer van beroep geïdentifiseer het.

Hieruit word afgelei dat die plantmetodes wat toegepas word hoofsaaklik primitief is en dat dit nie resultate sal lewer wat kompetend binne die vryemarkstelsel kan wees nie.

15.3.8 Die praktyke ten opsigte van ploeg-aktiwiteite word in die volgende tabelle aangedui.

Tabel 101: Die tyd wanneer gewoonlik geploeg word.

| Ploegtyd | N | % |
|------------------------|----|-----|
| Kort na die lentereëns | 15 | 100 |
| Winter | - | - |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 101 blyk dit dat alle huishoudings wat grond bewerk kort na die lentereëns ploeg. Volgens die landboukundiges is dit aanvaarbare praktyk, maar daar kan op verbeter word deur byvoorbeeld ook in die winter te ploeg en ook nie te knap voor planttyd nie.

Tabel 102: Die diepte wat geploeg word.

| Ploegdiepte | N | % |
|-------------|----|-------|
| 3 duim | - | - |
| 6 duim | 10 | 66,7 |
| 9 duim | 5 | 33,3 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 102 blyk dit dat die meerderheid, nl.10 (66,7%), tot ses duim (13-14cm) diep ploeg en dat 5 (33,3%) tot nege duim (+-20cm) diep ploeg. Volgens landboukundiges is die minderheid, nl.5 (33,3%), se praktyk aanvaarbaar as minimum landboukundige vereiste en behoort daarop verbeter te word.

Uit tabelle 101 en 102 blyk dit derhalwe dat ploegpraktyke tans alleen in die minderheid van gevalle slegs maar aan die minimum vereistes voldoen. Hierop sal verbeter moet word indien die gemeenskap daarin wil slaag om ekonomies te produseer en met die mededingende marksisteem te kan kompeteer.

15.3.9 Die bewerkingspraktyke van grond t.o.v. die losmaak en skoffel daarvan word in tabel 103 aangetoon.

Tabel 103: Die bewerkingspraktyke van grond loswerk en skoffel deur diegene wat grond bewerk.

| Wanneer grond geskoffel/ losgewerk word | Ja | | Nee | | TOTAAL | |
|---|----|------|-----|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Kort nadat plantjies opkom (+- 14 cm) | 3 | 20,0 | 12 | 80,0 | 15 | 100 |
| Wanneer plantjies +- 30 cm hoog is | 12 | 80,0 | 3 | 20,0 | 15 | 100 |
| Kort na elke reënval | 5 | 33,3 | 10 | 66,7 | 15 | 100 |
| Voordat plantjies saadskiet | 4 | 26,7 | 11 | 73,3 | 15 | 100 |
| N.V.T.: Skoffel nie die grond nie | - | - | 15 | 100 | 15 | 100 |

Uit tabel 103 blyk dit dat die meerderheid, nl 12 (80%), gewoonlik skoffel wanneer die plantjies +- 30 cm hoog is. Sommige skoffel kort na elke reënval, nl.5 (33,3%), voordat die plantjies saadskiet, nl.4 (26,7%), en kort nadat die plantjies opkom, nl.3 (20%). I.t.v. landboukundige vereistes word afgelei dat hierdie praktyk ook verbeter kan word om gevolglik produksie te verbeter.

15.3.10 Die persoon/persone wat besluit wanneer grond geploeg, beplant of bewerk moet word, word in tabel 104 uiteengesit.

Tabel 104: Die persoon/persone in huishoudings wat gewoonlik besluite neem aangaande die bewerking, plant en ploeg van die grond.

| Persoon/Persone wat besluite neem t.o.v. wanneer grond bewerk, geploeg of beplant moet word | N | % |
|--|-----------|--------------|
| Hoof van die huishouding | 8 | 53,3 |
| Gade van die hoof van die huishouding | 1 | 6,7 |
| Hoof van huishouding en gade besluit saam | 6 | 40,0 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 104 blyk dit dat die hoof van die huishouding in die meerderheid van gevalle n.l.8 (53,3%), die besluite neem ten opsigte van die bewerking van hul grond. In 'n groot aantal huishoudings, n.l.6 (40%), word hierdie besluite gesamentlik deur die hoof van die huishouding en sy gade geneem. In een geval (6,7%), val die verantwoordelikheid op die gade van die hoof van die huishouding. By nadere ondersoek is gevind dat dit in hierdie geval die enigste praktiese uitweg is, synde die hoof van die huishouding pendelarbeid verrig en dus vir maande aaneen nie self teenwoordig is om besluite in hierdie verband te kan neem nie.

15.3.11 Die hoeveelheid produksie wat gelewer is ten opsigte van gesaaides en groente, in verhouding met die hoeveelheid grond wat daarvoor aangewend is, word in tabel 105 aangetoon.

Tabel 105: Die hoeveelheid gesaaides en groente wat die afgelope jaar geproduseer is teenoor die hoeveelheid grond wat daarvoor aangewend is.

| Naam van die produk | Hektaar beplant | Produksie (in kg) |
|---------------------|-----------------|-------------------|
| Mielies | 36 | 3802 |
| Blomkool | 2 | 336 |
| Pampoer | 1 | 320 |
| Boontjies | 1 | 270 |
| Aartappels | 2 | 640 |
| Wortels | 1 | 30 |
| Beet | 1 | 40 |
| Tamaties | 1 | 200 |
| TOTAAL | 45 | 5638 |

Uit tabel 105 blyk dit dat die meeste grond, nl. 36 Ha, vir mielies aangewend is. Hiernaas is 2 Ha vir blomkool en 2 Ha vir aartappels aangewend. In totaal is 45 Ha grond bewerk en aangewend vir die produksie van groente en gesaaides. By nadere ondersoek is gevind dat daar ongeveer 220 Ha bewerkbare grond in Wartburg beskikbaar is, wat impliseer dat 20,4% van die bewerkbare grond aangewend is. Volgens landboukundiges is die produksie gelewer, soos in tabel 105 aangetoon, laag en moet daar heelwat op verbeter word.

15.3.12 Hoe die gewasse wat geplant en geproduseer is aangewend word, word in tabel 106 uiteengesit.

Tabel 106: Die wyse waarop huishouding geproduseerde gewasse aanwend.

| Wyse van aanwending | N | % |
|---------------------|----|-------|
| Eie gebruik | 12 | 80,0 |
| Verkoop | 2 | 13,3 |
| Voer vir diere | 1 | 6,7 |
| TOTAAL | 15 | 100,0 |

Uit tabel 106 blyk dit dat gewasse hoofsaaklik, dit wil sê in 12 (80%) huishoudings, vir eie gebruik aangewend word. Handeldrywing met gewasse is tot 2 (13,3%) huishoudings beperk.

15.3.13 Die inkomste wat uit die geproduseerde gewasse, soos in tabel 105 uiteengesit is, gegeneer is, word in tabel 107 uiteengesit.

Tabel 107: Die totale bedrag wat ten opsigte van geproduseerde gewasse vir die afgelope jaar gegeneer is.

| Tipe gewas | Bedrag gegeneer die afgelope jaar (in Rand) |
|------------|---|
| Mielies | 2400 |
| Blomkool | 384 |
| Pampoer | 120 |
| Boontjies | 300 |
| Aartappels | 552 |
| Tamaties | 48 |
| TOTAAL | 3804 |

Uit tabel 109 blyk dit dat 'n totale bedrag van R3804 tydens die afgelope jaar gegeneer is, met die grootste enkele inkomste uit mielies, nl. R2400. Die gemiddelde inkomste per jaar wat per huishouding gelewer is, is R253.60 per jaar of R21.13 per maand, waar die gesamentlike opbrengs van 15 huishoudings vir die jaar R3804 was. Hieruit word afgelei dat weinig inkomste uit surplus gegeneer is en dat daar groot ruimte vir verbetering is.

15.3.14 Die verkryging van saad, kunsmis en bemesting word in tabel 108 aangedui.

Tabel 108: Die wyses waarop saad, kunsmis en bemesting bekom is.

| Wyse waarop bekom is | Saad | | Kunsmis | | Mis | |
|--------------------------------------|------|------|---------|------|-----|------|
| | N | % | N | % | N | % |
| Aangekoop | 13 | 86,7 | 7 | 46,7 | 1 | 6,7 |
| Skenkings | - | - | - | - | - | - |
| Van staat verkry | - | - | - | - | - | - |
| Self uit boerdery geproduseer | 2 | 13,3 | - | - | 14 | 93,3 |
| N.V.T.: Maak nie daarvan gebruik nie | - | - | 8 | 53,3 | - | - |
| TOTAAL | 15 | 100 | 15 | 100 | 15 | 100 |

Uit tabel 108 blyk dit dat die meerderheid, nl.13 (86,7%), hul saad aankoop en dat slegs 2 (13,3%) self saad produseer. Ten opsigte van kunsmis blyk dit dat 'n kleiner aantal, nl.7 (46,7%), wel kunsmis aankoop en aanwend, terwyl 8 (53,3%) nie van kunsmis gebruik maak nie. Aangaande die aanwending van kraalmis blyk dit dat die meerderheid, nl.14 (93,3%), dit uit hul eie krale bekom, terwyl 1 dit aankoop.

Hieruit word afgelei dat saad hoofsaaklik gekoop word, dat minder as die helfte van die huishoudings kunsmis aankoop en aanwend en dat daar hoofsaaklik van kraalmis gebruik gemaak word om landerye of bewerkte grond te bemes.

Volgens die data is die hoeveelhede kunsmis en kraalmis wat aangewend is so klein dat die data ontoereikend was om enige sinvolle afleidings te kan maak en word dit dus nie getabuleer nie. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die algemene praktyk vir bemesting die inploeg van 20-100 kg kunsmis of kraalmis per Ha is. Volgens landboukundiges is hierdie praktyk geheel en al ontoereikend en kom dit eintlik neer op 'n vermorsing van bemestingstowwe. Dit blyk dus dat die volgende beginsel ingeskerp behoort te word: om 'n kleiner stuk grond te bewerk wat behoorlik deur die beskikbare bemestingstowwe bemes kan word, is meer effektief en lei tot beter produksie.

15.3.15 Die beskikbaarheid en aanwending van implemente word in tabel 109 aangetoon.

Tabel 109: Die aantal huishoudings wat toegang het, deur besit of deur te leen, tot plaasimplemente en ander toerusting.

| Implemente/ Toerusting | Aantal wat besit | | Aantal wat leen | | Maak nie gebruik | | TOTAAL | |
|---------------------------|------------------|------|-----------------|------|------------------|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ploeg-osse | 11 | 73,3 | 1 | 6,7 | 3 | 20,0 | 15 | 100 |
| Os-ploeg | 6 | 40,0 | 1 | 6,7 | 8 | 53,3 | 15 | 100 |
| Skoffelploeg | 14 | 93,3 | 1 | 6,7 | - | - | 15 | 100 |
| Sleepwa | 7 | 46,7 | - | - | 8 | 53,3 | 15 | 100 |
| Trekker | - | - | 11 | 73,3 | 4 | 26,7 | 15 | 100 |
| Oes-/ Dorsmasjien | 3 | 20 | 1 | 6,7 | 11 | 73,3 | 15 | 100 |
| Graaf | 3 | 20 | - | - | 12 | 80,0 | 15 | 100 |
| Byl | 1 | 6,7 | - | - | 14 | 93,3 | 15 | 100 |

Uit tabel 109 blyk dit dat die mees beskikbare toerusting 'n skoffelploeg is, waar 14 (93,3%) dit besit en 1 (6,7%) dit leen. Die meerderheid (nl. 11 (73,3%) besit en 1 (6,7%) leen) het toegang tot ploeg-osse. Ten opsigte van al die ander implemente het minder as 50% huishoudings toegang daartoe. Hieruit word afgelei dat die beskikbaarheid van implemente of toerusting waarmee grond bewerk en oeste hanteer kan word, ontoereikend is.

15.3.16 Probleme wat ondervind word deur huishoudings wat grond bewerk word in tabel 110 uiteengesit.

Tabel 110

| Aspekte waarmee probleme ondervind word | "Ja" ondervind probleme | | Nee, ondervind nie probleme | | TOTAAL | |
|---|-------------------------|------|-----------------------------|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Beskikbaarheid van arbeiders | 2 | 13,3 | 13 | 86,7 | 15 | 100 |
| Beskikbaarheid van voorligters/ inligtingsdiens | 10 | 66,7 | 5 | 33,3 | 15 | 100 |
| Plant en saai | 2 | 13,3 | 13 | 86,7 | 15 | 100 |
| Ploeg | 5 | 33,3 | 10 | 66,7 | 15 | 100 |
| Oes en dors | 1 | 6,7 | 14 | 93,3 | 15 | 100 |
| Verkoop van produk | - | - | 15 | 100 | 15 | 100 |
| Diere wat oeste vernietig | 8 | 53,3 | 7 | 46,7 | 15 | 100 |

Uit tabel 110 blyk dit dat die meerderheid, nl.10 (66,7%), probleme ten opsigte van die beskikbaarheid van voorligters of 'n inligtingsdiens aangaande boerderytegnieke ens. ondervind. Hiernaas is die volgende probleem by 8 (53,3%) van die huishoudings die feit dat diere oeste vernietig. Die derde belangrikste probleem-area wat in tabel 110 aangetoon word, blyk ten opsigte van ploeg-aktiwiteite te wees, soos aangedui in 5 (33,3%) van die gevalle. Die ander probleme word in 'n mindere mate ondervind, nl. beskikbaarheid van arbeiders in 2 (13,3%) gevalle, plant en saai in 2 (13,3%) gevalle en oes en dors in 1 (6,7%) geval. Dat laasgenoemde 3 gevalle tot 'n mindere mate 'n probleem ervaar, kan toegeskryf word aan onkunde by respondente in hierdie verband.

Wanneer tabel 106 in gedagte gehou word, waar aangetoon is dat die meerderheid van produkte, nl.12 (80%) van die gevalle, vir eie gebruik aangewend word, blyk die feit dat geen respondente in tabel 110 die verkoop van produkte as 'n probleem beskou nie, ondersteunend van hierdie inligting te wees.

Hieruit kan ook afgelei word dat produksie van gewasse laag is, sodat daar geen surplus is om te verkoop nie. Hierdie afleiding blyk gerugsteun te wees deur voorafgaande tabelle aangaande bewerking van grond.

Respondente is versoek om probleem-areas soos hierbo (Tabel 110) uiteengesit is, te bespreek. Die besprekings word vervolgens gelys:

- (i) Indiensneming van arbeiders is duur en die meeste huishoudings is dus op hulself vir arbeid aangewys.
- (ii) Meer kennis van moderne landboutegnieke en gereelde besoeke deur voorligtingsbeampies word deur hulle as noodsaaklik beskou.
- (iii) Daar is 'n behoefte aan meer en beter plaasimplimente en -toerusting.
- (iv) 'n Trekker moet meer geredelik beskikbaar wees, veral vir ploegdoeleindes.
- (v) Heining is ontoereikend vir die uithou van diere soos bokke, skape en varke om sodoende gewasse soos graan en groente te beskerm. Dit lei daartoe dat dit wat wel aangeplant word, maklik vernietig word.

15.3.17 Die soort arbeid wat gewoonlik gebruik word vir die bewerking van grond word in tabel 111 uiteengesit.

Tabel 111: Aantal huishoudings wat van verskeie vorms van arbeid gebruik maak.

| Vorm van arbeid | Ja, maak daarvan gebruik | | Nee, maak nie daarvan gebruik | | TOTAAL | |
|-------------------|--------------------------|------|-------------------------------|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Gehuurde arbeid | 1 | 6,7 | 14 | 93,3 | 15 | 100 |
| Familie | 12 | 80,0 | 3 | 20,0 | 15 | 100 |
| Tradisionele hulp | 7 | 46,7 | 8 | 53,3 | 15 | 100 |
| Bure | 6 | 40,0 | 9 | 60,0 | 15 | 100 |

Uit tabel 111 blyk dit dat die meerderheid, nl.12 (80%), van familie gebruik maak om arbeid in die bewerking van grond te verskaf.

15.3.18 Die mate waartoe probleme ten opsigte van arbeid ervaar word, word in tabel 112 uiteengesit.

Tabel 112: Aantal huishoudings wat probleme met arbeid ondervind teenoor die wat nie probleme ondervind nie.

| Ervaar probleme ten opsigte van arbeid | N | % |
|--|----|-----|
| "Ja" - ondervind probleme | 3 | 20 |
| "Nee" - ondervind nie probleme nie | 12 | 80 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 112 blyk dit dat die minderheid, nl.3 (20%), van huishoudings probleme ten opsigte van arbeid ondervind, teenoor 12 (80%) wat nie probleme in hierdie verband ondervind nie. Onder diegene wat probleme ten opsigte van arbeid ondervind, is daar uitgebrei op die feit dat hulle meestal alleen werk en nie groter opbrengste kan produseer nie, omdat hulle dan meer arbeid sou benodig. Die huur van arbeid, of selfs om arbeid op die tradisionele wyse te verkry deur die aanbieding van tradisionele bier en kos, is 'n duur praktyk en kan nie bekostig word nie.

15.3.19 Die bedrywighede van huishoudings na plant- en oestyd, wanneer aktiwiteite ten opsigte van die bewerking van grond minimaal is, word in tabel 113 uiteengesit.

Tabel 113: Aantal huishoudings wat die onderskeie aktiwiteite praktiseer wanneer bewerking van grond 'n rusperiode bereik.

| Aktiwiteite tydens rusperiode | N | % |
|--|----|------|
| Herstelwerk, bv, omheining, huis, potte, ens. | 5 | 33,3 |
| Gaan voort met dagtake, bv. houtkap | 1 | 6,7 |
| Gaan voort met ander boerdery en voorbereiding vir volgende plantseisoen | 5 | 33,3 |
| Doen niks | 4 | 26,7 |
| TOTAAL | 15 | 100 |

Uit tabel 113 blyk dit dat die meerderheid van aktiwiteite om twee aspekte wentel, nl.5 (33,3%) huishoudings wat hulle met die herstelwerk van omheining, huis, potte ens. besig hou en

5 (33,3%) huishoudings wat met ander boerdery-aktiwiteite en voorbereiding van grond vir die volgende seisoen voortgaan. 'n Relatief groot aantal huishoudings, nl. 4 (26,7%), staak alle aktiwiteite en bly onproduktief of onaktief tot die volgende seisoen. Die 1 (6,7%) geval wat voortgaan met dagtake, kan beskou word as aan te sluit by diegene wat niks produktiefs doen nie, behalwe om hul bestaan voort te sit tot en met die volgende seisoen.

15.4 Samevatting en gevolgtrekkings

- 15.4.1 Alhoewel die gemeenskap hoofsaaklik landelik is, word weinig in terme van kommersiële boerdery gedoen.
- 15.4.2 Vee in besit word hoofsaaklik vir eie gebruik aangewend, terwyl een individu die grootste aandeel in die veetalle het en as 'n kommersiële boer geïdentifiseer kon word. Handeldryf met vee kan tot 'n groot mate verbeter word om sodoende 'n groter inkomste aan die gemeenskap te besorg.
- 15.4.3 Die belangrikste probleme wat met vee ondervind word, is vee wat gewasse/oeste vertrap of vernietig, asook veediefstal. Dit dui daarop dat veekampe en omheining opgegradeer behoort te word. Verder behoort aandag geskenk te word aan die bekamping van veediefstal.
- 15.4.4 Die respondente wys telkens daarop dat voorligting ten opsigte van die versorging van vee en die hantering en behandeling van siektes vir hulle uiters belangrik is.
- 15.4.5 Funksies soos merk, dip en dosering word ontoereikend toegepas en 'n tekort aan fondse blyk die belangrikste oorsakende faktor te wees. Die afstand tussen die diptenk en die vee behoort ook aandag te geniet.
- 15.4.6 Die reproduksie van vee blyk ver onder die aanvaarbare norm te wees en behoort opgegradeer te word indien boerdery op 'n ekonomiese basis bedryf wil word.
- 15.4.7 Veeverliese word grootliks toegeskryf aan siektes wat onbehandeld bly omdat daar nie genoeg kennis oor beskik word nie. 'n Verdere probleem is veediefstal, soos reeds in 15.4.3. aangedui is.
- 15.4.8 Die bekamping van verliese wentel om voorligting ten opsigte van veesiektes en die behandeling daarvan, bekamping van rommelstrooiing van byvoorbeeld plastiek en bottelstukke, asook 'n algemene behoefte aan boerderyvaardighede in die moderne opset.
- 15.4.9 Surplusproduksie en handel met byprodukte soos eiers of melk is uiters minimaal en behoort meer effektief bedryf te word.

- 15.4.10 Gewasse wat aangeplant word, byvoorbeeld groente, mielies ens., word hoofsaaklik vir eie gebruik aangewend en nie om 'n inkomste mee te genereer nie.
- 15.4.11 Die bewerking en aanwending van grond vir akkerbou skiet tekort en behoort dringend aandag te geniet. Voorligting ten opsigte van die voorbereiding van grond, die bewerking daarvan voor, gedurende en na planttyd en die versorging van gesaaides en gewasse behoort prioriteit-aandag te geniet.
- 15.4.12 Ander faktore, soos die beskikbaarheid van fondse, toerusting en toereikende watervoorsiening, behoort aandag te geniet.
- 15.4.13 In die algemeen sou dit waarskynlik raadsaam wees om of meer mense op 'n klein skaal by effektiewe produksie-lewering uit vee en/of akkerbou betrokke te kry, of om potensiële kommersiële boere wat maksimaal van die beskikbare grond gebruik sal maak, te identifiseer en te vestig.
- 15.4.14 Aangesien die hoofde van huishoudings en/of hul gades besluite ten opsigte van boerdery-aktiwiteite neem, sou hierdie waarskynlik die aanvanklike teikengroep wees.
- 15.4.15 Arbeid blyk 'n probleem te wees, veral ten opsigte van die feit dat dit duur is en dat fondse daarvoor ontbreek.
- 15.4.16 Wanneer 'n "rus"-periode ten opsigte van plant- en oestyd bereik word, blyk die gemeenskapslede meestal gewone dagtake, onderhoud van huis en omheinings en ander boerdery-aktiwiteite voort te sit. Hierdie tyd kan moontlik meer effektief of ekonomies benut word.

16. **Finansiering en Spanderingspatrone**

16.1 Finansiering

16.1.1 Die bronne waaruit finansiering bekom word, word in tabel 114 uiteengesit.

Tabel 114: Aantal huishoudings wat finansiering van die volgende onderskeie bronne bekom.

| Bron van finansiering | N | % |
|--|----|-------|
| Banke | 4 | 6,5 |
| Bouvereniging | - | - |
| Kleinsake Ondernemings-Koöperasie (K.S.O.K.) | 3 | 4,8 |
| Landbank | - | - |
| Bure / Familie | 13 | 21,0 |
| Kan nie finansiering bekom nie | 42 | 67,7 |
| TOTAAL | 62 | 100,0 |

Uit tabel 114 blyk dit dat die meerderheid, nl. 42 (67,7%), geen toegang tot enige vorm van finansiering het nie. Die meerderheid van diegene wat wel finansiering kan bekom, nl. 13 (21%) van die huishoudings, kan lenings by bure of familie bekom. By nadere ondersoek het dit geblyk dat die lenings by bure en familie slegs klein bedrae met 'n kort leentydperk behels. Slegs 'n klein aantal kon finansiering by onder meer kommersiële banke, nl. 4 (6,5%), of K.S.O.K., nl. 3 (4,8%), bekom. Hieruit blyk dit dat die verkryging van finansiering vir groter bedrae, om byvoorbeeld huisverbeterings en algemene opheffing mee te doen, 'n ernstige behoefte blyk te wees.

16.1.2 Wyses wat deur respondente voorgestel is waarop probleme ten opsigte van die verkryging van finansiering oorkom kan word, word in tabel 115 uiteengesit.

Tabel 115: Aantal huishoudings/respondente ten opsigte van die onderskeie voorstelle waarop probleme aangaande die verkryging van finansiering oorkom kan word.

| Wyses waarop verkryging van finansiering bewerkstellig kan word | N | % |
|---|----|------|
| Moet 'n permanente inkomste bewerkstellig | 10 | 16,1 |
| Moet finansiering by 'n bank bekom / leningskema | 2 | 3,2 |
| Benodig finansiële advies en besigheidsvernuf | 24 | 38,7 |
| Vorm 'n boere-korporasie | 1 | 1,6 |
| Kontak met blanke boere vir advies | 1 | 1,6 |
| Weet nie: Kan niks doen nie | 24 | 38,7 |
| TOTAAL | 62 | 99,9 |

Uit tabel 115 blyk dit dat die meerderheid van respondente òf nie weet hoe om finansiering te bekom nie, nl.24 (38,7%), òf aandui dat hulle finansiële advies moet bekom en opleiding ten opsigte van besigheidsvernuf benodig, nl.24 (38,7%). 'n Relatiewe groot aantal, nl.10 (16,1%), beoog om 'n permanente inkomste te bewerkstellig. Wanneer in ag geneem word dat faktore buite die gemeenskap se beheer, nl. onder meer wetgewing ten opsigte van grondbesit en werkskepping, die hooforsake is ten opsigte van probleme om finansiering te bekom, blyk dit dat die gemeenskap se posisie in hierdie opsig slegs verbeter kan word deur hulp en instaatstelling deur buite- of gesagsinstansies.

16.2 Spanderingspatrone

16.2.1 Die hoofrolspelers in die neem van besluite ten opsigte van spandering word in tabel 116 uiteengesit.

Tabel 116: Die hoofrolspelers in die neem van besluite ten opsigte van spandering in die onderskeie huishoudings.

| Hoofrolspeler ten opsigte van besluitneming aangaande spandering | N | % |
|---|----|-------|
| Besluite word deur die hoof van die huishouding geneem | 6 | 9,7 |
| Besluite word deur die gade van die hoof van die huishouding geneem | 16 | 25,8 |
| Besluite word deur die hoof van die huishouding en sy gade gesamentlik geneem | 32 | 51,6 |
| Besluite word deur die gesin as eenheid geneem | 8 | 12,9 |
| TOTAAL | 62 | 100,0 |

Uit tabel 116 blyk dit dat die meerderheid van huishoudings, nl. 32 (51,6%), besluitneming deel tussen die hoof van die huishouding en sy gade. In 'n groot aantal huishoudings, nl. 16 (25,8%), word besluite deur die gade van die hoof van die huishouding geneem. By nadere ondersoek van die data blyk dit dat die verskynsel van gades wat besluite neem ten opsigte van spandering, verklaar word deurdat sommige huishoudings se hoofde noodwendig vir lang tye uithuisig is en ook dat besluite ten opsigte van spandering vir huishoudelike benodigdhede as die vrou se taak in die gemeenskap beskou word. In die minderheid van gevalle, nl. 8 (12,9%), word besluite deur die hoof van die huishouding geneem.

16.2.2 Die bedrae wat gemiddeld per huishouding ten opsigte van items spandeer word, word in tabel 117 uiteengesit.

Tabel 117: Die gemiddelde bedrag per huishouding wat ten opsigte van gespesifiseerde items gespandeer word.

| Item | Gemiddelde bedrag in Rand en sent | |
|--------------------------|-----------------------------------|----|
| | R | c |
| Kruideniersware | 124 | 86 |
| Kleding | 24 | 08 |
| Kombuisware | 13 | 87 |
| Tuingereedskap | 13 | 55 |
| Ontspanning | - | 84 |
| Tradisionele aktiwiteite | 7 | 50 |
| TOTAAL | 184 | 70 |

Uit tabel 117 blyk dit dat die gemiddelde uitgawe op lewensmiddele R184.70 per maand beloop. Hierdie bedrag sluit nie vervoer, behuising en kostes ten opsigte van bewerking van grond en boerdery- of bedryfsaktiwiteite in nie. Volgens 10.4. is die maandelikse inkomste wat deur die 62 huishoudings in die steekproef-opname gegeneer word R47 850. Die gemiddelde maandelikse inkomste per huishouding is dus R771.77. Die maandelikse spandering op lewensmiddele en ontspanning is dus 23,9% van die gemiddelde maandelikse inkomste per huishouding. In grafiek 1 word aangedui dat die populasie van die opname-steekproef 564 persone is, waaruit afgelei kan word dat daar gemiddeld 9 persone in elk van die 62 huishoudings is. Hiervolgens word daar dus gemiddeld R20.52 per maand per persoon op lewensmiddele en ontspanning spandeer.

Wanneer die boerdery-aktiwiteite, wat hoofsaaklik 'n bestaansekonomie-styl blyk te wees, in ag geneem word, blyk daar 'n diskrepansie te wees ten opsigte van 'n gemeenskap wat enersyds hierdie bestaansekonomie-lewenstyl aanhang, maar wat andersyds aangewese is op dit wat deur 'n moderne verbruikers-ekonomie aangebied kan word. Min winste word uit die grond gehaal, beide vir eie gebruik of vir surplus-produksie en bemarking, terwyl heelwat kapitaal die gemeenskap invloei deur middel van werknemers wat buite die gemeenskap werk bekom, net om weer uit te vloei na omliggende winkels en besigheidsentrusms vir ontspanning en die aankoop van lewensmiddele.

'n Per kapita inkomste van R84.84 per maand word gegeneer, terwyl R20.52 per maand aan lewensmiddele en ontspanning spandeer word. Dit laat R64.32 per maand vir akkomodasie-, vervoer- en ander bestaanskostes.

16.2.3 Die voorkeur van waar aankope van lewensmiddele gedoen word, word in tabel 118 aangedui.

Tabel 118: Aantal huishoudings per plek van voorkeur vir aankoop van lewensmiddele.

| Voorkeurplek vir aankope | N | % |
|---|----|-------|
| Winkels te Stutterheim | 38 | 62,3 |
| Nabygeleë algemene handelaar | 20 | 32,3 |
| King Williams Town (meestal kettingwinkelgroep) | 3 | 4,8 |
| Döhne handelaar | 1 | 1,6 |
| TOTAAL | 62 | 100,0 |

Uit tabel 118 blyk dit dat die meerderheid, nl. 38 (62,3%), hul aankope te Stutterheim doen, terwyl 20 (32,3%) die nabygeleë algemene handelaar ondersteun. 'n Ander nabygeleë handelaar, nl. Döhne handelaar, trek slegs 1 (1,6%) huishouding, terwyl 3 (4,8%) King Williams Town besoek, hoofsaaklik om kettingwinkels te besoek. Hieruit blyk dit dat afleidings oor die vloei van kapitaal, soos in 4.10.2.2. bespreek is, ondersteun word.

16.2.4 Die mate van probleme ten opsigte van die beskikbaarheid van winkels, word in tabel 119 aangetoon.

Tabel 119: Aantal huishoudings wat probleme ten opsigte van die beskikbaarheid van winkels ondervind, teenoor die wat nie probleme ondervind nie.

| Is ontevrede met beskikbaarheid van winkels | N | % |
|---|----|-------|
| "Ja" - is ontevrede | 4 | 6,5 |
| "Nee" - is nie ontevrede nie | 58 | 93,5 |
| TOTAAL | 62 | 100,0 |

Uit tabel 119 blyk dit dat die meerderheid, nl. 58 (93,5%), tevrede is met die beskikbaarheid van winkels, terwyl 4 (6,5%) ontevrede is.

'n Lys van redes waarom die minderheid van 4 (6,5%) ontevrede is met die beskikbaarheid van winkels, word voorts uiteengesit:

- (i) 'n Tekort aan finansies maak dit moeilik om die winkels te besoek, aangesien vervoer duur is.
- (ii) Huurmotors hef 'n hoë fooi op die vervoer van goedere, wat die tuisbring van aankope bemoeilik.

- (iii) Winkels naby, of verkieslik binne die gemeenskap, sal aankope vergemaklik aangesien dit afstand - en dus tyd en koste - sal help bespaar.

By nadere ondersoek, deur onderhoude met individue en leiersfigure, blyk dit dat die meerderheid aangedui het dat hulle tevrede is met die beskikbaarheid van winkels bloot omdat hulle voel dat daar in elk geval niks aan gedoen kan word nie en dat die huidige situasie beter is as niks.

Hieruit word afgelei dat die impak van probleme, soos in (i), (ii) en (iii) hierbo genoem, groter is as wat uit die statistiek blyk.

16.3 Samevatting en gevolgtrekkings

- 16.3.1 'n Ernstige probleem word ondervind met die verkryging van finansiering, wat waarskynlik 'n groot rol speel in die feit dat die gebied nie ekonomies lewensvatbaar blyk te wees nie en grootliks onproduktief is.
- 16.3.2 Spandering van inkomste lê hoofsaaklik in die hand van die gade van die hoof van die huishouding en sy word daarin dikwels deur die hoof van die huishouding bygestaan.
- 16.3.3 In terme van die hoeveelheid mense per huishouding, blyk die geld wat op lewensmiddele spandeer word, onrealisties en ontoereikend vir die behoorlike versorging van hierdie mense te wees.
- 16.3.4 Die afstand na winkels blyk nie 'n ernstige probleem te wees nie, maar meer toeganklike winkels in of naby die gemeenskap sal waarskynlik verligting ten opsigte van kostes en vervoer bring.

17. **Gemeenskapsbetrokkenheid, leierskap en vlak van tevredenheid.**

17.1 Gemeenskapsbetrokkenheid

17.1.1 Die mate van bywoning van funksies word in tabel 120 aangedui.

Tabel 120: Aantal huishoudings wat funksies gereeld bywoon teenoor die wat nie.

| Woon funksies gereeld by | N | % |
|--|-----|-----|
| "Ja" - woon funksies gereeld by | 121 | 96 |
| "Nee" - woon funksies nie gereeld by nie | 5 | 4 |
| TOTAAL | 126 | 100 |

Uit tabel 120 blyk dit dat die meerderheid, nl. 121 (96%), gereeld funksies in die gemeenskap bywoon, terwyl 5 (4%) dit nie gereeld bywoon nie. Hieruit word afgelei dat die gemeenskap gereeld betrokke is by funksies wat in die gemeenskap gehou word.

17.1.2 Die tipe sosiale funksies wat gewoonlik deur die gemeenskapslede bygewoon word, word in tabel 121 uiteengesit.

Tabel 121: Die aantal huishoudings wat gewoonlik die onderskeie tipes sosiale funksies bywoon.

| Tipe sosiale funksie | Ja | | Nee | | TOTAAL | |
|-----------------------------|-----|------|-----|------|--------|-----|
| | N | % | N | % | N | % |
| Gemeenskapsvergadering | 121 | 96 | 5 | 4 | 126 | 100 |
| Tradisionele byeenkomste | 25 | 19,8 | 101 | 80,2 | 126 | 100 |
| Kerklike byeenkomste | 12 | 9,5 | 114 | 90,5 | 126 | 100 |
| Skoolvergaderings | 27 | 21,4 | 99 | 78,6 | 126 | 100 |
| Kleiner sosiale byeenkomste | 2 | 1,6 | 124 | 98,4 | 126 | 100 |

Uit tabel 121 blyk dit dat die meerderheid, nl. 121 (96%), gewoonlik gemeenskapsvergaderings gereeld bywoon. Ander deelname aan sosiale aktiwiteite is heelwat laer met 25 (19,8%) wat gewoonlik tradisionele byeenkomste bywoon, 12 (9,5%) kerklike byeenkomste, 27 (21,4%) skoolvergaderings en 2 (1,6%) kleiner sosiale byeenkomste soos tuisvermaak en onderlinge kuiery.

Hieruit word afgelei dat daar heelwat deelname aan meer gestruktureerde gemeenskapsbyeenkomste is, terwyl daar weinig aktiwiteite rondom meer sosiale, ongestruktureerde samekomste is. Dit blyk verder dat daar weinig saamgekom word vir die doel van vermaaklikheid, byvoorbeeld konserte.

17.1.3 Die vlak van kommunikasie word in tabel 122 uiteengesit.

Tabel 122: Die aantal huishoudings wat by elk van die graderings inpas.

| Vlak van kommunikasie | N | % |
|--|-----|-------|
| Die meeste van die gemeenskapslede (jonk en oud) assosieer persoonlik en openlik met mekaar | 109 | 86,5 |
| Vroue assosieer alleenlik met vroue en mans alleenlik met mans | 3 | 2,4 |
| Die inwoners assosieer slegs met hul tydgenote - seniors met seniors en jonger lede met ander jonger lede | 9 | 7,1 |
| Meeste van die inwoners assosieer nie op 'n persoonlike vlak met andere nie - hulle assosieer slegs wanneer hulle gemene belange het | 5 | 4,0 |
| TOTAAL | 126 | 100,0 |

Uit tabel 122 blyk dit dat die gemeenskap hoofsaaklik, nl. in 109 (86,5%) gevalle, 'n oop gemeenskap is waarin gemeenskapslede persoonlik en openlik met mekaar assosieer. Die bevindinge vanuit tabel 123 blyk in teenstelling te wees met die aanduidings afgelei uit tabel 124. Indien aanvaar sou word dat die gemeenskap merendeels tradisionele patrone in hul sosiale verkeer volg, waar gemeenskapsbyeenkomste 'n oop en vrye geleentheid skep om gedagtes en nuus te ruil, kan hierdie teenstelling verklaar word.

Ander meer geslote sisteme van kommunikasie word tot 'n mindere mate aangetoon deur die opname-statistiek, soos in tabel 122 aangedui, en blyk daarop te wys dat meer geslote sisteme tog in sekere opsigte waar tradisionele voorskrifte gevolg word, funksioneer.

By nadere ondersoek, deur observasie en deelnemende waarneming, is tot die slotsom gekom dat die kommunikasievlak in die gemeenskap hoofsaaklik oop en vry is, wat afgewissel word met meer geslote sisteme wat tradisioneel voorgeskryf word. Alhoewel gebruike soos konsensusbesprekings soms tydrowend is ten opsigte van besluitneming, word sieninge tog vinnig en openlik gedeel en oorgedra. Dit het besluitneming tot gevolg wat hoofsaaklik die goedkeuring van die gemeenskap

dra. Hieruit kan afgelei word dat kommunikasie op die verskeie vlakke waarop dit in die gemeenskap bestaan, 'n gesonde en gevestigde praktyk is.

- 17.1.4 Die wyse waarop geskille hanteer word, word in tabel 123 uiteengesit.

Tabel 123: Aantal huishoudings wat die onderskeie wyses volg waarop geskille hanteer word.

| Wyse waarop geskille hanteer word | N | % |
|---|-----|-------|
| Hoof van die huishouding hanteer dit alleen | 14 | 11,1 |
| Gade van die hoof van die huishouding hanteer dit alleen | 28 | 22,2 |
| Hoof van die huishouding en sy gade hanteer dit gesamentlik | 51 | 40,5 |
| Gesin/huishouding hanteer dit as 'n eenheid | 33 | 26,2 |
| TOTAAL | 126 | 100,0 |

Uit tabel 123 blyk dit dat geskille in die meerderheid van huishoudings, nl. 51 (40,5%), gesamentlik deur die hoof van die huishouding en sy gade hanteer word, terwyl dit in 33 (26,2%) gevalle deur die gesin of huishouding as 'n eenheid hanteer word. In 28 (22,2%) gevalle hanteer die gade van die hoof van die huishouding die geskille en in 'n minderheid, nl. 14 (11,1%), hanteer die hoof van die huishouding enige geskille alleen.

Hieruit kan afgelei word dat huishoudings meestal demokraties is en tot 'n mate gemoderniseer is ten opsigte van die hantering van geskille. Dit blyk verder dat huishoudingseenhede heg is en as 'n eenheid funksioneer. Hierdie afleidings blyk ook gerugsteun te word deur die besluitneming soos onder meer in paragraaf 16.2.2 aangedui.

- 17.1.5 Die persone wat genader word indien geskille nie besleg kan word, soos in 17.1.4 hierbo aangedui is nie, word in tabel 124 uiteengesit.

Tabel 124: Aantal huishoudings wat hulle na onderskeie alternatiewe wend indien geskille nie binne die normale opset besleg kan word nie.

| Alternatief waarna gewend word | N | % |
|--|-----|-------|
| Gemeenskapsleier | 21 | 16,7 |
| 'n Familie-lid soos oom, vader, ouma, suster, kind | 27 | 21,4 |
| Die opvolgpersoon soos eggenoot se broer | 27 | 21,4 |
| Niemand - hanteer alle probleme self | 51 | 40,5 |
| TOTAAL | 126 | 100,0 |

Uit tabel 124 blyk dit dat die meerderheid, nl. 51 (40,5%), daarop aandring dat hulle ten alle tye self geskille binne die huishouding hanteer. Twee groepe van 27 (21,4%) wend hulle òf na familie òf na die opvolger van die hoof van die huishouding. 'n Vierde groep, nl. 21 (16,7%), wend hulle na die gemeenskapsleier. Hieruit word afgelei dat familiebande en ondersteuning van familie 'n belangrike faktor in die funksionering van die huishouding blyk te wees. Die gemeenskapsleier, as enkelpersoon, blyk ook 'n prominente rol in hierdie opset te speel. Dit blyk ook dat meer tradisionele kanale gevolg word in die hantering van geskille.

17.2 Leierskap

Die wyse waarop leiers in die gemeenskap geïdentifiseer of verkies word, word in tabel 125 uiteengesit.

Tabel 125: Aantal huishoudings wat die onderskeie wyses van identifisering van gemeenskapsleiers ondersteun.

| Wyse waarop gemeenskapsleier geïdentifiseer word | N | % |
|---|-----|-------|
| Tradisionele metode: dit wil sê volgens hoofmanskap | 1 | 0,8 |
| Vrye demokratiese verkiesing | 91 | 72,2 |
| Druk deur minderheidsgroep(e) | 0 | 0 |
| Druk deur meerderheidskonsensus | 34 | 27,0 |
| TOTAAL | 126 | 100,0 |

Uit tabel 125 blyk dit dat die meerderheid, nl. 91 (72,2%), dit eens is dat leiers deur 'n vrye demokratiese proses verkies word. 'n Tweede groep, nl. 34 (27%), beskou die metode van identifisering van 'n gemeenskapsleier as 'n konsensusproses. Een respondēt (0,8%) het aangedui dat die

tradisionele metode toegepas word. By nadere ondersoek is bepaal dat die een respondent 'n bejaarde man is en dat sy mening waarskynlik op die verlede gegrond is. Dit is ook bekend dat die gemeenskap die tradisionele hoofmanskap ens. reeds verwerp het. Verdere ondersoek het ook laat blyk dat die wyse van identifisering van 'n gemeenskapsleier 'n kombinasie van bespreking tot 'n punt van konsensus is wat dan deur 'n demokratiese verkiesing gevolg word.

17.3 Vlak van Tevredenheid

Die vlak van tevredenheid van gemeenskapslede word in tabel 126 uiteengesit.

Tabel 126: Aantal huishoudings volgens die vlak van tevredenheid met die omstandighede in die gemeenskap.

| Vlak van tevredenheid | N | % |
|---|-----|-------|
| Geheel en al tevrede; geen verandering is nodig nie | 27 | 21,4 |
| Redelik tevrede, maar sekere veranderinge is nodig | 40 | 31,7 |
| Nie tevrede nie; omstandighede sal drasties moet verander | 59 | 46,8 |
| TOTAAL | 126 | 100,0 |

Uit tabel 126 blyk dit dat die meerderheid, nl. 59 (46,8%), ontevrede is met die huidige omstandighede in die gemeenskap, terwyl 40 (31,7) redelik tevrede is, maar sekere veranderinge nodig ag. 'n Minderheid van 27 (21,4%) sê hulle is geheel en al tevrede en ag geen veranderinge nodig nie. Hieruit word afgelei dat die grootste gedeelte van die gemeenskap verandering nodig ag, van 'n mindere tot 'n meerdere (drastiese) mate.

17.4 Samevatting en gevolgtrekkings

17.4.1 Alhoewel die gemeenskapslede gereeld funksies bywoon, sluit dit hoofsaaklik gemeenskapsbyeenkomste, soos onder meer gemeenskapsvergaderings, tradisionele byeenkomste, skoolvergaderings en kerklike byeenkomste in, terwyl weinig aktiwiteite rondom sosiale byeenkomste en vermaaklikheid plaasvind.

17.4.2 Die gemeenskapslede se kommunikasie is hoofsaaklik 'n oop sisteem waar almal vryelik met mekaar kommunikeer, terwyl daar in sekere situasies 'n meer geslote sisteem in werking blyk te tree waar tradisionele patrone wat meer voorskriftelik is, gevolg word.


- 17.4.3 Dit blyk dat geskille so ver moontlik deur die hoof van die huishouding en/of sy gade hanteer word, asook deur die gesin / huishouding as geheel. Daar blyk geen duidelike neiging te wees nie, maar die gebruike in hierdie verband blyk tog meer verwesters / gemoderniseer te wees.
- 17.4.4 Wanneer geskille nie binne die huishouding opgelos kan word nie, wend so 'n huishouding hom hoofsaaklik tot familie-lede of die natuurlike opvolger van die hoof van die huishouding. Die gemeenskapsleier speel 'n pertinente rol en dit kan geïnterpreteer word as dat dit òf terugwys na die meer tradisionele gebruik om die hoofman te nader, òf dat die huidige gemeenskapsleier hoë aansien in die gemeenskap geniet.
- 17.4.5 Leiers word deur 'n kombinasie van bespreking tot 'n punt van konsensus en daarna deur 'n demokraties verkiesing geïdentifiseer. Dit blyk dat die tradisionele sisteem van hoofmanskap verwerp is.
- 17.4.6 Die grootste deel van die gemeenskap blyk van mening te wees dat verandering tot 'n mindere of meerdere (drastiese) mate nodig is, met die groter gedeelte hiervan wat meen dat drastiese veranderinge nodig is.

18. **Behoeftebepaling.**

Al die voorafgaande inligting wat deur middel van die empiriese navorsing bekom is, was nie net om 'n data-basis op te stel nie, maar onder meer ook om die respondent te prikkel om oor die realiteite en sy omstandighede na te dink ten einde behoeftes op 'n meer realistiese basis te kan identifiseer. Hierdie behoeftes is in prioriteitvolgorde van elke respondent gelys, sodat gewig daaraan geheg kon word en die behoeftes dan in verhouding teenoor mekaar geplaas kon word. Alhoewel 23 behoeftes geïdentifiseer is, kon die waardes van net 14 sinvol bereken word en is dit in 'n grafiek aangetoon. Die ander 9 behoeftes word slegs vir kennisname gelys.

Die 14 geprioritiseerde behoeftes word in grafiek 7 uiteengesit.

VALUERINGSKAAL



Sleutel tot die grafiek

